

Inhoud Contents

Kan 'n mens dit ooit kunst noem?	JJ Snyman	1
The end of (some) ideologies	PJ van Veuren	29
Discourse and counter-discourse – a reading of the discourse on 'People's education for people's power'	D Sarinjeive	45
Justice and disabled people	HPP Lötter	56
Winkelverspreiding in landelike Qwaqwa: 'n Geografiese analise	WC Els	72
Jules Verne: Mapping out three extraordinary African novels	N Morgan	97
Die plek en funksie van die sogenaamde historiese inleiding (1 - 4) in die boek Deuteronomium	MHO Kloppers	112
Enkele tendense in die debat oor die teologie van die Ou Testament	SD Snyman	126
Die metanofese organisasie: elikser of hersenskim?	CL Bester	139
Die grammatikale status van die bepaalde lidwoord in verbinding met akronieme met eienaamstatus	Botha	154

Acta Academica
1991:23(4)

Uitgegee deur die
Publikasiekomitee
van die Universiteit van
die Oranje-Vrystaat

ISSN 0587-2405

© Kopiereg
UOVS
Bloemfontein
1991

Uitleg en setwerk: MCH
in *MS-Word 5.5* en
Venura Publisher 3.0

Johan Snyman

Kan 'n mens dit ooit kuns noem?

Oor die probleem van 'n definisie van kuns

Samevatting

Die sogenaamde institusionele teorieë oor kuns is interessante pogings in die analitiese filosofie om onder die dekmantel van 'n poging om kuns te definieer, in die reïne te kom met 'n baie wesentlike trek van moderne kuns, naamlik om sy eie geskiedenis in homself op te neem. Hierdie poging van die analitiese filosofie slaag egter nie, en daar word voorgestel dat 'n begrip oor artistieke materiaal ontwikkel word om voorsiening te maak vir die verklaring van die sosio-historiese dimensie van (moderne) kuns.

How can one ever call it art?
On the problem of a definition of art

The so-called institutional theories of art are interesting attempts within the analytical philosophical tradition to come to terms with an essential characteristic of modern art, viz. its way of interiorizing its own history. Analytical aesthetics does this under the guise of a definition of art. This attempt, however, does not meet with success, and it is suggested that a concept of artistic material be developed to provide for the explanation of the socio-historic dimension of (modern) art.

*Prof JJ Snyman, Departement Filosofie
Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524, Johannesburg 2000*


*How can surprise survive
the ordeal of familiarity?*
- Peter Kivy (1988:54)

The definition of art does indeed
depend on what art once was, but it
must also take into account what has
become of art and what might possibly
become of it in the future.
- Theodor Adorno (1984:3)


As dit vandag 'n vanselfsprekendheid geword het dat niks meer in die kuns vanselfsprekend is nie (Adorno 1972:9), hoe beantwoord 'n mens die vraag: wat is kuns? Hierdie vraag het vandag 'n ekstra kinkel of twee omdat

[a] persistent feature of the last hundred and more years of art history has been the seasonal recurrence of what Ian Dunlop has labelled *The Shock of the New*. On any number of occasions during this period the artworld has been shocked by the appearance of avant garde movements that have seemed to challenge artistic traditions and prevailing conceptions of art (Tilghman 1984:71).

Die gevolg is dat 'n mens ook nie net vra: wat is kuns? nie, dog eerder skepties soos in die titel van Tilghman se boek: maar is dit kuns? 'n Mens begin self wonder oor jou definisie van kuns as jy na 'n tyd in jou omgewing van 'n voorwerp begin bewus word dat dit iets anders as rommel moet wees, en op 'n dag van naby gaan kyk (Afbeclding 1).



Afbeclding 1



Afbeelding 2

By nog nadere toesien blyk dat hierdie voorwerp aan die muur vasgebout is (Afbeelding 2), wat jou tot die gevolgtrekking laat kom: dit móét een of ander kunswerk wees, want waarom sal mense die moeite doen om hierdie materiaal vas te bout? Watter ander verklaring kan daar wees as dat klaarblyklike nutteloze materiaal vasgebout aan 'n muur een of ander soort kunswerk moet wees, veral as 'n mens teen hierdie tyd ook al begin gewoon geraak het aan eksentrieke maniere van doen? 'n Verdere gevolgtrekking word gemaak: dit wat nou al die gebruikelike ongebruikelike is, kan niks anders as kuns wees nie.

Kom 'n mens terug op die redenasie in verband met die kunskarakter van hierdie ongewone voorwerp, dan vra 'n mens jouself af: wat maak hierdie 'kunswerk' 'n kunswerk? Die redes wat aangevoer is, naamlik sy vasbouery en sy snaakse, ongewone hantering van afvalmateriaal kan tog nie die motivering wees dat ek dit in dieselfde kategorie plaas as Rembrandt se *Nagwag* of Rodin se *Burgers van Calais* nie?

Een van die eerste positiewe antwoorde op vrae soos dié hierbo was Ortega y Gasset se *The dehumanization of art* van 1925. Sy betoog kom neer op paradoksale tiperings, soos die volgende:


Instead of deriding other persons or things - without a victim no comedy - the new art ridicules art itself. [...] Thanks to this suicidal gesture art continues to be art, its self-negation miraculously bringing about its preservation and triumph (Ortega y Gasset 1968[1925]:48).

Sulke paradokse vertel 'n mens baie min waarom 'gederealiseerde voorwerpe' of 'ultra-objekte' soos wat die Dadaïste gelewer het, wel nog tot die kategorie van voorwerpe wat as kunswerke deurgaan, behoort. Behalwe dat dit miskien suggereer dat om hierdie anti-kunsvoorwerpe te verstaan, moet 'n mens


hulle as die ironiese teendeel van kunsvoorwerpe verstaan. Maar selfs so 'n suggestie ontwyk die vraag van 'n definisie van kuns met 'n dialektiese spel van teenstellings. Waarom word Duchamp se *Fontein* (Afbeelding 3) in kunsgeskiedenis-handboeke opgeneem en Picasso se *assemblage* van 'n ou fietssael en -handvatsels, *Kop van 'n bul* - (Afbeelding 4), as 'n beeldhouwerk gereken, terwyl wat loodgieters en fietshandelaars in hulle onderskeie winkels met sulke voorwerpe aanvang, niemand as 'kunswerke' opval nie? Lê die rede vir kunswerkees dalk nog altyd in oorspronklikheid (die ou wat dit eerste doen, kan aanspraak maak op oorspronklikheid, en dus op kunstenaarskap)? Of lê dit in eksentriekheid (die ou wat die eerste daarin kan slaag om in plaas van die gewone die ongewone te doen)?

Om hierdie vrae te beantwoord, sal die volgende roete gevolg word:

'n Eerste poging om antwoord te gee op die vraag na 'n definisie van kuns, dié van Morris Weitz, word aan die orde gestel (1). Uit die tekortkomings van hierdie poging van Weitz word duidelik waarom iets soos 'n institusionele teorie nodig word (2 en 3). Die implikasies van hierdie teorie vir die vraagstuk van die definiëring van kuns word vervolgens geskets (4), waarna die onopgeloste vrae van die institusionele teorie aan die orde gestel word (5). Een van die onopgeloste vrae van hierdie teorie is dié oor artefaktualiteit, en dit word deur middel van bepaalde opvattinge van Adorno opgeneem (6) en in die rigting van 'n



Afbeelding 3



Afbeelding 4

semantiese teorie oor die kunswerk ontwikkel (7). Die uitdaging wat avant-garde kunswerke aan 'n estetika stel, word hierna in terme van die nuutgewonne insigte van 'n semantiese teorie verduidelik (8), waarna met 'n evaluering van die bydrae van avant-garde kunswerke tot die problematiek van die definiëring van 'n kunswerk afgesluit word.

1

Met die snelle opeenvolging van -ismes wat die kunstewêreld die afgelope eeu beleef het, tesame met 'n baie opsetlike ontestetiseringsprogram en 'n poging om die grens tussen kuns en nie-kuns of die 'wêreld' uit te wis, is dit amper te verstane dat 'n soort relativisme die maklikste uitkomst gebied het. Ontwikkelings in die kunste het enige vorm van begrip daarvan voortdurend uitgedaag. Dit was asof die tradisionele kategorieë die nuwe verwickelinge nie kon

hanteer deur dit te beskryf en te verklaar nie. "Anything goes" het na 'n oplossing by wyse van toegewing gelyk, en 'n definisie van kuns is daarom nie moontlik nie, sou 'n mens amper kon sê. Morris Weitz (1970[1956]) het so 'n standpunt hieroor ingeneem en dit het in die analitiese filosofie vir 'n taamlike lang tyd die toon aangegee.

Weitz redeneer dat estетици met die een definisie na die ander gekom het as 'n vasvat van die essensie van kuns: dan is kuns ekspressie, dan weer "significant form", dan weer abstraksie. En elke keer word eintlik net 'n bepaalde aspek van kuns in 'n begrip omlin. Om 'n dinamiese verskynsel soos kuns te definieer, is iets wat logies tot mislukking gedoem is. Neem nou maar as voorbeeld die roman. Uiteindelik het dit geen sin om parameters vas te stel vir wat 'n roman sou wees nie, want die kreatiewe kunstenaar verskuif die parameters en die definisie werk nie meer nie. Volgens Weitz is dit 'n baie gesonder benadering om liever te aanvaar dat die konsep van 'n roman - en gevolglik ook die konsep van kuns - 'n oop konsep is (Weitz 1970:176). Dan kan 'n mens ten minste met vernuwing rekening hou en die gevaar van 'n kanoniserings van verwerklikte moontlikhede in die voortbrengs van kuns ten koste van onverkende aspekte vermy. Maar wat bly dan oor vir kunsfilosofie? Weitz (1970:177-180) fluktureer tussen twee moontlikhede.

Eerstens: "The primary task of aesthetics is not to seek a theory but to elucidate the concept of art. Specifically, it is to describe the conditions under which we employ the concept correctly. [...] What, then, is the logic of 'X is a work of art?'" Tweedens: "To understand the role of aesthetic theory is not to conceive it as definition, logically doomed to failure, but to read it as summaries of seriously made recommendations to attend in certain ways to certain features of art."

Kunsfilosofie is aan die een kant 'n terapeut van ons taalgebruik oor kuns. Dit maak nie alleen duidelik of ons die begrip 'kuns' reg gebruik nie (wat dit ook al mag inhou volgens Weitz, want hy lig ons nie verder omtrent hierdie 'logika' in nie), maar - en dit is die belangrike implikasie - uit 'n beskrywing van die algemene gebruik van die term 'kuns' sal ons kan agterkom wat die klassifikatoriese kriteria is wat gebruik word wanneer die term kuns, op watter idiosinkratische manier ook al, gebruik word om te onderskei tussen kuns en nie-kuns. Daarmee, so vertrou Weitz, sal 'n nie-voorskriftelike ofte wel 'n nie-normatiewe teorie oor kunsbegrippe tot stand kan kom.

Aan die ander kant verlaat dit tog die grense van die meta-taalsfeer (ons praat oor ons gepraatery oor kuns) en word kunsfilosofie 'n gids by die ervaring van kuns: die pogings tot definiering van kuns is eintlik raad aan die persoon wat met kunswerke omgaan oor waarna hy/sy moet oplet. Kunsfilosofie sorg vir 'n geïnformeerde kyk of aanhoor van kunswerke. In hierdie sin lewer kunsfilosofie dus 'n teorie oor die identifisering van die kuns-aard van kunswerke, dit wil sê 'n soort voorskriftelike, normatiewe teorie oor kuns as sodanig. Ons het so 'n teorie



Afbeelding 5

oor kuns nodig ter wille van die herkenning daarvan (Lüdeking 1988b:5-6).

Op die oog af lyk Weitz dan asof hy dit kan bekostig om nog baie ruimhartig teenoor kunswisdom te wees, ten spyte van die onvermydelike mislukking van elke poging om kuns te definieer. Tog haper daar duidelik iets aan sy voorstel. Weitz reken dat sy taakstelling van 'n beskrywing van die 'logika van die kunsbegrip' en die begeleiding van die estetiese waarneming naatloos in mekaar oorloop. Maar so maklik is dit ook nie. Sy voorstel wil 'n nie-normatiewe teorie oor kunskonsepte en 'n normatiewe teorie oor kuns met mekaar laat versmelt.

Dit verklaar dan waarskynlik die groot leemte in hierdie siening van die rol van estetika. Dit stel alleen dat estetika die rol van die begeleiding van die taalgebruik oor kuns en van die waarneming van kuns kan vervul. Maar dit gee geen verdere teorie oor waarvoor ek op die uitkyk moet wees as ek Warhol se *Brillo Boxes* (Afbeelding 5) in die Musée de l'Art Moderne in Parys bekyk ten einde agter te kom waarom Warhol s'n en nie die vervaardiger s'n nie in die versameling van moderne kuns opgeneem is. 'n Mens sou kon argumenteer dat



Afbeelding 6

die regverdiging van die aankope die museumdirekteur se probleem is. Maar die probleem bly, en dit word veral deur die avant-garde kuns gestel: as daar nie meer ooglopende estetiese eienskappe in die voorwerp is nie, wat maak dat dit nog steeds geklassifiseer word binne die klas van voorwerpe wat in kunsmuseums opgeneem word, en hoe moet daarna gekyk (of geluister) word op 'n

manier wat daarby pas én wat verskillend is van die omgangswyse met hierdie voorwerp wanneer dit nie 'n 'kunswerk' is nie (Tilghman 1984:70). Hoe identifiseer ek 'n voorwerp as kuns as dit op die oog af nie te onderskei is van 'n soortgelyke voorwerp in die alledaagse omgang nie? Wanneer slaap 'n mens in Rauschenberg se bed en wanneer skryf 'n mens 'n kunsresensie oor Rauschenberg se *Bed* (Afbeelding 6)? Hoekom is Rauschenberg se bed/*Bed* 'n kunswerk, maar die een waarop ek slaap, nie?

2

'n Mens kan van die vrae wat hierbo gevra is, afsien en met 'n mening volstaan dat hierdie eienaardighede dinge is wat onder die dekmantel van kuns gebeur. Dan het 'n mens die opvatting dat hier 'n bedrogspel aan die gang is waarvoor die goeie naam van kuns misbruik word. Kuns veronderstel 'n sekere mate van begaafdheid waarmee 'n sekere mate van onbegrypbaarheid saamgaan. Wat dan as kuns gelewer word, is dus nie altyd verstaanbaar nie, maar die publiek vertrou dat dit iets is wat die moeite werd moet wees. En waar die publiek dan sy twyfel begin kry oor die gehalte van dinge wat onder die naam van kuns deurgaan - die soort ding wat eintlik deur 'enige aap' gemaak kan word -, word die kunswêreld verdink van 'n swendelary deur 'n kiek. Een ding is egter duidelik: al wil dit vir Jan Publiek lyk of enige aap iets op 'n uitstalling kan sit, en dat die reël waarskynlik is dat "anything goes", is toegang tot die kunswêreld nie so oop vir enige aap nie. Dit is nie enigeen wat sommer sy/haar bed as 'n besondere kunswerk erken kan kry, en dan nog boonop opgeneem laat word in boeke oor kunsgeskiedenis nie. Hier is meganismes aan die werk wat toegang tot die kunswêreld beheer en rolle daarbinne bepaal - wat, hoe eksentriek of kliekerig hulle ook al mag wees, tog ook aandag verdien. Dalk kom 'n mens hierdeur op die spoor van 'n leidraad om die vraag: wat is kuns? te beantwoord, al mag dit dan selfs wees dat die hele besigheid 'n goed beheerde blufspel is. Die raaisel is dan ten minste geen raaisel meer nie.

Dit is die rigting wat die sogenaamde institusionele teorie oor kuns inslaan - teen Weitz, en teen 'n dreigende relativisme in. Institusionele teorieë oor kuns is die analitiese filosofie se poging om teoreties oor die weg te kom met ontwikkelings en vernuwings in die kuns. Waar die analitiese filosofie gekenmerk word deur 'n ahistoriese benadering van die gebruik van taal (die soort taal wat gebesig word oor sake wat filosofiese opheldering vra, is klasloos, geslagloos, tydloos en plekloos, en klas, geslag, tyd en plek sê niks oor die betekenis van die taal in daardie kontekste nie), wil die institusionele teorie oor kuns hierdie tekortkoming regstel terwyl dit aan die middele van die analitiese filosofie bly vashou, naamlik om ten minste uit te gaan van die verhelderende analise van taalgebruik oor kuns. Institusionele teorieë begryp dat die poging tot 'n ver-

meende algemeenheid, deur nie-normatief 'n beskrywende inventaris van taalgebruik oor kuns op te stel, misluk en uiteindelik niks sê oor hoe kuns in die omgang 'werk' en 'optree' nie. 'n Inventaris van taalgebruik oor kuns moet, in die institusionele teorieë se hantering daarvan, kan verklaar wat in kuns die geval is, onder andere deur die inventaris te verruim. Nie net die praat oor kunswerke moet aandag geniet nie, maar ook die praat oor die samehange waarbinne kunswerke optree: die kunstewêreld, kuns in die wêreld, en die wêreld in kuns. George Dickie (1984:7), die vader van die sogenoemde institusionele teorie, stel eksplisiet dat "[t]he institutional theory is, then, a kind of *contextual* theory". Janet Wolff (1983:79) tipeer hierdie aksentverskuiwing as "abandon[ing] the field of pure philosophy, and incorporat[ing] the contingent and the social into [the] analysis".

Die institusionele teorie is dus ook 'n poging om die ouer benadering van die sogenaamde outonome kunswerk te deurbreek. Die wyse waarop hierdie benadering in 'n metode omskep is deur die positiviste, het die instelling gevestig dat ons 'kyk' na 'n kunswerk geheel en al deur die kunswerk self gelei word. Daar is nie die geringste vermoede dat ons 'n versweë en dikwels sosiaal bepaalde vooraf-konsensus kan of moet hê dat die ding waarna gekyk word 'n kunswerk is, soos een 'optree' en soos een behandel moet word nie. (Byvoorbeeld dat dit iets kosbaars of iets van groot waarde is, dat dit uniek of voorbeeldig is, dat 'n mens leidrade, herhalings en variasies, eenheid in die verskeidenheid soek; 'n spel met die aangebode gegewens speel; 'weet' dat dit slegs 'asof' is en nie werklik nie; dat die ontknoping êrens aan die einde is en jou tog oophou vir die verrassing van 'n afwyking van hierdie patroon; en dergelike meer.) Dit is soos Danto (1981:59) sê: om te sê dat 'n mens kuns kan beskryf in terme van Wittgenstein se "family resemblances" deur te "look and see" is amper ontstellend sleg gekose woorde, omdat dit in der waarheid nie sommer net vir "look and see" is nie, maar eerder 'n geval van "in some sense an exercise of recognitional skills" - waarvoor 'n sekere soort vooraf-kennis nodig is.

Hierteenoor staan die institusionele benadering. Wat 'n kunswerk is, kan 'n mens eers agterkom uit sy funksie binne 'n bepaalde konteks of instelling ("institution"). Intussen spook die outonomie-tese in sy positivistiese gedaante nog steeds by hierdie nuwe teorie: die instelling waarna verwys word, is die kunstewêreld - 'n outonome sfeer van kunstenaars, die kunstpubliek, produsente, bemerkers en handelaars van verskillende slag, museum personeel en intellektueles uit verskeie oorde. Hierdie 'kringloop' word as afgeslote beskou, en sy inkapseling in wyer samehange (byvoorbeeld in die verbruikerskonteks of die markmeganisme) figureer glad nie by voorstaanders van hierdie teorie nie, met die gevolg dat 'n mens hierdie teorie kwalik van 'n sosiologie van die kuns - altans nie 'n volwaardige een nie - kan verdink, en die meer radikale pendante daarvan, naamlik dat kuns een of ander sosio-kulturele mag is, val hoegenaamd nie binne die horison van hierdie soort teorie nie.

Wat het die institusionele teorie oor kuns vir ons oor kuns te sê? Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie teorie ontwerp is om gevalle teoreties te hanteer waar daar sogenaamde paradigmaterskuiwings in die kuns voorkom - dié tipe voorwerpe of aksies wat ons vertroude of goed gevestigde opvattinge oor wat kuns is, en die vanselfsprekendheid daarvan, uitdaag. Soos Weitz se opvatting oor definiering van kuns, wil hierdie benadering ook die onophoudelike vernouing van kuns, so kenmerkend van die situasie van kuns in hierdie eeu, ernstig neem. Om te vergemaklik, sal ek as paradigma van paradigmaterskuiwings bly praat in terme van Duchamp se *Fontein* (Afbeelding 3). 'n Mens sou kon beweer dat hierdie werk van Duchamp die estetika uitgedaag het soos weinig werke voor hom. Dit beteken egter nie dieselfde as om te sê dat Duchamp se *Fontein* die uitdagendste kunswerk is wat daar op die aarde is nie. Die uitdaging van Duchamp se *Fontein* lê daarin dat dit die vanselfsprekendheid van 'n definisie van 'n kunswerk bevraagteken terwyl dit die seggingsmiddele van die kuns gebruik om hierdie vraagstuk te problematiseer.

3

As ons van 'n kunswerk praat, so sê die institusionele teorie, is dit goed om te onderskei tussen die verskillende betekenisse waarin ons die begrip 'kunswerk' gebruik. Daar is ten minste drie (Sclafani 1970:105-108 soos aangehaal deur Dickie 1974:24-25): die klassifikatoriese sin waarin die begrip 'kunswerk' gebruik word; 'n afgeleide betekenis; en 'n evaluatiewe betekenis.

Volgens die klassifikatoriese betekenis praat ons van kunswerke as spesifieke soort artefakte - hulle gemaak-wees is 'n onontbeerlike voorwaarde vir hulle uitkenning. Verder hou 'n mens in hierdie geval sekere standaardvoorbeelde ("paradigm cases") en hulle eienskappe voor oë om te bepaal wat word in die klas van kunswerke ingesluit en wat moet buite bly. In die afgeleide sin, en slegs in die afgeleide sin, is dryfhout wat op die strand opgetel word, 'n kunswerk, omdat dit vir die vinder en beskouer daarvan deel in sommige eienskappe van 'n kunswerk in die klassifikatoriese sin, byvoorbeeld dat dit 'n bepaalde vorm, tekstuur en rangskikking van onderdele vertoon. Dit mis egter die deurslaggewende eienskap van artefaktualiteit. Iets is 'n kunswerk in 'n evaluatiewe sin wanneer dit byvoorbeeld aangeprys of om een of ander rede aanbeveel word, soos in die sin van 'hierdie gereg is 'n kunswerk' of 'hierdie toneel is prettiefmooi'.

Nou beweer die institusionele teorie dat Duchamp se *Fontein* 'n kunswerk in die klassifikatoriese sin is. Is dit nie 'n bietjie dik vir 'n daalder nie? Dat dit 'n "paradigm case" is, weet 'n mens met die agternawysheid van die kunsgeskiedenis. Maar watter teoretiese gronde kan daarvoor aangevoer word? Want een van die onontbeerlike voorwaardes van 'n kunswerk in hierdie sin, naamlik artefaktualiteit, word deur hierdie 'voorwerp' van Duchamp uitgedaag: dit is 'n blote

urinebak uit 'n manskleedkamer wat Duchamp herdoop en op 'n voetstuk op 'n uitstalling geplaas het. Soos wat beeldhouwerke in die handel en wandel kom, het Duchamp geen vinger gelig om hierdie ding te maak nie. Van vakmanskap in die tradisionele sin is hier geen sprake nie. Hoe klop Dickie se teorie dan nou?

Dickie (1974:34) sê dat Duchamp se *Fontein* 'n kunswerk - in die klassifikatoriese sin - is omdat Duchamp hierdie voorwerp tot 'n kunswerk gemaak het deur aan sekere aspekte daarvan die status toe te ken van 'n "candidate for appreciation". Kunswerke ontstaan dus, onder andere uit alledaagse voorwerpe, deurdat hulle 'n ander status - rol of funksie - toegegee kry: "[...S]o an artifact can acquire the status of candidate for appreciation within the social system called 'the art-world'". Met die gevolg dat dit "the institutional structure" is "in which the art object is embedded, not different kinds of appreciation" wat die verskil maak tussen die waardering van kuns en nie-kuns.

Dickie beroep hom op die regsfeer vir ondersteuning van sy argument, byvoorbeeld as iemand tot ridder geslaan word, of as twee persone tot man en vrou verklaar word. Die statusverandering bring mee dat hierdie persone nou anders bejeën word en daarom ander funksies vervul. Hulle rolle is deur die wysiging in hulle status verander. ('n Mevrouw mag haar nie meer sonder meer die attenties van mans - in 'n manlik gedomineerde wêreld, bygesê - laat welgeval nie.) Dickie is die eerste om toe te gee dat hier 'n kompliserende verskil in die ooreenkoms is. In die regsfeer is die prosedures en die vereistes vir 'n bepaalde status kodifiseerbaar en gekodifiseer, terwyl die kunstwêreld uit 'n "loosely organized, but nevertheless related, set of persons" bestaan. So los en informeel is hierdie sfeer, teenoor die regsfeer, dat "every person who sees himself as a member of the artworld is thereby a member" (Dickie 1974:35-36). Maar as die kunstwêreld só oop en demokraties is (iets wat die professionele afguns van die regsberoep sekerlik nooit sal toelaat nie), word Dickie se teorie nie nou net 'n omhaal van woorde waaragter "anything goes" verberg word nie?

Dickie gooi wal met Arthur Danto se konsep van 'n "artworld" (Danto 1964:580): "To see something as art requires something the eye cannot decry - an atmosphere of artistic theory, a knowledge of the history of art: an artworld". Dit is Danto se kontensie dat iets slegs as 'n kunswerk waargeneem kan word as 'n mens bewus of onbewus die konsepte oor kunswerke en die daarmee gepaardgaande aktiwiteite (insluitend gedragswyse) onderskryf. Soos in die geskiedenis van die natuurwetenskappe is ook die waarneming van kuns teoriegelaai, en die voorkoms van nuwe kunsvorme is nie soseer 'n stylrevolusie nie as wat dit die hersiening van teoretiese konsepte is wat hierdie nuwe kunswerke sowel as hulle waarneming moontlik maak (Danto 1964:573). Met ander woorde: die status van 'n sekere voorwerp as kunswerk word volgens Danto bepaal deur die konseptuele raamwerk waarbinne dit 'uitgedink', gemaak en uiteindelik aangebied word, en hierdie raamwerk is geïnstitusioneel in die "artworld" (hoe dit gebeur, sê Danto nie). Dit moet dan beteken, so kan 'n mens aflei, dat die

kunswêreld 'n tipe instelling is wat bestaan uit 'n reeks of stelsel van afsprake (konvensies) tussen ten minste die kunswerk en die publiek, miskien deur bemiddeling van die kunskritikus, en wat voorts bepaal wat funksioneer of figureer as kuns. Dit is dan waarskynlik die rede waarom Dickie in sy verdediging van die institusionele opset van kuns verwys na teaterkonvensies. Alle rolle in die kunswêreld, so sê hy, is geïnstitusioneel en moet op een of ander wyse aangeleer word. Vanweë hierdie aanleerkwessie, so maak 'n mens die gevolgtrekking, is die betekenis van 'n teoretiese raamwerk so belangrik: "For example, a theatergoer is not just someone who happens to enter a theater; he is a person who enters with certain expectations and knowledge about what he will experience and an understanding of how he should behave in the face of what he will experience" (Dickie 1974:36).

4

Oor twee sake kan ons ons eie afleidings maak uit die gegewens tot dusver: oor die opset van wat Dickie die kunswêreld noem, en oor wat die 'goed' of dinge is wat in hierdie wêreld figureer.

Eerstens dan: wat kan ons onder die kunswêreld verstaan? 'n Sfeer in die lewe van 'n gemeenskap wat op 'n baie informele, en daarom selfs arbitrêre wyse, afsprake met die deelnemende lede van daardie sfeer maak oor die produksie en verbruik van voorwerpe wat kunswerke heet. Hierdie afsprake word geïnstitusioneel, dit is vir korter of langer tye gestabiliseer in style, modes, skole of deur die *caveat* wat galerye, museums of gehore selfs implisiet aan kunswerke verleen deur hulle uit te stal of deur op hulle te reageer. Die meeste wat hierdie teorie sê, is *dat* daar so 'n netwerk is waarbinne kuns voortgebring word en figureer. Hoe hierdie netwerk inmeekaarsteek, word nie nader verduidelik nie behalwe dat Dickie (1974:35-36) sê dat daar 'n "core personnel" is, bestaande uit onder meer "artists (understood to refer to painters, writers, composers), producers, museum directors, museum-goers, theater-goers, reporters for newspapers, critics for publications of all sorts, art historians, art theorists, philosophers of art, and others" wat op een of ander wyse binne die verskillende kunsoorte wat as "framework(s) for the *presenting* of particular works of art" optree, die status van kunswerk aan die aangebode produk verleen.

Tweedens: wat is 'n kunswerk dan? Hier begin die tekortkomings van die institusionele teorie - soos Dickie dit formuleer - wys. Die beste wat 'n mens kan sê, is dat kunswerke dinge is wat gemaak is om volgens die vereistes van die "framework for the presenting of particular works of art" te funksioneer. Of soos Dickie (1974:30-32) dit self sê: "Plays are written to have a place in the theater system." Deur na die kunswerk in sy "institutional setting" te kyk, word ons bewus van sy "institutional essence" as sy mees fundamentele "non-ex-

hibited property", naamlik sy *status* as kunswerk.

Afgesien van die sirkulêre aard van hierdie siening - iets waarvan Dickie (1974:43) bewus is, maar dit is volgens hom nie "visciously" nie omdat daar voldoende inligting gegee word, is hier ook 'n teenstrydigheid in die aanbieding. Dickie wil wegkom van empiries waarneembare eienskappe wat kunswerke tot kunswerke stempel, maar al waarna hy 'n mens verwys as hy dit het oor die sogenaamde institusionele essensie van kuns, is om na die empiries waarneembare eienskappe van die subsisteme van kuns te gaan kyk, soos byvoorbeeld die teater wat op een of ander wyse 'n verdeling tussen voor en agter die voetligte impliseer.

Wat volgens hom die institusionele essensie van kunswerke die beste illustreer, is juis iets soos Duchamp se *Fontein*. Duchamp se 'beeldhouwerk' verkry die status van 'n kunswerk - en dit is die leidraad wat Dickie (1974:33) verskaf - omdat dit as "example of art" "very valuable for art theory" word. Om dit anders te sê: dit is omdat daar 'n bepaalde teorie omtrent kunswerke was, en omdat Duchamp hierdie teorie oor kunswerke wou uitdaag met 'n ander een, dat hy 'n urinebak tot *Fontein* herdoop het en op 'n kunsuitstalling gaan sit. Dickie volg Duchamp se metaforiese herdopingsaksie op, en noem dit die aktiviteit van statusverlening.

5

Die vraag is egter of die metafoer van statusverlening 'n goeie metafoer is en ons help om te verstaan wat kuns is. Dickie erken in die hersiene weergawe van sy teorie in 1984 dat dit inderdaad die geval is (Dickie 1984:10; 12). Saam met Sankowski (1978) wil ek beweer dat dit nie voldoende sê wat die artefaktualiteit van 'n kunswerk impliseer nie: trouens, ek reken dat hierdie metafoer eintlik weglei van die spesifieke artistieke produksieproses en die sogenaamde essensie van kuns. Sankowski (1978:75) maak tereg beswaar teen die ruimheid van Dickie se statusverlening: "A status so easily conferred is doubtfully a status at all." Hierteenoor stel hy dan:

For an object to be a work of art it must be worked on, to a considerable extent freely, and this requires more, than, say, just being transported as a piece of driftwood from beach to home, or being hung at a rakish angle on the wall. For an object to be a work of art it must have perceivable properties internal to it [...] which have been modified by the maker in the process of freely exploring an expressive medium (Sankowski 1978:72).

Miskien vra Sankowski te veel as hy vereis dat daar *waarneembare* kwaliteite moet wees wat (sigbaar?) gemodifiseer moet word alvorens dit aanspraak op kuns kan maak. Maar iets daarvan is tog aanwesig in Duchamp se *Fontein* - wat Dickie nie snap nie, en as gevolg waarvan sy opvatting dat kunswerke juis

kunswerke is omdat hulle die status van kunswerke verleen word, nie oortuig nie. Ted Cohen het Dickie naamlik gekritiseer deur te sê dat iets slegs die status van "a candidate for appreciation" kry as dié voorwerp wel gewaardeer kan word. En wat Duchamp se *Fontein* betref, is dit nie die voorwerp as sodanig wat gewaardeer word nie, maar eerder Duchamp se gebaar (Cohen 1977:192). Hierop verweer Dickie (1974:42) homself soos volg:

I agree that *Fountain* has the significance Cohen attributes to it, namely, that it was a protest against the art of its day. But why cannot the ordinary qualities of *Fountain* - its gleaming white surface, the depth revealed when it reflects images of surrounding objects, its pleasing oval shape - be appreciated. It has qualities similar to those works by Brancusi and Moore which many do not balk at saying they appreciate.

Afgesien van die feit dat Dickie sy eie institusionele teorie van kuns hier trivialiseer deur hom te beroep op tradisionele estetiese eienskappe vir kunswerke soos strelendheid, diepte en dergelike meer - en dan presies dié soort eienskappe wat deur Duchamp se 'kunswerk' buite aksie gestel word -, mis hy die punt wat Danto maak insake die rol van die kunstewêreld in die omgang met kuns, naamlik dat die omgang met kuns gelei word deur teoretiese konsepte. In 'n sekere sin is Dickie se verweer ongeldig. Hy veronderstel 'n waarnemingsgedrag in 'n konteks wat onversoenbaar is met die konteks waarbinne Duchamp sy *Fontein* konsipieer. Dit kan toegeskryf word aan iets wat Dickie oorsien. Hy dink die hele tyd in terme van die instelling wat die kunswerk bepaal - met ander woorde: "establishmentarian", soos Weitz en Lord dit tipeer (Lord 1980:323).

Danto formuleer in 'n latere bespreking van Dickie se teorie dit as twee spesifieke tekortkominge. Die eerste tekortkoming is dat Dickie die estetiese kwaliteite van *Fontein* gelykstel aan die kwaliteite van die materiële voorwerp wat *Fontein* heet. Dit beteken dat *Fontein* eintlik kwaliteite het wat die urinebak as sodanig nie het nie: "[I]t is daring, impudent, irreverent, witty, and clever." Hierteenoor sou niemand van die glansende wit oppervlakte van die urinebak gesê het: "How like Kilimanjaro! How like the white radiance of Eternity! How Artically sublime!" (Danto 1981:93-4).

Hieruit volg die tweede tekortkoming:

What Dickie has overlooked is an ambiguity in the term 'makes' as it occurs in the question: what makes something a work of art? He has emphasized how something gets to be a work of art, which may be institutional, and neglected in favor of aesthetic considerations the question of what qualities constitute an artwork once something is one (Danto 1981:94).

Sulke kritiek dwing 'n mens om die begrip artefaktualiteit weer in oënskou te neem, soos Dickie (1984:12) dan ook toegee:

Another reason for abandoning conferred status of candidacy is the new emphasis on artifactuality. [...] It is the work done in creating an object against the background of the artworld which establishes that object as a

work of art. [...] The only kind of status [...] is achieved by the creative use of a medium.

Maar hierdie uitdiep van die artefaktualiteitsbegrip is nie 'n blote herhaling van ouer teorieë oor die kunsskeppingsproses nie. Dit wil verklaar hoe die bewerking van 'n medium artistiek is en lei tot 'n kunswerk, onderskeie van ander bewerkings van daardie selfde medium (moontlik op dieselfde wyse met gebruikmaking van dieselfde middele) en wat ander voorwerpe met ander funksies tot gevolg het. Wat dus nodig is, is 'n verruimde begrip van Artefaktualiteit.

6

Hoe kan so iets aanneemlik gemaak word? Met artefaktualiteit in die geval van kuns word gesê dat iets - 'materiaal' - deur 'n mens 'bewerk' word 'ten einde iets daarmee te sê'. Die sleutel terme hier is *materiaal*, *bewerk*, en *ten einde te sê*. Materiaal, of artistieke materiaal wat bewerk word, is - soos Adorno (1984:213) sê - alles waarvoor 'n kunstenaar besluite moet neem in die voortbring van 'n kunswerk. Soos wat die aanvanklike blote natuurmateriaal deur die geskiedenis heen op 'n kumulatiewe wyse steeds meer en meer verwerk en georganiseer word, ontstaan artistieke gebruike en idioome waarin gewerk word. So werk die skilder nie net met pigmente nie, maar ook met konvensies waartoe sekere materiale aanleiding gee (fresco-werk, olieverfwerk, spuitverfwerk), asook met die betekenisemoontlikhede wat genres of kunsvorme suggereer (landskapkuns, portretkuns, stillewe).

Die materiaal waarmee die kunstenaar sy vak beoefen, word self op ten minste twee maniere geïnstitutionaliseer. Een manier is, soos reeds gesê, die kwaliteite van die artistieke materiaal wat ontgin en ontwikkel word en wat aanleiding gee tot bepaalde gebruike, wat idioome en konvensies genoem word. 'n Tweede manier is die funksies wat hierdie ontwikkelde gebruike van 'n medium in 'n samelewing kan kry, byvoorbeeld dat purpur die kleur van konings is, en dat marmer vanweë sy hardheid en fynheid van tekstuur geskik is vir monumentale voorstellings. Hierdie tweede wyse van institutionalisering werk op die eerste een terug deurdat dit kan gebeur dat die beperkings wat dit op die kunstenaar lê, 'n probleem word wat in die kuns op 'n artistieke wyse opgelos moet word. 'n Derde wyse van institutionalisering van artistieke materiaal doen hom voor (en hierdie laaste een is 'n baie onlangse een): kuns maak sy eie artistieke probleme tot materiaal van die kuns. In 'n sekere sin handel kuns dus ook oor homself, en sê 'n kunswerk iets oor die bestaan van 'n kunswerk.

Adorno verwys hierna as die sedimentering van die geskiedenis in die kuns. Ek wil nie op Adorno se spesifieke betekenis van die term 'sedimenter' ingaan nie, maar dit eerder losweg soos volg interpreteer. As 'n mens ingaan op die geskiedenis van genres, kom 'n mens dikwels op die sosiale, selfs politieke funksie

van bepaalde vormelemente van daardie genre af. Vir die kunstenaar skep dit 'n artistieke probleem - dikwels dié van die integrasie tot eenheid. Uit die interaksie van sosiale eis en artistieke probleemoplossing ontstaan dikwels 'n estetiese konvensie met sy gepaardgaande artistieke seggingsmoontlikhede.

'n Bekende voorbeeld hiervan is kardinaal Richelieu se 17de-eeuse verordening van 'n interpretasie van Aristoteliëse voorskrifte aan die teater: eenheid van karakter, tyd en plek in die drama het daarop neergekom dat die hofkunstenaar 'n historiese gebeurtenis en die beslissende moment daaraan moes uitbeeld binne die verloop van een dag in een lokaliteit. Wat daaragter gesit het, was doodeenvoudig die beskikbaarheid van tyd vir die koning vir wie se vermaak en stigting hierdie dramas in die eerste plek opgevoer is. Te lang en te gevarieerde dramas kon sy aandag dalk nie gevange hou nie, en die koning durf nie verveel word nie. In die feodale sisteem hang alles af van die besluite van die koning, en daarom is sy gemoedstemming die verantwoordelikheid van die howelinge, veral van die hofnar. En kunstenaars hoort in hierdie politieke orde in die geleedere van die narre. Dit het Corneille en Racine tot vindingryke herinterpretasies van historiese stof gedwing, en die dramatiese aard van konflikte in die tragedie verhoog deur historiese karakters wat mekaar se teenspelers in die werklikheid was, nou in dramatiese jukstaposisie te plaas - anders as in die werklikheid, waar hulle verhoudings met mekaar dikwels bemiddel was.

'n Verdere voorbeeld: Die musikale kanon in koorsang het vir Haydn 'n oplossing gebied met die komponeer van sy misse in opdrag van Prins Esterhazy. Die misse moes nie te uitgebreid en te lank wees nie, want die prins se aandag sou nie so lank by die musiek kon bly nie. Gevolglik het Haydn die langer gedeeltes van die mis gekondenseer deur die koor twee opeenvolgende dele van die liturgiese teks gelyktydig te laat sing. Vandag is dit nie duidelik of Haydn se oorvleuelings van die liturgiese tekste blote musikale pragmatisme was, en of 'n mens musikale meerduidigheid in hierdie oorvleuelings moet bespeur nie. Sou dit betekenisvol wees as *Confiteor in unam baptismam* in kanon saam met *natus est ex Mariae virgine* of *crucifixus, mortuus et sepultus est* gesing word?

Waarmee ons hier te doen het, word êrens deur Adorno (1973:408) die 'eenheid van die probleem' genoem, en Wolterstorff (1980:59-61) praat daarvan as die "interiorizing of the artistic community". Wat daarmee gesê word, is breedweg dat kunstenaars nie bloot volgens resepte van konvensies produseer nie, alans nie in die moderne tyd nie. Hulle reageer op probleme wat hierdie konvensies in die artistieke produksie meebring, en daarmee ook - dikwels onbewus - op die sosiale wortels van hierdie konvensies. Dit impliseer dat die kreatiewe kunstenaar, die Beethovens, die Baudelaires en die Picassos voortdurend peuter met die grense van die betekenis- of funksie moontlikhede van die oorgelewerde stand van sake binne hulle vak. Dit is nie net doodgewoon 'n geval van hulle maak voorwerpe as moontlike "candidates for appreciation", en deur een of ander aksie (publikasie, uitvoering, uitstalling) 'verleen' hulle die

'status' van 'kunswerk' aan hulle maaksels nie.

Om as kunstenaars erkenning te kry, is Beethoven, Baudelaire en Picasso genoodsaak om die grense van die bestaande en erkende kunstwêreld te verskuif, te vernu. Wolterstorff (1980:29) noem dit die teenwerking van die "jading principle", waarmee verwys word onder andere na die effek van die sosiale status van die kunstenaar vandag - die kunstenaar werk nie meer in opdrag van 'n beskermheer nie, en moet dus sy eie gehoor verseker. Die innovering van die kunstenaar as sy reaksie op die probleme van sy 'materiaal' skep dus dikwels nuwe resepsiekonvensies vir sy kunswerke. Dit is waartoe die gehoor by die première van Beethoven se Vierde Klavierkonsert en die publiek by die Dadaïste-uitstalling van 1913 nie bereid was nie. Op 'n bepaalde manier het hierdie werke die "characteristic arrangements and patterns of action whereby works of art are produced in that society, whereby they are made available for the use of members of that society, and whereby members of that society are enabled to make use of them" (Wolterstorff 1980:21), verstuur. Dit het gebeur omdat die kunstenaars nie bloot materiaal in die mees elementêre sin van die woord bewerk het nie, maar ook die hele 'dissiplinêre matriks' waarin hierdie elementêre materiaal as artistieke materiaal funksioneer. Elke nuwe groot kunswerk is - in die taal van Adorno dan - 'n bepaalde negasie van sy voorganger én van die sosiale praktyk waarin dit gewortel is:

This alone is the sense in which tradition is legitimate in art. Every significant art work leaves traces in its material and its technique. Pursuing these traces is the task of modern art - rather than just sniffing out what is in the air. It is the critical element that makes art concrete. The traces in the material and the technique - the points from which qualitatively new works take off - are scars marking the failure of previous artistic creations. By labouring over such scars the new work puts itself in opposition to those who have left them behind. [...] 'One work of art is the mortal enemy of another' (Adorno 1984:52).

Anders, en meer toegespits gesê: die bewerking van artistieke materiaal sluit onder andere die bewerking van die konsep van 'n kunswerk, asook die verwagtingsamengehangte waarbinne dit ontvang word, in. Dit is een aspek van die artefaktualiteitsbegrip wat Dickie uit die oog verloor het, naamlik dat 'n kunswerk self ook konteksskoppend kan wees, en in hierdie proses van konteksskopping die spesifieke wyse waarop 'n kunswerk bestaan, bevraagteken - soos in die geval van Beethoven se Vierde Klavierkonsert byvoorbeeld duidelik geword het.

Om die laaste voorbeeld te verduidelik: Anders as die vorige drie konserte van Beethoven, en anders as wat die genre van die klavierkonsert in die algemeen tot op daardie stadium gebruiklik geag het, laat Beethoven sy vierde klavierkonsert met die solis begin. Weg is die taamlik uitvoerige inleiding deur die orkes voordat die solis 'n intrede maak met 'n tema wat as 'n antwoord op die orkes se inleiding gehoor word. Die solis gee 'n sagte akkoord, die sleutel waarin die werk gehoor moet word (G majeur), waarna die tema deur die klavier aangedui

word voordat die orkes die hele sekwensie herhaal en verder ontwikkel:

The image shows a page of a musical score. At the top, it is marked "Allegro moderato." The instruments listed on the left are Flauto, Oboe, Clarinet in G, Fagot, Corni in G, Pianoforte, Violino I, Violino II, Viola, and Violoncello e Basso. The piano part is marked "piano" and "Allegro moderato." The strings are marked "Allegro moderato." and "pp." (pianissimo). The score consists of multiple staves with musical notation, including notes, rests, and dynamic markings.

Die solis gee dus die toon aan, en is nie meer net bloot die verbesonderde instrument wat in dialoog met die orkes is nie. Musikaal is dit 'n uitdrukking van die erkenning waarop die individu teenoor enige groep en daarom teenoor die geheel van die burgerlike samelewing begin aandring (daarom die skoorvoetende beginakkoord deur die solis in hierdie konsert teenoor die latere selfbewuste en onbeskroomde beginakkoorde van Rachmaninoff se konserte). Dit verander die musikale betekenis van die verhouding tussen solis en orkes, en verg (weliswaar op 'n klein skaal) 'n ander soort luister na die voltrekking van die struktuur van die werk as die voorgaande werke. Hierdie innovering van Beethoven gee onmiddellik reliëf aan die aard van die onmiddellike voorgangers in hierdie genre, en sê as't ware: waarom is dit dan nog altyd so gedoen? Waarom kan dit nie konsekwenter deur die verhouding tussen orkes en solis om te keer nie?

Om saam te vat: die bewerking van artistieke materiaal beteken eintlik die bewerking van drie tipes 'dinge': die bewerking van artistieke materiaal in 'n elementêre sin (die gebruik van die 'medium' soos dit op 'n gegewe stadium in die geskiedenis van die kuns beskikbaar is as pigment, marmar, taal, en dergelike meer), die bewerking van die genre of vorm van die kuns (weer eens soos dit beskikbaar is op 'n gegewe stadium in die geskiedenis van die kuns), en laastens die bewerking van verwagtingshorisonne of kontekste waarin daardie kunswerk waargeneem word.

Tot sover is heelwat oor artistieke materiaal gesê om te verklaar wát dit is wat bewerk word. Maar wat beteken die bewerking van artistieke materiaal?

'n Skilder gebruik nie sommer verf om 'n blom, 'n gesig of selfs sommer net verf te representeer nie. 'n Digter gebruik nie sommer net 'n mooi of 'n spesifieke woord nie, en dieselfde geld vir 'n komponis - hy maak nie sommer net 'n vrolike of 'n treurige wysie nie (om by die aller elementêrste te bly).

Maar as dit wil klink of 'n mens nou met sulke stellings nie anders kan as om tot 'n intensionele teorie van die kunswerk oor te gaan nie, moet daar eers wal gegooi word. 'n Teorie wat wil verklaar waarom iets 'n kunswerk is deur te sê dat dit die bedoeling van die persoon is wat dit gemaak het, is om verskeie redes nie aantreklik nie. Dit is byvoorbeeld te arbitrêr: enigeen kan dan iets maak en sê dat dit bedoel is om 'n kunswerk te wees. Andersins is dit moeilik om 'n bedoeling te agterhaal: hoe identifiseer en ken 'n mens bedoelings, veral as die persoon wat bedoel het, nie altyd teenwoordig kan wees of een of ander boekstaving van die bedoeling nagelaat het nie? 'n Verdere vraag duik dan op: hoe goed ken mense hulle eie bedoelings en hoe betroubaar kan hulle daarvoor praat? (Wat kunstenaars oor hulle eie werk te sê het by wyse van aanduidings vir interpretasie, is dikwels nie baie betroubaar nie.) En in 'n laaste instansie gee 'n intensionele teorie te veel gesag aan die uitspraak van die een wat bedoel. Wie sê die bedoeling is geslaag? Wat van onbedoelde gevolge?

'n Goeie poging om te verduidelik wat die bewerking van artistieke materiaal behels, is die semantiese teorie van kuns. Dit is 'n teorie wat stel dat artistieke materiaal betekenis het as kwaliteite, en dat hierdie kwaliteite van die materiaal op 'n besondere manier deur die kunstenaar geaktiveer word om iets daarmee te sê. Die kunstenaar kommunikeer nie regstreeks deur middel van 'n verbale betoog nie, maar meer indirek deur die gebruikmaking van die kwaliteite van die artistieke materiaal (materiaal in drievoudige sin bedoel as medium, die genre en sy konvensies en laastens die verwagtingshorisonne van 'n moontlike publiek).

Twee opvattinge van Monroe C Beardsley (1982) kan hier as leidrade gebruik word: "[T]he finest qualities of a work of art cannot be imposed on it directly and by fiat; the artist can, after all, only manipulate the elements of the medium so that *they* will make the quality emerge" (1982:261). En: "When the word comes to be used metaphorically in a certain sort of context, then what was previously only a property is made, at least temporarily, into a meaning" (1982:275).

By Beardsley het ons met taalkunswerke te make. 'n Taalkunstenaar bewerk die gegewens van taal tot 'n metafoor. 'n Metafoor is 'n artefakt van die taal. Sekere kwaliteite van woorde - in hierdie geval bepaalde betekenismoontlikhede vir gebruik in sintaktiese verband en wat nie altyd in 'n woordeboek opgeneem

word of hoof opgeneem te wees nie, maar wat tog op 'n manier bekend is (dit word die 'semantiese veld' van 'n woord genoem), asook sekere betekenis-moontlikhede wat deur klankstrukture gesuggereer word, word deur opsetlike jukstaposisie met ander woorde se betekenis-moontlikhede opvallend gemaak. Dit is die manipulasie van "elements of the medium", waardeur 'n "property" 'n "meaning" word.

Wat van die taalkunswerk gesê kan word, geld in 'n sekere sin van ander soorte kunswerke. 'n Mens kan sover gaan as om te sê dat die metafoor as taalartefakt terselfdertyd metafoor van kuns in die algemeen is. Die punt is, soos Danto (1981:172-3) sê: "[T]he artwork is constituted as a transfigurative representation. [...] To understand the artwork is to grasp the metaphor that is, I think, always there. [...] [T]he structure of artworks is, or is very close to the structure of metaphors."

Dit beteken dat 'n kunswerk nie 'n blote representasie van iets is nie, maar analoog aan 'n retoriese strategie is dit 'n bepaalde soort voorstelling wat ons as't ware wil oortuig om iets op 'n sekere manier te sien. 'n Goeie retorikus is egter nie iemand wat jou vertel (of beveel) wat om te dink nie, maar dit regkry dat jyself oor 'n saak begin voel soos hy dink jy behoort te voel. En een van die bekendste retoriese strategieë wat dit kan bereik, is volgens Danto (1981:171) (met 'n beroep op Aristoteles) die onvoltooide argument, dit wil sê die versweë premisse of die versweë konklusie. "Now something of the same dynamism is to be found in metaphor as well." Hierdeur begin die toehoorder mede-outeur van die betoog word, en beaam hy of sy nie net wat gesê word nie. Die publiek volg 'leidrade' op om wat nie heeltemal gesê is nie, volledig(er) gesê te kry. Kunswerke, in soverre hulle iets van 'n metafoor is, stel die vind van 'n sluitende betekenis uit. "Geen afgehandelde betekenis word oorgedra nie - 'n onverwulde verwagting tot betekenisverlening word gewek" (Van der Merwe 1990:155). "Sodoende word betekenis wat ver verwyderd was van mekaar, nader op mekaar betrek en sake wat voorheen niks met mekaar in gemeen gehad het nie, daartoe gebring om 'n gemene saak te maak" (Van der Merwe 1990:159-160). Dit eggo 'n insig van Kant: kunswerke het te make met die daarstelling van 'estetiese ideë', en onder 'n 'estetiese idee' moet 'n mens "'n voorstelling van die verbeelding verstaan wat aanleiding gee tot baie om oor na te dink sonder dat 'n bepaalde begrip voldoende daarvoor gegee kan word en wat gevolglik nie volledig in taal weergegee en verstaan kan word nie" (Kant 1793:192-193).

Waar Danto egter nie verder ingaan op die moontlikhede van hierdie siening om die bewerk van artistieke materiaal te verklaar nie (hy gee meer aandag aan die moontlikhede vir 'n verstaan van kunswerke), is dit Beardsley wat 'n skakel suggereer. Beardsley (1982:271) het dit dat 'n metafoor iets van 'n "fooling around with meanings" is, maar dan só dat die metafoor betekenis bewerk uit die spanning wat ontstaan tussen die logiese verwagting van betekenis van terme en hulle toepassing op dit waarna die terme verwys, en die

semantiese relasies wat deur die feitelike aanbieding ontstaan, dit wil sê deur die “qualities” of “marginal meanings” wat na die sentrum van die aandag verskuif. Hierdie proses kan (hoogs formeel) in Hausman (1989:142) se woorde soos volg beskryf word:

Art shares with verbal metaphors the incorporation of meaning units from the world as it is apprehended literally, that is, in terms of standard, conventional contexts. Meanings are brought together in contexts that are strange in relation to the literally understood world. And they are transformed through a kind of interaction that is constituted by internal relations, just as the elements or terms of a verbal metaphor understood as antecedently significant have their significance changed when they interact internally with the other terms in their constitutive functions.

8

Die vraag wat nog beantwoord moet word, is die skeptiese vraag oor avant-garde kuns. Kan dit ooit kuns genoem word, en indien wel, hoekom? Maar daar is 'n ander vraag wat vooraf gevra moet word. En dié is of die teorie oor artefaktualiteit soos hierbo uiteengesit hoegenaamd relevant is vir avant-garde kunswerke? Is 'n semantiese teorie oor die kunswerk en sy artefaktualiteit nie 'n teorie wat geskik is vir representasionele kuns, op sy beste kuns van die klassisisme en sy enkele na-rimpelings nie? Want dit is die gevoel waarmee Danto se teorie 'n mens laat aan die einde van *The Transfiguration of the commonplace*: nadat hy regdeur die hele boek allerhande interessante kentoretiese kwessies oor die identifisering van 'n kunswerk te sê gehad het, veral waar die kunswerk op die oog af nie verskil van 'n alledaagse gebruiksvoorwerp nie (soos in die geval van Rauschenberg se *Bed/bed*), is die indruk sterk dat sy siening van die kunswerk hoog modernisties ofte wel klassisisties is, en dus goed 'werk' vir sulke kunswerke. Hy stel immers self (Danto 1981:173):

Art, if a metaphor at times on life, entails that the not unfamiliar experience of being taken out of oneself by art - the familiar artistic illusion - is virtually the enactment of a metaphoric transformation with oneself as subject: you are what the work ultimately is about, a commonplace person transfigured into an amazing woman [die laaste word gesê na aanleiding van Flaubert se *Madame Bovary*].

Maar is enigiets van so 'n teorie toepaslik op iets soos Duchamp se *Fontein*? Wat kom ons teë as ons Duchamp se *Fontein* op 'n uitstalling, in 'n museum of in 'n boek oor kunsgeskiedenis aantref? Die aanbod is 'n gedefunksionaliseerde en 'n geherkontekstualiseerde urinebak - 'n gebruiksvoorwerp uit 'n manskleedkamer oorgeplaas na 'n kunsuitstalling. Tensame met die herkontekstualisering of defunksionalisering vind 'n herbenoeming plaas: die urinebak word 'n 'Fontein'. Hierdie voorwerp word nou die fokuspunt van botsende - teenstrydige -

betekenisverwagtings: op 'n eerste vlak word 'n nie-estetiese, meganiese en massavervaardigde artikel teëgekrom in 'n versameling wat veronderstel is om almal onherhaalbaar intensioneel mensgemaak te wees. Op 'n tweede vlak word iets alledaags, selfs banaal, ontmoet in 'n sfeer wat tradisioneel verwyderd van - selfs verhewe bo - hierdie banale beskou is. Op 'n derde vlak sien 'n mens 'n urinebak, maar die voorwerp heet iets anders, naamlik 'Fontein' - die opvangbak van uitwerpsel heet onologies die bron van iets verkwikkends. Wat Duchamp dus eintlik doen, is om 'n voorwerp die fokuspunt te maak van 'n konseptualisering van waarneming deur twee tipes bewerking, naamlik 'n bewerking van voorwerpkonsepte én 'n bewerking van kunswerkkonsepte. Die bewerking van materiaal in die mees tradisionele sin van die woord het teruggekrimp tot die defunksionalisering en herkontekstualisering van 'n voorwerp. Waarop Duchamp eerder inwerk, is die betekenisverwagtings van die toeskouer. In die ironisering van kuns en die hele sfeer waarin kuns funksioneer - die "artworld" - word die toeskouer én sy gewaarwordings óók betrek. Eintlik is dit hierdie gewaarwordings wat geïroniseer word.

Duchamp se *Fontein* is 'n kritiese herinterpretasie van die tradisies van die "institution of high art". Daarom pas Danto se beskrywing van 'n tipies modernistiese subjek-gesentreerde omgang met kuns nie by die waarneming van Duchamp se werk nie. Tog is die begrip van metaforiese transfigurasië nie heeltemal ontoepaslik nie. Hier is 'n spel van betekenis op 'n oënskynlik logies teenstrydige wyse, en om die betekenis te kan agterkom, moet 'n mens die konteks kan lees:

Wanneer Duchamp in 1913 massavervaardigde artikels ('n urinebak, 'n botteldrooigrak) onderteken en dit vir 'n kunsuitstalling stuur, word die kategorie van individuele produksie daarmee genegeer. [...] Nie alleen word die kunsmark (vir wie die handtekening meer beteken as die kwaliteit van die werk) deur Duchamp se provokasie as 'n bevraagtekenbare instelling ontmasker nie, maar ook die beginsel van kuns in die burgerlike samelewing (vir wie die individu die skepper van die kunswerk is) word radikaal bevraagteken. Die *readymades* van Duchamp is geen kunswerke nie, maar manifestasies. Die betekenis van hierdie provokasies word nie uit die vorm-inhoud-totaliteit van die individuele ondertekende voorwerpe afgelees nie, maar slegs uit die teenstelling tussen massavervaardigde objek aan die een kant en handtekening en kunsuitstalling aan die ander kant (Bürger 1980:70-71, my vertaling, JJS).

Die verskil van Duchamp se werk met die soort werk waarvoor Danto dit in hoofsaak het, lê daarin dat die klassisistiese werk in sy werkhoedanighede sy eie konteks het (die kunswerk as outonome struktuur), terwyl die avant-garde werk die instelling van kuns as 'n sosio-kulturele gegewe en sy hele geskiedenis as raamwerk of konteks nodig het vir 'n verstaan waarom dit gaan. 'n Mens kan dit ook so stel: vir die soort werk wat Danto beweer somtyds 'n metafoor van die lewe is, is kennis van die styl waarin dit gedoen is, dikwels voldoende vir 'n begrip

daarvan, terwyl vir die soort werk wat *Fontein* is, 'n mens kennis van die geskiedenis van kunstyle en die gebruike vir kuns nodig het. Want Duchamp se werk bevraagteken alle veronderstellings wat saam met styl gegee is, naamlik die idee van 'n kunstenaar wat iets oorspronklik maak deur die grense van die medium en dié van 'n heersende styl te verskuif, asook die veronderstelling dat die kunstwerk homself van die 'alledaagse' afskei deur sy stilering van die werklikheid tot iets besonders. 'n Definisie van kuns is dus nie 'n moontlike poging (of 'n poging wat by voorbaat tot mislukking gedoem is soos Weitz beweer) om die gelyke moment - die essensie - van wisselende style te probeer vaspen nie. Dit is eerder soos Danto (1981:175) sê: "The 'work itself' thus presupposes so many causal connections with its artistic environment that an ahistorical theory of art can have no philosophical defense."

Daarmee eggo Danto die woorde van Adorno wat as uitgangspunt van hierdie opstel dien, naamlik dat 'n definisie van kuns 'n historiese omlining van die ontwikkeling van kuns is. En dit is moontlik gemaak deur die verskyning van die avant-garde, wat nie bloot 'n stylrevolusie was nie, maar 'n kritiese bevraagtekening van die hele wêreld van die kuns. Met die avant-garde se ondermyning van die idee van 'n kunstwerk as sodanig, kom die opset van die kunstwêreld - die "institution of art" - in die visier, en so ook die netwerk van aannames en voorwaardes waarop die funksies en werkings van kunstwerke berus (Bürger 1980:66).

'n Uitvoerige bespreking van so 'n 'historiese definisie' is hier nie moontlik nie. Daarom net hierdie kursoriese opmerkings. 'n Mens kan aanvaar dat wat ons vandag as kuns en die kunstwêreld ken, sy wortels in die wêreld van die kultus het. Die kunstwêreld (Wolterstorff se "institution of high art") is 'n sfeer van die lewe van die mens wat homself teenoor ander sfere (godsdiens of kultus in die eerste plek, wetenskap, die reg, die ekonomie) verselfstandig het, en is blyke van 'n sogenaamde proses van beskawing ofte wel die toenemende differensiering van lewensfeer. 'n Vroeë fase van so 'n lewensfeer (soos onder andere kuns sedert die Renaissance en die Verligting - die sogenaamde Moderne Tyd met sy modernisme en modernistiese kuns) behels 'n bewussyn van die grense van so 'n sfeer ten einde tipies binne daardie sfeer te kan funksioneer. Maar (kennis van) die sosiale funksie van modernistiese kuns is nie deel van die waarneming van daardie kuns nie. Die omgang met kuns geskied eerder, byna sonder nadenke, binne die gedefinieerde perke van 'n sosiale funksie, naamlik so dat die waarneming van kuns sosiaal eintlik sonder gevolge is en dus per implikasie die heersende sosiale opset (wat dit ook al mag wees) by verstek ondersteun en versterk.

Hierdie aspek van kuns word in die avant-garde kuns deel van die omgang met kuns en van die kritiese selfbewussyn van kuns. Kuns word nou waargeneem in sy sosiale funksie, en kuns word beskryf as 'n vorm van sosiale gedrag (byvoorbeeld Adorno 1984:17). Dit kom daarop neer dat 'n mens van kuns as

'n bepaalde houding teenoor 'n sosiaal omlinde werklikheid moet praat: kuns is die artistieke organisasie van artistieke materiaal om deur die kwaliteit van die artistieke materiaal wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar gebring is, iets oor hierdie wêreld (ingeslote kuns in hierdie wêreld en die wedersydse verhouding van wêreld en kuns) te 'sê'. Kuns is 'n nie-diskursiewe taal, en dit geld (paradoksaal genoeg) ook van die taalkunswerk. Die houding wat kuns teenoor die werklikheid inneem, maak daarvan iets anders as die werklikheid. Kuns, ook avant-garde kuns, is nie die werklikheid nog 'n keer oor nie, selfs nie wanneer kuns representasie, re-presentasie, nabootsing of weergawe is nie.

Uit hierdie andersheid ten opsigte van die werklikheid het die idee van outonomie ontwikkel. Dit het 'n ambivalente karakter aangeneem. Aan die een kant het outonomie sosiale skadeloosheid begin impliseer deur in sy afgeskeidenheid van enige sosiale funksie (dit propageer niks, is aan niks en niemand dienstig nie, dit vervul geen oorspronklike kultiese funksie meer nie) tog die sosiale funksie van dekoratiewiteit ontwikkel. Aan die ander kant bestaan die idee van outonomie kuns as die poging om in die doelbewuste vervreemding van enige herkenbare seggingsmiddel 'n alternatiewe humaniteitsideaal aan die lewe te hou teenoor die idee van 'n skynmenslikheid wat in die tegnologie gemanipuleerde wêreld aan die lewe gehou word.

9

Die feit dat Duchamp se *Fontein* 'verstaanbaar' word sodra 'n mens die hele instelling van kuns in die Westerse kultuur betrek, maak daarvan 'n dialektiese werk. Dit kry slegs sin as dit as 'n teenhanger van 'n bepaalde posisie gesien word. Dit is egter 'n vraag of dit meer is as net 'n teenhanger. Bly dit as antikuns nie parasiteer op die tradisie van (modernistiese) kuns nie? Die volgende gedagte-eksperiment laat dit lyk of dit so kan wees.

Gestel 'n argeologiese opgraving 'n duisend jaar van nou af vind 'n beduidende fragment van Duchamp se *Fontein* (maar sonder enige inskripsie), tesame met 'n ewe beduidende fragment van 'n beeld van Rodin (kom ons sê een van die makette vir die *Poort van die Hel*) en van Moore (sê een van sy *Reclining Women*). Die fragmente van Rodin en Moore sal hoogs waarskynlik as fragmente van beeldhouwerke, dus van kunswerke, geïdentifiseer word. Maar die fragment van 'n urinebak sal 'n fragment van 'n urinebak in die eerste plek bly, selfs ten spyte van die feit van 'n opgetekende voorbeeld dat daar eens so 'n ding was soos 'n urinebak wat tot *Fontein* herdoop is. Die verskil tussen die fragmente van Rodin en Moore aan die een kant en die moontlike fragment van Duchamp aan die ander kant is die herkenbaarheid van artefaktualiteit. Duchamp se rebellie teen artefaktualiteit (wat die betekenis van artefaktualiteit skerp reliëf laat kry het) word daarmee 'n dokument wat eenmalig vasgelê is in

die voorwerp wat hy tot *Fontein* geherkontekstualiseer het.

My indruk is dat Rodin en Moore se werke hulle dokument-wees oorskry in hulle artefaktualiteit: daardie soort kunswerk kan gelees word as 'n dokument van 'n era, maar hulle kan in nuwe kontekste geïnterpreteer en geïntegreer word met nuwe seggings as resultate. Duchamp se *Fontein* se segging bly gefikseer op die stand van die kunstwêreld op die stadium van sy voortbrengs. Dit het ook te make met die opset om te skok. Die skok-effek het verslyt, en kan net nog verbaal gerepresenteer word. Die metaforiese aanbod - vanweë die parasitiese verhouding - is skraal, en daarom nie kragtig genoeg vir 'n verdere innovrende betrekking op die eie posisie in watter hede ook al (interpretasie aldus Gadamer) nie. Die "surprise" kan nie die "ordeal of familiarity survive" nie.

Lys van afbeeldings

- 1 & 2. WILLEM STRYDOM (1945-) *Ingangsbeeld* (1988). Staal, geelkoper en brons. 2,42 m hoog. Johannesburg: RAU-Versameling. Foto: Paul Schneider.
3. MARCEL DUCHAMP (1887 - 1968) *Fontein* (1917). Readymade, 3e weergawe (oorspronklike 1917, verlore). Urinaal op agterkant geplaas, 62 cm hoog. Milaan: Galleria Schwarz. Afbeelding: Lucie-Smith 1977:33.
4. PABLO PICASSO (1881-1973) *Kop van 'n bul* (1943). Brons, 42 cm hoog. Versameling van die kunstenaar. Afbeelding: Kahnweiler 1973:145.
5. ANDY WARHOL (1930-1989) *Brillo Boxes* (1964). Syskerm op hout, 33 x 40, 5 x 29 cm. Los Angeles: Dwan Gallery. Afbeelding: Lippard 1966:100.
6. ROBERT RAUSCHENBERG (1925-) *Bed* (1955). Gemengde media met kussing en donscombers, 185 x 77,5 cm. New York: Leo Castelli. Afbeelding: Rubin 1978:451.

Bibliografie

- ADORNO TW
1970. *Ästhetische Theorie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. (Gesammelte Schriften 7).
1973. *Einleitung in die Musiksoziologie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. (Gesammelte Schriften 14:169-433).
1984. *Aesthetic theory*. London: Routledge & Kegan Paul.
- BEARDSLEY MC
1982. *The aesthetic point of view*. Ithaca: Cornell University Press.
- BÜRGER P
1980. *Theorie der Avantgarde*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- COHEN T
1977. A critique of the institutional theory of art: The possibility of art. *Dickie & Sclafani* 1977:183-194.
- DANTO AC
1964. The artworld. *Journal of philosophy* 61:571-584.
1981. *The transfiguration of the commonplace*. Cambridge: Harvard University Press.
- DICKIE G
1974. *Art and the aesthetic. An institutional analysis*. Ithaca: Cornell University Press.
1984. *The art circle: A theory of art*. New York: Haven.
- DICKIE G & SCLAFANI RJ (eds)
1977. *Aesthetics. A critical anthology*. New York: St. Martin's.
- HABERMAS J
1988. *Der philosophische Diskurs der Moderne*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- HAUSMAN CR
1989. *Metaphor and art. Interactionism and reference in the verbal and nonverbal arts*. Cambridge: Cambridge University Press.
- KANT I
1793. *Kritik der Urteilskraft*. Berlin: Lagarde.
- LORD C
1980. Convention and Dickie's institutional theory of art. *British journal of aesthetics* 20:322-328.
- LÜDKE WM (Hrsg)
1976. *Theorie der Avantgarde. Antworten auf Peter Bürgers Bestimmung von Kunst und bürgerlicher Gesellschaft*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- LÜDEKING K
1988a. *Analytische Philosophie der Kunst*. Frankfurt am Main: Athenäum.
1988b. *Does analytical aesthetics rest on a mistake?* *Woodfield* 1990:123-127.
- OEHLER D
1976. Hinsehen, Hinlangen: Für eine Dynamisierung der Theorie der Avantgarde. Dargestellt an Marcel Duchamps *Fontain*. *Lüdke* 1976:143-165.
- ORTEGA Y GASSET J
1968 (1925). *The dehumanization of art and other essays on art, culture and literature*. Princeton: Princeton University Press.
- SANKOWSKI E
1980. Free action, social institutions, and the definition of art. *Philosophical studies* 37:67-79.
- SCLAFANI RJ
1970. Art and artifactuality. *Southwestern journal of philosophy* 1:103-110.
- TILGHMAN BR
1984. *But is it art? The value of art and the temptation of theory*.

- Oxford: Basil Blackwell.
- VAN DER MERWE WL
1990. *Metafoor: 'n Filosofiese perspektief*. Bloemfontein: VCHO.
- WEITZ M
1956. The role of theory in aesthetics. Weitz 1970:169-180.
- WEITZ M (ed)
1970. *Problems in aesthetics*. London: Collier-Macmillan.
- WOLFF J
1983. *Aesthetics and the sociology of art*. London: Allen & Unwin.
- WOLLHEIM R
1980 (1970). *Art and its objects*. London: Cambridge University Press.
- WOLTERSTORFF N
1980. *Art in action: toward a Christian aesthetic*. Grand Rapids: Eerdmans.
- WOODFIELD R (ed)
1990. *Proceedings: XIth international congress in aesthetics, Nottingham 1988*. Nottingham: Nottingham Polytechnic Press.

Pieter van Veuren

The end of (some) ideologies

Summary

Recent political developments in Eastern Europe and South Africa raise the question whether we are now witnessing the end of Marxist-Leninist socialism and apartheid. In this essay it is argued that there is some justification for the use of the phrase "end of ideology" only in a qualified way. The "classical" notions of an "end of ideology" (as proposed by Bell, Mannheim and Marx) are inadequate to explain the demise of the ideologies mentioned above. The demise of Eastern Bloc socialism and apartheid should rather be attributed to a variety of social, economic and political factors. The vast processes of social engineering initiated by these ideologies relied heavily on utopian legitimation. The collapse of this legitimation in present circumstances hastened the "end" of apartheid in South Africa and Marxist-Leninist socialism in Eastern Europe.

Die einde van (sommige) ideologieë

Resente politieke ontwikkelinge in Oos-Europa en Suid-Afrika laat die vraag ontstaan of ons nou die einde van Marxisties-Leninistiese sosialisme en apartheid aanskou. Hier word betoog dat daar regverdiging bestaan om die frase "einde van ideologie" slegs in 'n gekwalifiseerde sin te gebruik. Die "klassieke" idees van 'n "einde van ideologie" (dié van Bell, Mannheim en Marx) is nie by magte om toereikende verklarings vir dié verval te gee nie. Die verval van Oosblok-sosialisme en apartheid moet toegeskryf word aan 'n verskeidenheid van sosiale, ekonomiese en politieke faktore. Die groot prosesse van sosiale rekonstruksie wat deur dié ideologieë aan die gang gesit is, is sterk ondersteun deur 'n utopiese legitimasie. Die verval van dié legitimasie onder die huidige omstandighede het die verval van apartheid in Suid-Afrika en Marxisties-Leninistiese sosialisme in Oos-Europa verhaas.

*P van Veuren, Department of Philosophy
Rand Afrikaans University, PO Box 524, Johannesburg 2000*

The years 1989 and 1990 witnessed the apparently irreversible demise of Marxist-Leninist socialism in Eastern Europe and racial apartheid in South Africa as operative totalitarian ideologies, ie as ideologies which shape the social, cultural, political and economic arrangements of specific communities in an ongoing way.¹

But what does it mean in a more precise sense to speak of the “demise” or “end” or “withering” of the ideologies mentioned above, or perhaps even of an end of the phenomenon itself? And what implications do the events referred to above have for our understanding of the way totalitarian ideologies function?

This essay addresses these questions. I discuss some of the classical “end of ideology” theses which still determine the parameters of the discussion on the end of ideology in order to gauge their relevance for the historical events at present taking place in Eastern Europe and in South Africa, and draw some inferences from this discussion for our understanding of the way in which totalitarian ideologies function.

1. The “classics” on the “end of ideology”

The “end of ideology” became the subject of an extensive debate after the publication of Daniel Bell’s book *The end of ideology* in 1960 (Lipset 1972). This debate focussed attention on analogous ideas in the works of Karl Mannheim and Karl Marx. The following comparison of the relevant theories of these authors highlight the differences between their theories by discussing them in a reversal of the temporal sequence. The question whether Marx’s theory had any influence on Mannheim, and whether one or both of them had any influence on Bell, will be disregarded. Viewing their theories in a reversal of the temporal sequence helps to highlight some interesting differences between them and to isolate the fundamental theses on which they agree.

1.1 Bell

The title of Bell’s book can be somewhat misleading. Bell’s “end of ideology” thesis has been misinterpreted as a statement that ideology as such has come to an end. However, even a cursory reading of his book does not support this interpretation: his thesis is that a specific ideology, ie Marxist-communist ideology, has come to an end in the highly industrialized or post-industrial societies of the West. It seems therefore that the title of the final chapter of the book is

1 Reworked version of a paper presented at the World Conference of Philosophy, Nairobi, Kenya, 21-25 July 1991.

a more adequate formulation of his main thesis: "The End of Ideology in the West".

Bell also states explicitly that while in the Western world the ideological age has ended because the old 19th century ideologies and intellectual debates have become exhausted, new ideologies of colour and nationalism are being fashioned in Asia and Africa. Bell's theory of the end of Marxist-communist ideology boils down to this: 19th century ideologies were universalistic, humanistic and fashioned by intellectuals. Moreover, they had a strong utopian impulse which expressed itself in the belief that "reason" would become dominant in history and produce the perfect society. In this respect 19th century ideologies have an element of chiliastic thinking, ie a commitment to action and a blind faith in the inevitable arrival of utopia (Bell 1960:372).

Bell's main hypothesis is that there is a negative correlation between the degree of economic development and the intensity of ideology in a given society. In the post-industrial societies of the West the ideological systems of the 19th century, in particular Marxism, have been replaced by a rough consensus on the acceptance of the welfare state, the desirability of decentralized power and a mixed economy, and political pluralism (Bell 1960:373). In these societies Marxism is exhausted: it has lost its "truth" and its power to persuade the radical intelligentsia. Bell's position can be summarized as follows: a 19th century ideology like Marxism loses its appeal in post-industrial Western societies where economic inequality and inequality of privileges have been reduced and it has become a general interest to stabilize the existing good or (nearly good) society.

1.2 Mannheim

Mannheim's thesis of the end of ideology pre-dates Bell's thesis by about 30 years, and is formulated in his 1929 book *Ideology and utopia*. Mannheim's thesis states not only the end of ideology but also the end of the *concept* of ideology.

Mannheim views ideology as distorted ideas and representations of an existing social order; its main function is to safeguard the interests of a dominant class in a society (Mannheim 1960:184). Because of their inherent distortion ideological ideas and representations are not congruent with existing social reality. But non-congruence with existing reality is also characteristic of utopian ideas. The way in which utopian ideas are "situationally transcendent", however, distinguishes them from ideological ideas: if realized, utopian ideas would not conserve the status quo but explode it (Mannheim 1960:185). Nevertheless, both kinds of ideas are socially conditioned - as for example in Marx's dictum that the ruling ideas of an epoch are the ideas of the ruling class of that epoch.

Mannheim (1960:69) tries to show that the *concept* of ideology marks a certain stage in the development of consciousness, a development which is only

completed with the insight that the thought of all groups in a society is socially conditioned. This insight marks the stage of consciousness represented by the sociology of knowledge. On the one hand, therefore, one could say that in Mannheim the thesis of the "end of ideology" is stated as an epistemological thesis: the very concept of ideology "ends" in the sense that it is both liquidated and conserved by way of an Hegelian "Aufhebung" in the sociology of knowledge. On the other hand ideologies (and utopias) as reality-transcending ideas are losing their force and appeal to truth too because Europe is no longer a world in the making. Industrialization will eventually elevate the "lower strata" of society to the position already attained by the dominant classes (Mannheim 1960:232). When there are no more social strata struggling for ascendancy, utopian projections too will wither away (Mannheim 1960:187).

1.3 Marx

In Marx ideology is a function of the relationship between people who produce and reproduce the social conditions of their existence through labour in the domain of nature. Ideology is a necessary moment of this process of interaction with nature through labour because of the historical limitations of the means of production and the inevitable division of labour in all societies up to the present. The division of labour is the basis of all other differentiations in society, including the division of society into classes on the macro-level: the dominant class(es) whose needs can be satisfied by the limited means of production, and the dominated and exploited class(es). The division of society in classes and the tensions and contradictions produced by this division give rise to ideology as an effort to resolve the divisiveness and contradictions on the level of consciousness (Marx 1968: 346ff, 378ff). However, ideological resolution of social contradictions and conflict is not a real solution; rather, it is a negation and concealment of the contradictions and conflict.

In Marx there are two distinct notions of "the end of ideology". In the first place there is the end of feudal ideology, ie of a specific ideology. According to Marx the French Revolution made it possible for proletarians to elevate themselves above the proletariat by destroying the domination of the aristocracy. However, they could only do this by becoming bourgeois themselves. The French Revolution did not destroy all relations of domination: the basis of the dominant class was enlarged with the result that the contrast between the dominant and dominated classes became more pronounced. The resultant tensions and contradictions between the two classes which now constitutes society provide the social basis of bourgeois ideology.

With bourgeois society the development of the means of production and of social relations have reached a critical stage. The historical conditions are now present to eliminate ideology for all time by "the practical overthrow of the actual

conditions which gave rise to this idealistic humbug" (Marx 1968:368). In Marx's view revolutionary practise is the only way to overcome ideology at its roots by eliminating the contradictions which give rise to it. In a post-revolutionary classless society the very conditions which give rise to the formation of ideological deceptions and distortions will have been eliminated. This, then, is the second notion of an "end of ideology" in Marx: it is eliminated from history for all time.

1.4 Applicability to Eastern Europe and South Africa

None of the theories of "the end of ideology" which I have reviewed above give an adequate account of the demise of Marxist-Leninist socialism in Eastern Europe and of apartheid in South Africa during the past two years. This becomes clear when one considers that these have a common theoretical framework which can be formulated as two connected theses.

1. *Ideologies are fundamentally historical phenomena* in that their genesis and eventual demise is historically conditioned. *Because* ideologies have an origin in history they can also have an end in history. In Bell and Mannheim the end of ideology has a geographic location in post-industrial Western Europe and the USA. The full scope of Mannheim's idea of an end of ideology, however, includes its end on the level of reflective consciousness: the concept of ideology is relegated to a surpassed phase in the development of consciousness. Marx envisages a universal or global end of ideology inasmuch as the proletarian revolution is conceived as a global revolution.

2. The second thesis may be called the *equilibrium thesis*. The process of historical (technological and economic) development tends to create a state of social equilibrium, ie a state in which there is no tension between economic and social classes in society because they have withered away (or have been abolished by means of a revolution, in the Marxian view).

As a formulation of the historical conditions of the end of ideology the equilibrium thesis seems to be vacuous in the face of events in Eastern Europe and in South Africa during the past two years.

In Marxist theory socialism is a transitory phase in the development of communism. However, socialism as a "transitory phase" has lately acquired an ironic meaning for which Marxist theory has made no provision. Marxist-Leninist theory does not make provision for its own failure because of its confidence in its own ability to get a theoretical grip on the totality of the historical process and its motive forces. This theory has been labouring under the misapprehension that it has become one of the motive forces of the historical process, at least in the sense that it has become a contributing and controlling force which could hasten the process of the decline and failure of capitalism, marked by phenomena such as the impoverishment of the industrial work force, class conflict, economic crises, technological stagnation and ecological disasters. These very

phenomena, however, seem to have preceded and attended the demise of Marxist-Leninist socialism in Eastern Europe.

It seems, therefore, that the conditions of the demise of socialism in Eastern Europe are not economic and social conditions which one could associate with societies in a state of "equilibrium", but rather the very opposite conditions of crisis and disequilibrium. The same point can be made for the conditions attending the demise of racial apartheid in South Africa.

2. Eastern Europe and South Africa: some analogies

There are some plausible analogies between the demise of socialism in Eastern European countries and the withering of apartheid in South Africa. There are of course also disanalogies², but a review of the most important analogies could contribute to highlighting certain factors which might not appear in their full significance from a perspective limited to the Southern African scene.

It is, moreover, not pure chance that the processes mentioned above are contemporaneous. A factor which is probably responsible for the contemporaneous demise of Eastern Bloc socialism and apartheid in South Africa is Michael Gorbachev's policy of military non-intervention in the "reform" process in countries in Eastern Europe. The threat of Red Army or Warsaw Pact intervention to prop up unpopular communist regimes in Eastern Europe in the face of popular uprisings has had a deterrent effect on popular protest and reform initiatives since the invasions of Hungary in 1956 and Czechoslovakia in 1968. The significance of the removal of this threat for South Africa lies in the perception of the ruling Nationalist Party that Soviet imperialism has been shelved and that many of the Eastern Bloc countries which have given ideological, military and financial support to South African liberation movements are moving away from Marxist-Leninist socialism and are mainly preoccupied with their own affairs. Russian and Eastern European developments during the past few years have apparently weakened the position of the liberation movements and diminished the "Red Danger" to such an extent as to make negotiations with the liberation movements about the dismantling of apartheid a viable proposi-

- 2 For example: the satisfactory resolution of the Namibian problem and the accord reached about withdrawal of Cuban forces from Angola opened up new avenues for tackling South Africa's internal problems; during the past decade the nationalist government has also been subjected to a concerted effort by the international community to force it to come to terms with the political demands of the black population. Another specific of the South African situation during the past few years was the intensification of the "armed struggle" by the ANC.

tion (in the perception of the Nationalist Party).

On a deeper level structural similarities underlie the more apparent analogies between the demise of socialism in some Eastern European countries and the demise of racial apartheid in South Africa. Marxist-Leninist socialism and apartheid are both totalitarian ideologies which subordinate all spheres of life - economic, social, legal, aesthetic and religious - to their central intent, the creation of a specific type of humanity. In order to achieve this, both used totalitarian and autocratic social engineering. In Eastern Europe this type of social engineering is exemplified in the imposition of rigid political structures and the creation of a command economy; in South Africa it is exemplified in the enactment of the whole gamut of apartheid laws which regulated all details of economic, social and cultural life.

One of the most striking analogies between the demise of socialism in Eastern Europe (Schöpflin 1990:6) and apartheid in South Africa is the relative ease with which fundamental tenets and obsessions of these ideologies were dumped. On the surface not much was needed to get both processes going, and once started, both progressed with breathtaking speed. For example: because the Kádár regime in Hungary could muster little support and resisted reform, the Hungarian Communist Party removed Kádár from office in May 1988 and installed a new politburo. By October 1989 the Communist Party had concluded that it must undergo radical change and dissolved itself in order to undergo a rebirth. This procedure freed both parliament and the government from party discipline and measures to ensure that bases of Communist Party power were eliminated were enacted by law (eg the liquidation of the party's private army, the banning of Communist Party cells from workplaces and public accounting by the Communist Party for all its property). Thereupon Hungary became a liberal republic, waiting for elections to be held in the spring of 1990 (Schöpflin, 1990:8). In South Africa, after De Klerk's epoch-making speech on 2 February 1990 in which the ANC, PAC and the SAPC were unbanned, Nelson Mandela was released from police custody on 11 February and the first Groote Schuur meeting between the Nationalist Government and the ANC to facilitate negotiations took place on 2 May 1990.

The manner of the demise of Marxist-Leninist socialism in Eastern European countries and of apartheid in South Africa suggests that a variety of connected factors rather than a single factor contributed to the processes. Analogies may be found in the following factors.

2.1 Economic decline

Eastern European economies have been structured as command economies and have produced bureaucratic monopolies which are notoriously efficient only in producing shortages rather than surpluses. According to Ante Mar-

kovic, the Yugoslavian Prime Minister, socialism is in a state of crisis because no one form of socialism had been able to solve the problems of either efficiency or political democracy. The worldwide failure of socialism should be blamed on dogmas and delusions, particularly about the nature of the market. Socialists, according to Markovic, had mistakenly identified the market with capitalism, although it was one of the achievements of civilization which cannot be negated without serious consequences (Latey 1989:131-2)³. Prybyla (1989:24) lists some of these consequences: stagnating growth rates, stagnating labour productivity and technological backwardness, massive waste, inability to compete on world markets, external debt, chronic shortages and excess demand, demoralization of the labour force and the consumer.

Many of the ailments of Eastern European economies - such as waste of capital resources, stagnating or declining productivity and growth rates, balance of payment problems and inflation - can also be found in the South African economy. The latter is putatively a free market economy but it has suffered massive state intervention and control in the enforcement of apartheid. The major (black) part of the industrial work force is under-educated and under-trained because of more than 40 years of "Bantu Education" and job reservation (up to 1981). Since 1985 the suspension of international credit to the country and sanctions have also contributed to the decline. Since 1981 annual real growth has averaged less than one half of a percentage point, employment creation has virtually ground to a halt and the average annual inflation rate has been approximately 15 per cent (RSA 1988).

2.2 Repression of reform and failure of "reform"

Both Poland and Hungary experienced failed national uprisings against communist rule; the first rise of the Solidarity movement in Poland occurred in

- 3 Bugajski (1989:58) formulates some of these problems for Poland and Hungary: "All indicators show a consistent economic decline in Poland. Its debt to the West, the largest in Eastern Europe is nearing \$42 billion [...] The country's Domestic Net Material Product in 1988 was 8 percent below the 1987 level [...] On the domestic market inflation was running at over 100 percent, and real incomes dropped by nearly 20 percent between 1980 and 1987, while output declined and goods became scarcer [...] Similarly to Gierek's Poland, Kádár's Hungary bought its temporary prosperity through Western loans and now has accumulated the largest per capita debt in the Soviet bloc - about \$18 billion [...] Inability to earn or borrow hard currency has worsened the balance of payment deficit, now pushing 20 percent, and living standards have been falling steadily, with real income dropping by 3 per cent in 1988. An estimated 40 percent of the population lives below the official poverty line [...]"

1980. The communist leadership in these countries instituted reforms after these events in an effort to stabilize their societies, but without affecting the basic systems of the political bureaucracy and the centralized economic planning. Since the early 1980s the Polish authorities have permitted small private enterprises to operate in manufacturing and services but have also hampered growth by regulations against expansion and by high taxation. Since the late 1960s Hungary has loosened central planning, decentralized sectors of the economy and has permitted the expansion of private and cooperative ventures. These reforms have, however, been implemented unevenly and did not do much to change the basic structure of state socialism (Bugajski 1989:58).

As to political reform it is informative to cite the authors of *The Regulatory Conception of the Law on Self-Government* (Ministry of Home Affairs, Hungary, 1990) at some length: "In 1950 a council system similar to the solutions of the Stalinist state organization was introduced in Hungary. The primary task of this local system was the servile execution of the overcentralized economic control and the radical transformation of society directed from above [...] This council model was gradually improved on in later years. The most important correction was incorporated in the Council Act of 1971, which built several more democratic solutions of decentralization pointing towards self-government into the old system. Nevertheless, the basic characteristics of the centralized council system hardly changed: the economic, legal and institutional pre-conditions of the establishment of a true self-governing system simply did not obtain [...] *By today the council system patched up by various attempts at modernization has fully depleted its reserves*" [my italics].

Much the same point can be made in connection with attempts to reform apartheid during the 1970s and the 1980s. The 1970s was characterized by efforts of the Vorster government to stabilize the situation in South and Southern Africa by a policy of détente and the partial scrapping of "petty apartheid" (Liebenberg 1990:42). The 1980s was characterized by PW Botha's efforts to institute a functional adaptation of "grand apartheid". These adaptations, which culminated in the tricameral constitution of 1983, were meant to give apartheid a new image without making any concessions as to separateness and white power (Liebenberg 1990:46; 113); blacks were specifically excluded from power and were supposed to exercise their political rights in their own "national states". Instead of stabilizing the political situation, the new constitution mobilized blacks to form new structures of resistance (the UDF and the National Forum) and to politicize black trade unions and the churches to a still greater extent. The Botha regime retaliated with the auxiliary ideology of the "total onslaught", with extensive militarization of society and finally with the proclamation of a general state of emergency in 1986, to stem the violent protest which had wracked the country since 1984. These steps can be interpreted as an implicit acknowledgment that the regime's political and moral reserves to prop up apartheid by

“reform” had been depleted. Omar (1988:5) concluded in 1987: “The original concept of reform has either outlived its utility or been overtaken by events [...] The present face of reform is unacceptable to most opposition politicians, and confuses the white electorate. In the international arena it is viewed with scepticism.”

2.3 Loss of legitimacy

A decline in legitimacy is identified by various authors as an important factor in the decline of Marxist-Leninist socialism and of the withering of apartheid.

1962. The concept of social justice. Brandt 1962: 1-29.
- GARRAD J
1974. Impairment and disability: their measurement, prevalence and psychological cost. Lees & Shaw 1974: 141-156.
- HATTINGH JFJ(ed)
1987. *Disability in South Africa: Mental disability*. Volume 13. Co-ordinating committee: Year of disabled people, 1986. Department of National Health and Population Development.
- HOWARDS I, BREHM HP & NAGI SZ
1980. *Disability: From social problem to federal program*. New York: Praeger
- LEES D & SHAW S
1974. *Impairment, disability and handicap: A multi-disciplinary view*. London: Heinemann.
- RAWLS J
1973. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.
- SHAW S
1974. Introduction. Lees & Shaw 1974: 1-14.
- SHER G
1979. Effort, ability, and personal desert. *Philosophy and public affairs* 8(4):361-376.
- SKILLEN A
1985. Welfare state versus welfare society? *Journal of applied philosophy* 2(1):3-17.
- STOPFORD V
1987. *Understanding disability: Causes, characteristics, and coping*. London: Edward Arnold.
- UNITED NATIONS
1987. Declaration of the rights of mentally handicapped persons. Hattingh 1987: 84-85.
- WALZER M
1985 [1983]. *Spheres of justice: A defence of pluralism and equality*. Oxford: Basil Blackwell.
- ZOLA IK
1983. Developing new self-images and interdependence. Crewe, Zola & Associates 1983: 49-50.
1983. Toward independent living: Goals and dilemmas. Crewe, Zola & Associates.

Willem C Els

Winkelperspreiding in landelike Qwaqwa: 'n Geografiese analise

Samevatting

Hierdie studie beskryf die winkeltipe, verklaar die verspreidingspatroon en ontwikkel 'n winkeloorgangsmodel waarbinne die kleinhandelsaktiwiteite van landelike Qwaqwa evalueer kan word. Die studie bewys ook die geriefswaarde van die kontantwinkel in 'n arm landelike kultuur en dat hierdie winkelsoort die ontwikkelende vestigingsfronte indring. Die volgende onderliggende reëlmatighede in landelike kontantwinkellokalisasie is bewys: Die geordende aanpassing tot afstand; die minimalisering van wrywingseffek van afstand; om 'n woonbuurt binne 'n trefwydte van loopafstand met verbruiksgoedere te bedien; dat vestigingsgrootte die winkelgetal bepaal. In landelike Qwaqwa vorm kleinhandelsverkope tans die oormaat van verbruikersuitgawe. Die kleinhandelsektor is naas die onderwys en die vervoerbedryf die grootste enkele werkverskaffer. Verskerpte en suksesvolle modernisasieprosesse is 'n bedryging vir die voortbestaan van die kontantwinkel in landelike gebiede.

Retail distribution in rural Qwaqwa: a geographical analysis

This study describes the type of retail store, explains the distribution pattern and develops a shop transition model within which retail activities of rural Qwaqwa could be evaluated. The study proves the convenient luxury of the cash store in a poor rural community, and that the cash store penetrates the settlement frontiers. The following underlying regularities in rural cash store location have been proved: The ordered adjustment to distance; the minimizing of the frictional effects of distance; to serve a settlement with consumer goods within walking distance; that the number of shops is determined by settlement size. In rural Qwaqwa retail sales presently form the excess of consumer expenditure. The retail sector is, next to education and transport the single largest creator of jobs. Intensified and successful modernization processes are a threat to the survival of the cash store in rural areas.

*Prof. WC Els Dept Geografie
UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300*

Die literatuur oor kleinhandelsaktiwiteit toon 'n afwesigheid van studies oor kleinhandel wat landelike gebiede in die ontwikkelende wêrelddele dek. Navorsing oor handelsaktiwiteit in ontwikkelende state was slegs op stedelike vestigings toegespits, waaronder Freetown, Manila, Abidjan, Lagos, Colombo and Bogota. Binne Suid-Afrikaanse konteks is enkele studies oor informele ondernemings in ontwikkelende gebiede, maar ook net binne stedelike verband, uitgevoer. Die volgende Suid-Afrikaanse voorbeelde is die belangrikste en mees volledige: Mangaung, Phuthaditjhaba, Botshabelo, Ciskei en Clermont (Botha 1990:52-64). In ontwikkelende lande, waaronder Brittanje waar kleinhandelsverkope meer as die helfte van die totale verbruikersuitgawe vorm, is kleinhandelperspreiding 'n belangrike sektor van die nasionale ekonomie (Scott 1970:11). Ook in hierdie studie deur Scott word slegs op stedelike gebeide gekonsentreer.

'n Ondersoek van die moontlike tersaaklike lokalisasieteorieë en plasingmodelle (Johnston ea 1981:191-194) van Von Thünen, Christaller, Weber, Lösch, Rostow, Myrdal, Keeble, Vance en Berry (Berry ea 1962; Butler 1980:72-105; Chisholm 1973:20-32; Chorley & Haggett 1967:1-816; Haggett 1967:87-95; Isard 1956; Smith ea 1968:362-384; Vance 1970:1-14) het getoon ontoereikend en onvoldoende te wees om as teoretiese strukture vir 'n analise van hierdie eiesoortige Derde Wêreldse winkelperspreidingsverskynsel in landelike Qwaqwa te dien. Waar hierdie studie op 'n geval binne Suidelike Afrika-verband en in besonder op 'n ontwikkelende Derde Wêreldgemeenskap in 'n landelike milieu fokus, bestaan daar gevolglik geen teorie of model waarteen die aard, voorkoms en verspreiding van winkels binne Qwaqwa bestudeer, getoets of gemeet kan word nie.

1. Die studiegebied

Die eintlike Qwaqwa, vroeër as Witsieshoek bekend, se totale oppervlakte is 50 172 hektaar (RSA 1989:5) waarvan slegs 25 000 hektaar (planimetries bereken) bewoonbaar is. Die res is bergland: Maluti- en Drakensberge.

Landelike Qwaqwa verteenwoordig 'n homogeniteit ten opsigte van ras-, etniese- en kultuursamestelling wat dit 'n klassieke laboratorium van tradisionele Suid-Sotho-vestiging, vestiging-in-oorgang en van die geassosieerde primêre, sekondêre en tersiêre bedrywe maak. Op die bewoonbare vlakke kom 72 landelike kernvestigings (RSA 1985a), plaaslik as statte of 'settlements' bekend, voor. Hierdie vestigings wissel in grootte van 'n absolute minimum van nege wonings tot so veel as 1904 huise (RSA 1985a: tabel 4.4).

Een kenmerk ten opsigte van ekonomiese bedrywe is die wydverspreide voorkoms van 'n byna homogene winkeltipe - die kontantwinkel (Cash Store) dwarsoor die landelikbesette gebied. Tot in die mees afgeleë vestigingseindpunte

is die voorkoms van hierdie winkeltipe nie ongewoon nie; 276 winkels ('retail stores') is oor die landelike gebied versprei (RSA 1985a: tabel 4.4), waar dit 'n totale nie-stedelike bevolking van 180 924 mense (RSA 1985c:333; Krige 1987:93) bedien.

2. Doel en metode

Die doel met hierdie studie is om die tipe winkelkultuur in die landelik-bewoonde en -besette gebied van Qwaqwa te beskryf; patroonvorming in die ruimtelike verspreiding van winkels in dié gebied te identifiseer, te ontleed en te verklaar; en 'n winkeloorgangsmodel te ontwerp waarin die kleinhandels-komponent van 'n ontwikkelende gemeenskap, soos dié van Qwaqwa, geplaas kan word.

Die metode wat gevolg word, is ideografies en begrond in die realisme. Die artefakparadigma is gebaseer op kartografiese en statistiese metodes om plek-, liggings- en getalverwantskappe wat winkelvoorkoms en -verspreiding met bepaalde bevolkings- en ekonomiese verskynsels openbaar, op kwalitatiewe en kwantitatiewe wyses te analiseer. Bykomend word ook 'n ontleding van morfologiese omgewingstoestande wat moontlik tot die ruimtelike patroonvorming van winkelverspreiding bydra, gemaak. 'n Histories-geografiese metode word ook toegepas om die 1962-patroon te rekonstrueer en as toets vir bepaalde stellings aan te wend.

Die benadering is gedeeltelik ontleen aan die onderliggende reëlmatighede in vestigingslokalisasie-modelle soos deur Garner (Chorley & Haggett 1967:303-360) gepostuleer, naamlik:

1. Die ruimtelike verspreiding van menslike aktiwiteite weerspieël 'n geordende aanpassing tot afstand as 'n faktor. Hieroor sê Sigwart (Hanson 1958:204): "that there is more order in the world than appears at first sight is not discovered till the order is looked for".

2. Lokalisasiebesluite word oor die algemeen geneem om die wrywingseffek van afstand te minimaliseer. Volgens Lösch (Lösch 1954:184) behels dit die "law of minimum effort", of volgens Zipf (Zipf 1949) "the principle of least effort".

3. Alle lokalisasies is toegerus met 'n graad van toeganklikheid, maar sommige lokalisasies is meer toeganklik as ander. Volgens Forbes impliseer toeganklikheid die "ease of getting to a place" (Forbes 1964). Toeganklikheid is egter moeilik om eksplisiet te definieer. In 'n operasionele sin is toeganklikheid die veranderlike kwaliteit van sentraliteit of nabyheid aan ander funksies en lokaliteite.

4. Menslike aktiwiteite neig om te agglomerer en voordeel uit skaal-ekonomieë te trek, dit is kostebesparing deur konsentrasies in gemeenskaplike

lokalisasies.

5. Die organisasie van menslike aktiwiteit is essensieel hiërargies van aard.

6. Menslike okkupasie is fokaal in wese. Volgens Philbrick (1957) is bewegingsminimalisering, toeganklikheid, agglomerasie en hiërargieë onderling gekoppel om 'n sisteem van menslike organisasie in ruimte te vorm.

Op grond van bogenoemde beginsels is besluit om 'n aantal waarskynlikhede te stel en te verifieer wat onder meer die volgende veranderlikes met betrekking tot winkeltipe en -verspreiding sal insluit:

- Landelike vestigings-, bevolkingsverspreiding en -digtheid;
- ekonomiese of woonhuis- status van die landelike bevolking;
- toeganklikheidsvlak en vlak van infrastruktuurontwikkeling;
- afgeleëheid van die ekonomiese, sosiale en politieke swaartepunt (die stad, Phuthaditjhaba) en die graad van sentraliteit;
- reliëfhindernisse en reliëfbegunstigings.

Die outeur wil egter die minimaliseringsbeginsel ten opsigte van wrywings-effek in lokalisasiebesluite amendeer deur te betoog dat in die geval van die kontantwinkelokkasie in landelike gebiede, dit oral in verdigtende vestigingsfronte penetreer, al die ander reëlmattighede van Garner se vestigingslokalisasie-model ten spyte.

Indien beduidende afwykings in 'n oënskynlik bewese patroon van orde voorkom, moet dit toegeskryf word aan die onontleedbare arbitrêre en lukraak verspreiding van entrepreneurs wat kapitaalkragtig genoeg is en wat die insig en ondernemingsgees openbaar om hierdie bepaalde vorm van tersiêre diens te lewer.

Die metodologiese beginsels waarop hierdie analise berus, is die volgende: Dimensionele spanning tussen die ruimtelike ligging van die vraag (behoefte), dit is die potensieële koper met sy behoeftes, drange, norme, vermoëns en persepsies, en die ruimtelike ligging van die aanbodpunt (die handelaar en sy winkel met bevoorrading) reguleer enige kleinhandelverspreidingsstelsel. Die stelselkomponente is die tipe winkel, die ligging (absoluut maar ook relatief tot die koperspubliek) daarvan en winkeldigtheid. In 'n landelike gebied sal reliëf winkelverspreiding indirek beïnvloed. Vanuit die kultuuromgewingsstelsel sal die bevolkingskomponent en die verspreiding daarvan, die koperspubliek se sosio-ekonomiese status, die gehalte en ontwikkelingsvlak van die infrastruktuur, die toeganklikheid en sentraliteit van vestigings of nodusse, en die voorkoms, ondernemingsgees en persepsies van entrepreneurs die winkeltipe, -verspreiding en digtheid reguleer. Dié reeks veranderlikes bepaal die struktuur van die analise.

3. Die databasis

Gedurende ekskursies wat jaarliks vanaf 1986 tot 1989 na Qwaqwa onderneem is, het veldwerkspanne¹ data oor woningbou, werf-benutting en winkel-tipes ingesamel. Die opnames met betrekking tot winkel-tipes het berus op visuele maar gestruktureerde genoteerde waarneming, gerugsteun deur horisontale foto's en skyfies van die buitekant en binnekant van winkels.

Die getal en ligging van winkels is verkry van 'n totale opname in elke gehuggie en vestiging in Qwaqwa gedurende Junie, 1984, gedoen deur die Departement Pos en Telekommunikasie. Die ongepubliseerde verslag (RSA 1985a) bevat volledige data ten opsigte van elk van die 72 landelike vestigings (vier ander was nog onder 'bepanning') en sluit die volgende in: naam, klassifikasie en getalle van huise in vier kategorieë, en dienste (onderverdeel in stamkantore, winkels, skole, kerke, klinieke, hostelle en 'ander'). Kartering van die winkels is gedoen op basis van die 1:50 000 topografiese kaartvelle van Witsieshoek, 2828DB (RSA 1970b) en Golden Gate 2828DA 1962/1969 (RSA 1970b), wat die hele studiegebied dek.

4. Die landelike winkelkultuur

Die smous met sy pakdier of pakwa wat gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu nog deel van die ekonomiese landskap van die ontwikkelende landelike dele van Suid-Afrika was, kom nie in Qwaqwa voor nie. Ook die informele sektor wat tans 'n groeiende, florerende inherente deel van die handelskultuur van stedelike Phuthaditjhaba is (vergelyk Botha & Claassen 1985), is in landelike Qwaqwa grootliks afwesig.

Die handelslandskap van landelike Qwaqwa word deur die kontantwinkel - die Cash Store - wat soms 'n aanbouing tot die residensie is, maar meestal uit 'n losstaande stuktuur bestaan - oorheers. Dit is 'n vermenigvuldiging van die enkele kontantwinkels wat tot voor Qwaqwa se selfregerende status (Proklamasie R225; RSA 1989:5) in 1971, deur blanke winkeliers begin en bedryf was. Die kontantwinkel het 'n opvallende formele voorkoms, en is herkenbaar omdat dit die naam daarvan vertoon en is steen- of sementsteenstrukture met sinkbe-

1 Onder leiding van vier lede van die Departement Geografie, het die opnamespanne bestaan uit derdejaar- en honneursstudente, toegerus met fotografiese materiaal, gestruktureerde opnameskedules en is 23 van die 72 landelike kernnedersettings geselekteer sodat dit verteenwoordigend is van gekategoriseerde groottes; van die fisiografiese streke, te wete vlakke-, hoogland- en berglandgebiede; van vier kilometer afstande vanaf die stedelike kern, Phuthaditjhaba, tot by roete-eindpunte.

dakking. Die naam van die 'cash store' verskyn op 'n uithangbord of is teen die fasade gevef.

Vloeroppervlakte wissel van 25m² tot 50m². Die indruk van onprofessionaliteit word gewek: min of geen reklameborde, sporadiese voorkoms van 'n uitstaafenster, lekegetimmerde toonbank en houtrakke, 'n blik met deksel as geklaai. Geen rekeningstelsel bestaan nie; krediet word nie gegee nie. Die kontantwinkel kom as homogene winkeltipe dwarsdeur die landelike vestigingsgebied voor. Die grootste verskil tussen die winkels is in die graad van bevoorrading, en verskeidenheid van koopware. Uitgebreide bevoorrading, waar vloerspasie ook daarvoor gebruik word, kom nie voor nie. Nie-bederfbare voorrade word maandeliks aangevul. Voorrade word aangekoop by groothandelsinstansies in Phuthaditjhaba. Al dié winkels kan dus as einddistribusiepunte van dié instellings beskou word.

Hierdie winkels hou net koopware aan wat in die alledaagse bestaansbehoefes van 'n lae-inkomste gemeenskap benodig word: voedselsoorte soos mieliemeel, broodmeel, tee, koffie, suiker en geblikte vleis en -vissoorte; energie, verhitting- en beligtingsitems soos paraffien, kerse, vuurhoutjies en batterye; negosieware soos wasmiddels, salwe (Vicks, Zam-Buk, Vaseline), olies (vir vel en hare), pille, poeiers en medisyne vir verkoue en griep, lekkergoed, koekies, tabak en sigarette, en bederfbare produkte soos vars groente, melk in kartonne en soms ook brood.

Die mees ondernemende handelaars het ook 'n beperkte voorraad dames-, mans-, seuns- en dogtersklere, hoofsaaklik van lae tot middelmatige kwaliteit, kouse en goedkoop skoeisel en breiwoel.

Waar 'n uitgebreide naamgewing soos 'Cafe and Cash Store' voorkom, dui 'cafe' bloot aan dat die winkel oor verkoelingsapparaat beskik en dat koue koeldrank voorsien kan word. Werklike kafeegeriewe bestaan nie.

5. Empiriese reëlmatighede en verwantskapsbepalings

Om maar enigszins 'n greep te kry op patroon-identifikasie en patroonvorming van winkelvoorkoms in Qwaqwa, is dit noodsaaklik om eers enkele fisiese kenmerke van Qwaqwa aan te stip.

Menslike vestiging bewoning, bebouing en bewerking word deurslaggewend bepaal deur die morfologie van hierdie bergstaat, in 'n skilderagtige hoek van die Drakensberge. Aangesien die inwoners weinig tegnologiese kontrole het oor die beperkings wat die fisiese omgewing opleë, het bewoning en bewerking die weg van die minste weerstand gevolg. Vestiging het op die gelyker tussenstroomse gebiede, waterskeidings, of in die komagtige hoogliggende bolope van die dreineringsstelsel plaasgevind. 'n Waaierpatoon van bewoning wat op Phuthaditjhaba, die enigste uitgang vanuit hierdie amfiteatervormige berglandskap,

5.1 Winkel-woningverspreidingsverwantskap

Dit is te wagte dat 'n sterk verband tussen winkelperspreiding en woningverspreiding bestaan. Geïsoleerde ondernemings is "primêr daarop ingestel [...] om 'n onmiddellike woonbuurt, binne 'n trefwydte van loopafstand te bedien van verbruikersgoedere met 'n lae drempelwaarde" (Van der Merwe & Nel 1975:171). Die waarskynlikheid is groot dat landelike vestigingsgrootte en die aantal winkels positief sal korreleer.

Figuur 1 is 'n kartografiese beeld van die verspreiding van winkels in Qwaqwa en figuur 2 stel die totale woningverspreiding in landelike Qwaqwa, 1985, voor. Selfs maar 'n visuele vergelyking van winkel- en woningverspreiding toon 'n hoë mate van ooreenkomste. Korrelasie-analise toon 'n positiewe verwantskap tussen winkel- en woningfrekwensie met 'n korrelasie van $r = 0,92$. 'n Nuwe positiewe verwantskap bestaan tussen winkeldigtheid en woningdigtheid, en daarom ook bevolkingsdigtheid. Die grootte van vestigings word die dominante aanduiers van die aantal kontantwinkels.

Om te bepaal of daar enige woningdrempelwaarde bestaan waarvolgens winkels hulle verskyning in die vestigings maak, is tabel 1 saamgestel.

'n Ontleding van die 72 beboude vestigings ontbloot die volgende patrone:

1. Gegewens ten opsigte van die twaalf state met net 1 winkel, teenoor die 13 sonder winkels dui op 'n moontlike drempelwaarde van 105 huise voordat 'n winkel sal verskyn en 210 voordat 'n tweede winkel verskyn.
2. Die gemiddelde vir 59 state met winkels dui op 'n moontlike drempelwaarde van 1 winkel per 96 huise.
3. Die gemiddelde aantal huise per winkel (vir alle vestigings) is 99,4 wat die afleiding versterk dat die gemiddelde drempelwaarde vir die verskyning van 'n winkel op ongeveer 100 huise gestel kan word.
4. Daarby herhaal hierdie patroon hom: vir elke 100 huise wat bykom, verskyn 'n addisionele winkel.
5. Slegs twee afwykings kom in hierdie patroon voor: 'n Eerste afwyking is waar 'n weerstandsvlak tussen die tweede en derde winkel eers met 'n bykomende 140 wonings/winkel deurbreek moet word. 'n Tweede afwyking is waar enkele spesialiteitswinkels in die aaneengeslote vestigingsgebied van Namahadi en Mangaung (41 winkels) hulle verskyning begin maak (vergelyk figuur 1).

Hierdie ontleding van winkel- en woningdata bevestig nie net die korrelasiebevindinge nie, maar toon ook aan dat bepaalde drempelwaardes vir die totstandkoming van 'n winkel(s) en die regverdiging van 'n bepaalde ratio van wonings per winkel bestaan.

Tabel 1
Verwantskappe; winkels, wonings en vestigings

Klasinterval winkels	Frekwensie van vestigings	Aantal wonings	Wonings/ vestiging	Wonings/ winkel
0	13	1367	105,2	-
1	12	2628	219,0	219
2	9	2596	228,4	144,2
3	12	3420	295,0	95,0
4	8	3323	415,4	103,9
5	5	2544	508,8	101,8
6-8	5	3106	621,2	103,5
9-11	4	3264	816,0	90,7
12-17	2	3016	1508,0	107,7
18-23	2*	2166	1083,0	60,2
n=276	n=72	n=27430	$\bar{x}=380,97$	$\bar{x}=99,4$

* Hierdie twee vestigings, Namahadi en Mangaung, loop ineen en vorm 'n magnum landelike nedersetting.


5.2 Vestigings-status en winkelverspreidingsverwantskap

Dit is normaalweg te wagte dat 'n beduidende verband tussen vestigingstatus (woonbuurtstatus) enersyds en winkeltipe, winkelverspreiding en absolute winkelgetalle andersyds sal bestaan.

Om Qwaqwa se vestigings in statuskategorieë te kan verdeel, is huise volgens sekere norme in vier kategorieë geplaas. Wonings wat kenmerke soos die volgende openbaar, is as D-huise geklassifiseer: tradisioneel; ronde en/of vierkantige grondplan; sooi- en kleistruktuur; plat sinkdakke geheg met klippe, of gehawende dekgrasbedakking; monokleur modderbestryking. Die klas D-huise dien as indeks vir tradisionalisme en/of lae vlak ekonomiese ontwikkeling.

Die ander drie kategorieë kontrasteer met die D-klas. Die A-kategorie wonings is groot en privaatgebou en verbeeld welvarendheid; die B-kategorie is minder pretensieuse privaatgeboude wonings, of wat verbeterde skemahuise is deur die toevoeging van vertrekke of 'n motorhuis; die C-tipe is tipiese skemahuise - relatief klein, stewig geboude steen- of sementsteenstrukture, vierkantig met sinkdak.

Met die D-tipe huise as persentasie van die totale aantal wonings per vestiging uitgedruk, is figuur 3 saamgestel. Die kategorie van minder as 40%




Figuur 2. Woningverspreiding

Siema 1990

D-huse is as middelhoë ekonomiese klas geneem en die met 80% of meer, dit wil sê 80% of meer van die wonings is tradisioneel, is as lae ekonomiese klas beskou.

Gebiede met die laagste status (80% D-huse) is op die hooggeleë, ingesnyde berglandgebied. Die met 'n middel-lae status (60-79% D-huse) kom in die hooggeleë noordweste voor, maar die res van die middellae groep is aangren-



send tot die buitering van lae ekonomiese vlak.

Met 46,5% van die vestigings in die laagste klas en 40% in die middelste klas, het 86,5% van die landelike vestigings 'n lae status.

'n Middelhoë statusgebied naby geleë aan Phuthadijhaba, klein in omvang, sluit twee vestigings in met nege A-wonings en 85 C-huise, en Sebokeng in die knak tussen gebroke vlakke en gebroke heuwel land. Dié middlehoë statusgebied

verteenwoordig maar 4% van die landelike vestigings, 1,6% van die totale aantal wonings en 3,9% van die totale aantal winkels. Hoë statusgebiede kom glad nie in die landelike streek voor nie.

'n Visuele vergelyking tussen statusgebiede (figuur 3) en die aantal winkels wat daarin voorkom (figuur 1) toon sterk patroon-ooreenkomste. 'n Korrelasie tussen A-huise en winkelfrekwensie per vestiging het 'n $r = 0,546$ gelever wat 'n lae graad van verklarings bied. In tabel 2 word die gemiddelde aantal wonings per winkel in die vier statusgebiede gegee, met die persentasie D-huise as indeks vir status.

Tabel 2
Gemiddelde aantal wonings per winkel per vestiging
per ekonomiese streek in landelike gebied

Ekonomiese status	% D-huise	Winkel-woning verhouding
Laag	> 80%	1:107
Middel-laag	60-79%	1:114
Middel	40-59%	1:89
Middel-hoog	< 40%	1:89
Qwaqwa landelike gebied	\bar{x} : 72%	1:99,4

Behalwe vir 'n geringe afname in die aantal wonings per winkel vanaf die twee lae kategorieë na dié in die middel- en middelhoë statusgebiede (gemiddeld 110 teenoor 89) is geen beduidende verskil soos gemeet teen die gemiddelde vir Qwaqwa, opmerklik nie. Dit dui aan dat die kontantwinkel deurgaans in die koopbehoefes van die armes voorsien.

Herondersoek van die kartografiese patrone van die statusgebiede ontblyt die bestaan van 'n sekondêre nodus. 'n Gebied met 'n middelklas-status van tussen 40% en 60% lê tussen Ha Rankopane, Namahadi, Ha Sethunya op 'n rif weerskante langs die enigste teerpad na die berge met Sebokeng as 'n middelhoë statusgebied. Hier is die winkel-woning verhouding gemiddeld 1:55.

'n Interessante verskynsel word waargeneem indien 'n lengtesnit vanaf Phuthaditjhaba deur Boiketlong, Ha-Rankopane, Namahadi, Mangaung, Sebokeng, Makeng en Matsieng getrek word. Die landelike elite bly in die laer digtheidsgebiede van Ha Rankopane en Sebokeng, weerskante (noord en suid) van 'n hoë digtheidsgebied met laer status. Die meeste winkels kom ook in die hoogste bewoningsdigtheidsgebiede voor. Die elite bly dus op die buitewyke van die sekondêre winkelnodusse. Weerskante van dié twee elitegebiede word verval in die rigting van Boiketlong en Makong-Matsieng aangetref. 'n Model waarin middelklas en laemiddelklas 'n kern vorm en waar hoërmiddelklas die randgebied vorm, ontstaan. Die periferie het laer winkeldigtheid, effens hoër status en

minder geassosieerde dienste.

Die analise dui op geringe ruimtelike differensiasies in statusgebiede en dat daar ná 15 jaar se snelle woningbou, tog 'n waarneembare landelike woonbuurtstratifikasie in Qwaqwa in embrio is. Min verwantskap en geen beduidende korrelasie bestaan tussen winkelfrekwensie en die statusgebiede.

Die verklaring hiervoor is waarskynlik in die feit dat die mense in die hoër klas (A-huise) maar 1% van die totale landelike bevolking uitmaak en die middelklasse slegs 4%. Dié winkels en dié winkeltipe tree dus nie noodwendig as leweransiers vir die sogenaamde hoër klasse op nie. Laasgenoemde is mense wat met eie vervoer kan gaan koop wat hulle wil, waar hulle wil en wanneer hulle wil. Die kontantwinkels is gerig op die mark en behoeftebevrediging van die laer ekonomiese klasse wat 95% van die bevolking uitmaak.

Daar bestaan dus in die landelike gebiede van Qwaqwa geen variasie op die kontantwinkel nie, omdat die ruimtelik onderskeibare statusgebiede slegs op grond van 'n 5% hoër, middelhoër en middel sosio-ekonomiese groep onderskeibaar is.

5.3 Toeganklikheid en winkelperspreidingverwantskap

Volgens Garner (Chorley & Haggett 1967:303-306) is alle lokalisasies toegerus met 'n graad van toeganklikheid, maar sommige is meer toeganklik as ander. Dit is daarom te wagte dat die vestigings met die hoogste toeganklikheid 'n ander winkel-woningratio behoort te openbaar as die norm van 1 winkel per 100 huise.

'n Korrelasie-analise tussen winkelfrekwensie en toeganklikheid gebaseer op 'n totale toeganklikheidsmatriks vir alle vestings in Qwaqwa lewer 'n r-waarde van slegs 0,1368. Geen beduidende verband bestaan tussen toeganklikheid en winkelgetalle nie.

'n Analise van die vestigings met die hoogste toeganklikheid (7 tot 10), het dié bevinding bevestig, maar sentraliteit, gemeet aan 'n moontlike indeks op die voorkoms van skole, as 'n waarskynlike winkelperspreidingsaanwyser uitgewys. Dit strook met Garner se stelling dat toeganklikheid, in operasionele sin, die veranderlike kwaliteit van sentraliteit of nabyheid aan ander funksies en lokaliteite is (Chorley & Haggett 1967:303-306).

'n Verdere analise is gedoen op die 20 statte wat 'n hoër as die gemiddelde toeganklikheid (Beta-indeks: 4,9) het². Dit toon dat 'n gemiddelde winkel-wo- *

- 2 'n Landelike elite ontwikkel, bestaande uit onder andere winkelcienaars (278 winkels), onderwysers (128 skole), hoofmanne (72 vestigings), predikante (23 kerke) en para-mediese personeel (8 klinieke).
- 3 Om te verhoed dat 'n hoër as gemiddelde aantal skole die analise beïnvloed, is die

ningratio van 1:128, wat swakker is as die verwagte ratio van 1:100 in hierdie hoëtoeganklikheidsvestigings voorkom. In landelike Qwaqwa het toeganklikheid geen invloed op winkeltipe, winkelvoorkoms, winkelgetalle en winkeldigtheid nie.

5.4 Sentraliteit en winkelverspreidingsverwantskap

'n Mens verwag dat lokaliteit met 'n hoë sentraliteit ten opsigte van ander dienste soos skole, 'n hoër as gemiddelde voorkoms van winkels per woning-frekwensie sal openbaar. Vestigings met 'n hoër as gemiddelde voorkoms van skole per vestiging behoort dus 'n ondersteunende verklaring te bied waar daar 'n hoër as gemiddelde voorkoms van winkels per woningfrekwensie is.

Die 11 vestigings met minder as 100 huise per winkel en met 'n hoër as gemiddelde skolevoorkoms is ontleed. Die gronde vir hierdie analise is dat volgens Garner (Chorley & Haggett 1967:305) daar 'n neiging is vir menslike aktiwiteite om te agglomereer en sodoende voordeel uit skaal-ekonomieë te trek. Die hoër as gemiddelde voorkoms van skole in bepaalde vestigings behoort dus te danke wees aan 'n hoër as gemiddelde sentraliteit van daardie vestigings ten opsigte van dié bepaalde opvoedkundige diensfunksie. Dus ook sentraal geleë vir 'n kinderbevolking wat almal te voet skool toe gaan. Die resultate van dié groep toon 'n gemiddelde van 4,45 skole per vestiging teenoor 'n algehele gemiddeld van 1,74, tesame met 'n lae ratio van 68 huise per winkel.

Hieruit blyk dat die hoë voorkoms van skole moontlik die oorsaak is vir dié lae ratio. Vestigings wat 'n ratio van minder as die gemiddelde van 100 huise per winkel het, word bepaald gekomplementeer deur die hoër as gemiddelde voorkoms van skole. Sentraliteit in terme van skole en skoolgaande kinders vorm dus moontlik 'n aanvullende koperspubliek, maar die totale plaaslike bevolking bly in die oorblywende 61 vestigings nogtans die oorheersende winkelklënte. Waar skole ontbreek, soos in die geval van Malekunthu, word sentraliteit moontlik gekomplementeer deur 'n kerk en 'n kliniek. Dit moet redelikerwys gestel word dat hierdie analise nog nie onomstootlik bewys dat sentraliteit binne Garner se konteks reeds in landelike Qwaqwa bestaan nie.

vier stante met beide hoë toeganklikheid en hoë skolekonsentrasie buite rekening gelaat. Uit die orige 16 stante wat 'n besondere hoë toeganklikheid in Qwaqwa het, het 13 van hulle geen skool nie.

5.5 Fisiografie, sentraliteit en winkeldigheidsverwantskap

'n Mens verwag dat sekere fisiografiese/geomorfolgiese streke hulle beter tot bewoning en bewerking leen, hoër as gemiddelde sentraliteitskenmerke behoort te openbaar en daarom 'n beter as gemiddelde winkel-woningratio registreer.

'n Ontleding van die verwantskap tussen die vyf hoogtevlakstreke (< 1730m; 1730m - 1795m; 1795m - 1860m; 1860m - 1925m en > 1925m) en persentasies ten opsigte van vestigings, wonings, winkels, skole, vestigings sonder winkels en persentasie vestigings sonder skole, lewer die resultate in tabel 3.

Tabel 3
Vestigings en vestigingsverskynsels per hoogtestreek

Hoogte bo seevlak in meter	% Vestigings	% Wonings	% Winkels	% Skole	% Sonder winkels	% Sonder skole
< 1730m (5400')	0	-	-	-	-	-
1730-1795 (5400-5600')	15	7	4	10	30	70
1795-1860 (5600-5800')	15	22	23	9	9	72
1860-1925 (5800-6000')	45	51	55	62	11	61
> 1925m (6000')	25	20	18	19	16	72
TOTAAL	100	100	100	100	14,7%	66,7%

Dit is opvallend dat die 1860-1925m-gebied 'n dominante en voorkeursposisie beklee ten opsigte van vestigings (45%), skole (62%), wonings (51%) en dat 55% van alle winkels hier voorkom.

Hierdie gebied se voorrang word begunstig deur die geomorfologie: dit is die hoogliggende, makliker bewoonbare en gelyker tussenstroomse gebiede, waarin die Namahadi-Mangaang middelland 'n dominante streek is.

Ongeag die fisiografiese begunstigingsfaktore vir bewoning en diensteverskaffing in dié middelland is daar aanduidings dat 'n besondere mate van eweredigheid van winkelperspreiding en -digtheid oor die hele Qwaqwa gebied voorkom en dat sentraliteit as attribuut van modernisasie en van skaal-ekonomie in hierdie ontwikkelende gemeenskappe nog nie werklik 'n beduidende

inslag gevind het nie. Die feit dat slegs 14.7% van die vestigings nie winkels het nie, terwyl die gemiddelde van 3,75 winkels per vestiging voorkom, dui sterk op 'n eweredige verspreiding van winkels. Geen besondere mate van winkelsentraliteit kom voor nie, behalwe in die Namahadistreek. Verder word die eweredigheid van winkelverspreiding tussen die fisiografiese streke deur die geringe afwyking tussen persentasie wonings en persentasie winkels per streek beklemtoon (vergelyk tabel 3 se kolommet met % wonings en % winkels).

5.6 Afstand vanaf Phuthaditjhaba en winkelverspreidingsverwantskap

Dit is moontlik dat hoe verder vanaf Phuthaditjhaba, die stedelike bewonings- en ekonomiese swaartepunt van Qwaqwa, hoe meer winkels mag voorkom. Ten einde hierdie moontlikheid te beproef is die voorkoms van vestigings, winkels en die aantal vestigings sonder winkels vir elke 4 km-konsentriese gebied vanaf Phuthaditjhaba ontleed (tabel 4).

Tabel 4
Vestigings en winkels konsentriese afstande vanaf Phuthaditjhaba

Km-afstande	% Vestigings	% Winkels	% Vestigings sonder winkels
< 4	21	16	25
4-8	25	50	5
8-12	31	20	21
> 12	23	14	35

Die volgende afleidings kan uit tabel 4 gemaak word:

1. In die sone aangrensend tot die stedelike kern en in die sone wat die verste van Phuthaditjhaba is, is die hoogste frekwensie van vestigings sonder winkels, of is die laagste persentasies winkels, maar in die twee sones kom ook die laagste persentasie vestigings voor.

2. In die 4-8km sone kom die meeste winkels voor; nie minder nie as die helfte van die totale aantal. Hierdie middelgeleë gebied is gunstig geleë vir tussenkomende geleenthede vir winkels. Hierdie middelligging word ook beklemtoon deur die feit dat die 8-12km sone die tweede laagste persentasie vestigings sonder winkels het, nieteenstaande die feit dat byna 'n derde van die totale aantal vestigings (31%) hier voorkom.

3. Die baie ver sone (>12km) het die laagste persentasie winkels en die grootste persentasie vestigings sonder winkels. In dié afgeleë gebroke bergland kom egter steeds 14% van die totaal voor.

4. 'n Kritiese area, waarin 16% van die winkels voorkom, is naby Phuthaditjhaba geleë. Nogtans voorsien ook hierdie winkels in die daaglikse behoeftes van mense wat nie die vervoer het om op een slag genoegsame voorrade vir daaglikse behoeftes vir 'n lang periode vooruit te koop nie.


Toenemende afstand vanaf die stedelike-, ekonomiese en politieke nodus het geen radikale afnemende invloed op winkelgetalle en winkeldigtheid nie. Dit is duidelik dat kontantwinkelverspreiding in landelike Qwaqwa op die beginsel van *bewegingsminimalisering* vir 'n bevolking met 'n lae *bewegingsirkulasiepotensiaal* berus. Dit dui aan dat die kontantwinkel wat in die basiese koopbehoefte wil voorsien hom moet vestig binne 'n trefwydte van loopafstand van sy koperspubliek en juis daarom *beweeg dit agter die besettingsfront aan, of beweeg daarmee saam, of penetreer dit die verdigtende vestigingsfronte.*

5.7 Patroonvorming oor tyd

Nie al Garner (Chorley & Haggett 1967:304:305) se onderliggende reëlmatighede in vestigingslokalisasie Modelle is *mutatis mutandis* op die derde Wêreldse ontwikkelende gemeenskap van landelike Qwaqwa van toepassing nie. So het *toeganklikheid en sentraliteit*, soos deur roete-infrastrukture, skaal-ekonomieë, of agglomerasie deur kostebesparings nog geen invloed op die verspreiding en plasing van landelike kernvestigings nie en ook geen beduidende invloed op die voorkoms, plasing en verspreiding van die kontantwinkel nie. Omdat daar geen beduidende sosio-ekonomiese hiërargieë in landelike Qwaqwa voorkom nie, is daar geen hiërargiese orde in winkeltipes en winkelkultuur nie. Die kontantwinkel as kleinhandelsverskynsel kom oor die hele gebied voor.

Die enigste makrofaktor wat vestigingsverspreiding deurslaggewend reguleer is reliëftoestande en is gevolglik verantwoordelik vir die verspreiding van kontantwinkels. Geen wonder dus dat winkel- en woningfrekwensie so hoog korreleer nie. Lokalisasiebesluite ten opsigte van kontantwinkels in landelike Qwaqwa word *geneem om die wrywingseffek van afstand op die mikrovlak tussen woning en winkel te minimaliseer*. Selfs makrovlak lokalisasies, soos blyk uit afstand vanaf die enigste stedelike nodus, het geen beduidende invloed op kontantwinkeldigtheid nie. Basiese voedsel- en energiebehoefte word hoofsaaklik deur die oral-teenwoordige kontantwinkel voorsien juis omdat dit die wrywingseffek van afstand vir 'n arm bevolking met 'n lae sirkulasievlak minimaliseer.

Dat die kontantwinkel agter die verdigtende besettingsfronte aan- en intrek of dit penetreer om dimensionele spanning tussen vraag en aanbod te minimaliseer, is vir die 1985-geval aangetoon, maar is nog nie in historiese tyd-ruimetlike konteks getoets nie. Om hierdie stelling te toets is die verspreiding soos dit in



1962 voorgekom het, ondersoek,⁴ en met die 1985-verspreiding vergelyk.

Figuur 4 dui die ligging en diensgebiedafbakening⁵ van kleinhandelkontantwinkels in 1962 aan. 'n Ontleding van die 1962-patrone en 'n vergelyking daarvan met dié van 1985 bring die volgende aan die lig:

1. Die basiese ruimtelike ligging- en verspreidingspatroon van landelike vestigings was reeds in 1962 vasgelê en moes selfs baie vroeër gevorm gewees het. Slegs verdigting het daarna plaasgevind.

2. Die kontantwinkelperspreiding, alhoewel net dertien in 1962 en toe nog in besit van blanke handelaars, toon reeds dat dit die vestigingsfronte gepenetreer het. 'n Kwart eeu daarna, weens die versnellende toename in Suid-Sotho-immigrasie ná Sotho-selfregering en swart kleinhandelbeheeroorname, het dié proses in intensiteit toegeneem.

3. Die winkel-woningratio in 1962 van die vier winkels op die Namahadi-vlaktegebied was 1 winkel per 60 wonings, terwyl dit 1 winkel per 113 wonings in die heuwel-en-berggebied was.⁶ Hierdie merkbare verskil moet toegeskryf word aan afgeleëheid, baie swak ontwikkelde roetenetwerk, soms byna geïsoleerde liggings van vestigings met ylerwordende verspreiding van die bevolking hoe nader berge toe beweeg word, en bereidwilligheid van blanke handelaars om in afgeleë gebiede veiligheidsrisiko's vir ekonomiese wins te loop. Namate die vestigingfronte ná Sotho-selfregering in 1971, maar veral na die Qwaqwa Konstitusionele Proklamasie (R203 van 1974) waardeur wetgewende magte verkry is (RSA 1989:5), digter beset geraak het, het kontantwinkelgroei geweldig toegeneem. 'n Sprekende voorbeeld is die Matsোকeng-gebied waar daar een winkel in 1962 was, maar 41 in 1985.

4. Namate die hoogliggende en verafgeleë gebiede verdig het, het die verdigting van die Namahadi-vlaktegebied ook plaasgevind. Waar daar in 1962 in laasgenoemde gebied 4 winkels was, het dit tot 86 in 1985 gegroei.

5. Die landelike bevolking het vanaf ongeveer 8500 in 1962 tot ongeveer

4 Data oor vestigings en winkels is vanaf die 1:50 000 Topografiese vel 2828 DB, Witsieshoek en 2828 DA Golden Gate wat op lugfotografie 1962, Taak 477/62, gebaseer was, verkry.

5 In die afbakening is oorweging geskenk aan die woning- en nedersettingsverspreiding, -patrone en -limiete; alle fisiografiese hindernisse (berge, kranse, steil hellings, moeras- en vleigebiede); die voetpadnetwerk en -rigting en die padnetwerk; die kortsteroetebeginsel; dit is aanvaar dat vir meer gespesialiseerde kopersiteme die dorpie, Witsieshoek, in daardie behoeftes sou kon voorsien. Die vestigings Comet, Makwane, Tebang en Mphatlalatseng, 1985, was in 1962 nog blanke plase, Swartwater, Patricsdale, Patryskamp, Mountain View, Rydal Mount and Castle View.

6 Laagste 1:25 (Ha-Rankopane); hoogste 1:331 (Matsোকeng); mediaan 1:80 (Poelong); gemiddelde 1:99,7. Ander insiggewende vergelykende data tussen 1962 en 1985 is: Skole 6 teenoor 128; Kerkgeboue 11 teenoor 23.

181000 in 1985 toegeneem: 'n 2128% toename. Gepaard daarmee het die kontantwinkels vanaf 13 in 1962 na 276 in 1985 vermeerder: 'n 2123% toename.

6. Die gemiddelde winkel tot woningratio was in 1962 1:99,7 en byna twee-en-'n-half dekades later is dit 1:99,4.

Wat uit hierdie analise blyk, is dat kontantwinkels ontwikkelende landelike vestigingsfronte binnedring en in Qwaqwa dit reeds vóór 1962 gedoen het.

6. 'n Winkeloorgangsmodel

Om die aard, voorkoms en verspreiding van winkels in landelike Qwaqwa binne die kader van kleinhandelsekonomieë in perspektief te plaas is 'n winkeloorgangsmodel ontwerp (tabel 5). Die model is gegrond op persoonlike waarneming van die aard en voorkoms van kleinhandelsekonomieë, waar onder smouse, kontantwinkels en algemene handelaars in landelike gebiede; kennis van die informele sektor (onder andere Botha 1990; Mullins ea 1986) en van die Westerse teorieë oor kleinhandelsekonomieë, soos deur Berry ea (1962:62-102) en Van der Merwe & Nel (1975:166-192) uiteengesit. Mobiliteits- en sirkulasiekenmerke van die verskillende fases is gegrond op en aangepas by Zelinsky se mobiliteitsoorgangsteorie (Zelinsky 1971:219-249), wat ook aan modernisasieprosesse gekoppel is.

Die begrip *oorgangsmodel* dui op 'n definitiewe evolusionêre en selfs revolusionêre gepatroneerde reëlmatigheid deur tyd-ruimte gedurende die onlangse geskiedenis; hierdie reëlmatigheid maak 'n essensiële komponent van die moderniseringsproses uit⁷.

In die bespreking van die voorgestelde ses-fase winkeloorgangsmodel word die mobiliteitskenmerke wat migrasie⁸ en sirkulasie⁹ insluit, gemeenskapskenmerke, vestigingskenmerke en winkeltipe-kenmerke van elke fase geïdentifiseer.

- 7 Vir volledige definisies en inhoudgewing aan die konsep modernisering, sien: Senekal (1980); Goldscheider (1971:94 ev); Lauer (1973:211 ev); Inkeles & Smith (1974:17-34).
- 8 *Migrasie* is enige permanente of semi-permanente verandering van residensie; 'n ruimtelike oorpasing van een sosiale eenheid of buurt na 'n ander waardeur vorige sosiale bande vervorm of verbreek word. Hierdie ruimtelike oorpasing kan op die makro-, meso- of mikroskaal plaasvind.
- 9 *Sirkulasie* dui 'n groot verskeidenheid bewegings aan wat gewoonlik korttermyn, herhalend of siklies van aard is, maar wat almal 'n totale gebrek het aan enige verklaarde voorneme om 'n permanente of langdurige verandering in residensie te maak. Volksmondkleinhandelsbegrippe soos 'af dorp toe gaan', 'gaan stad toe', 'gaan inkopies doen', is kenmerkend van die sirkulasiekonsep.

Tabel 5
 'n Vereenvoudigde voorstelling van 'n winkeloorgangsteorie

Fase	I	II	III	IV	V	VI
Vestigings-tipe	Uitbreiende kolonisasie front	Stabiliserende vestiging-front	Verdigende vestigingsfront	Kernvestiging met dorpsdigting	Stad	Metropool
Winkel-tipes	Geen	Smous	Kontantwinkel	Handelshuis ("Tradingstore") Koöperasie	Sentrale sakegebied(e)	"Ware houses"
Oorgangstipes		Ruilhandel	Negosiewinkel (I.O.U.)	Algemene handelaar	Spesialiteitswinkels	Supermarkte → Hipermarkte

→ Tydsverloop, ekonomiese ontwikkeling en modernisasie →
 (Na elke fase I - IV verdwyn die vorige tipes of neem drasties in getalle af en word grootliks deur daardie in fase V - VI vervang).

Fase I, as aanvangsfase, veronderstel 'n tradisionele gemeenskap met baie hoë migrasie en geen tot baie lae sirkulasie, wat grootliks selfversorgend is, maar tog 'n eenvoudige vorm van ruilhandel sal bedryf. Geen informele of formele winkel kom op die uitbreidende laedigheid kolonisasiefront voor nie. Voorbeelde is die tradisionele gemeenskappe wat die Suid-Afrikaanse binneland ongeveer drie tot twee eeue gelede gekoloniseer het.

Fase II is 'n aanvangsoorgangsgemeenskap wat meer gesete raak en die kolonisasie- en vestigingsfronte geleidelik vul. Migrasie, alhoewel nog baie hoog, begin effens afneem en 'n geringe toename in sirkulasie begin. Die smous met sy pakdier of pakwa trek dié stabiliserende maar nog steeds laedighedsvestigingsfront binne en ruil- en smoushandel begin.

Fase III veronderstel 'n middel- tot laat-ontwikkelende oorgangsgemeenskap, met hoë immigrasie na en effens toenemende maar nog lae sirkulasie op die verdigende en meer permanentgesete uitsluitlik landelike vestigings. Permanente winkelstrukture begin ontstaan. Ruilhandel en smouse begin verdwyn en word met ruilhandel en die I.O.U. ('I owe you')-stelsel in negosiewinkels vervang. Die kontantwinkel maak nou sy verskyning en begin later floreer. Gebaseer op die sukses van die florerende kontantwinkel ontstaan die algemene handelaar met 'n aanvang van die kredietstelsel. Fase I tot III het 'n ryke onlangse geskiedenis in die ontwikkelende Derde Wêreld, maar ook in die Afrikanerbesetting van die Suid-Afrikaanse binneland, waar eers die Jodesmous en later

die Jodewinkel (eers 'n ruilhandelwinkel, toe die kontantwinkel of kombinasies daarvan, en daarna die algemene handelaar) 'n dominante rol in die kleinhandelseconomie gespeel het.

Tussen fase III en fase IV ontwikkel die kernvestigings tot agro-gehuggies en geleidelik tot dorpies. Migrasie neem hierna weer toe en weens verstedeliking skiet dit toenemend die hoogte in. Sirkulasie bly nog steeds relatief laag, maar begin tekens van toename toon. Die ontwikkelende gemeenskappe van fase III begin in fase IV sterk karaktertrekke van 'n ontwikkelde gemeenskap op landelike en stedelike vestigingsvlak openbaar. In hierdie oorgangsfase floreer die handelshuis ('trading store') met kredietfasiliteite. Maar twee ander kleinhandelsetipes ontwikkel ook vinnig. Aan die een kant ontstaan en ontwikkel 'n informele sektor en spazawinkels waarvan die Derde Wêreld-komponent in Suid-Afrika voorbeelde is. Andersyds ontwikkel die spesialisiteitswinkels. Stedelike nedersettings bereik ekonomiese volwassenheid. In fase IV begin migrasie sterk afneem. Die kontantwinkel in landelike gebiede verdwyn geleidelik juis omdat sirkulasie sterk toeneem.¹⁰

Fase V gaan die stabilisering en latere afname van migrasie binne. Stedelikeheid is die dominante kenmerk. Regionale dienslewering ontwikkel. Sirkulasie neem sterk toe en bereik 'n baie hoë vlak. In hierdie ontwikkelde gemeenskap floreer die kleinhandelspecialiteitswinkels binne stedelike sentrale sakekerne. Die groothandelaar speel 'n toenemende rol. Supermarkte, hipermarkte en meerkernige besigheidsentra ontwikkel in die wydlopende stedelike en metropolitaanse uitspreiding. Tegnologiese en professionele verfyndheid tree oor die hele stedelike ekonomiese sisteem in.

Fase VI. 'n Super- tot hipertegno-wetenskaplik ontwikkelde gemeenskap, met baie lae migrasie en die begin van afname in sirkulasie vanaf 'n vorige baie hoë vlak, vul die metropool wat tot megapool ontwikkel. Die eerste gebiede wat hierdie fase begin betree, is aldus Zelinsky (1971), die megapolitaanse dele in Japan en in Suid-Kalifornië. Al die winkeltipes van fase V bestaan nog, maar word verder deur die reuse "warehouses" aangevul. Laasgenoemde word aangaande 'n kenmerk van alle super-ontwikkelde megapolitaanse vestigings.

Die eerste vier hoofstukke van die boek Deuteronomium word gewoonlik na verwys as die historiese proloog. Hierdie verwysing kan 'n aanduiding wees dat hierdie hoofstukke in 'n groot mate los staan van die res van Deuteronomium en hegte aansluiting by die deuteronomistiese geskrifte (Josua tot Konings) vind. Verder kan dit 'n aanduiding wees dat hierdie hoofstukke nie ooreenstem met die karakter van die res van die boek nie en dat die opvallende historiese opset daarvan meebring dat dit uit pas is met die tipiese predikende karakter van die res van die boek. In hierdie artikel word hierdie veronderstellings ontleed. Eerstens word aangedui dat Deuteronomium 1-4 wel inpas by die samestelling van die boek en selfs opvallende ooreenkomste vertoon met die hoofstukke wat daarop volg. Tweedens word deur 'n ontleding van hoofstukke 1-3 aangetoon hoe die trekverhaal wat daarin voorkom, telkens onderbreek word deur herinneringe, opdragte en ander mededelings wat duidelike paranetiese trekke bevat.

The place and function of the so-called historical prologue (1 - 4) in the book of Deuteronomy

The first four chapters of the book of Deuteronomy are usually referred to as the historic prologue. This reference could be an indication that these chapters are to a great extent detached from the rest of Deuteronomy, with a greater affiliation to the deuteronomistic writings (Joshua to Kings). It could also be an indication that these chapters do not correspond to the character of the rest of the book and that the striking historic arrangement in them has caused them to be out of step with the typically kerygmatic character of the rest of the book. In this it is indicated that Deuteronomy 1-4 does tie in with the composition of the book and even shows striking resemblances to the following chapters. Secondly it is demonstrated by means of an analysis of chapters 1-3 how the included exodus story is time and again interrupted by reminiscences, instructions and other information which clearly contain parenthetical traits.

Daar is 'n hele aantal belangrike aspekte waarmee deeglik rekening gehou moet word wanneer Deuteronomium - en veral die inleidende gedeelte - nagevors word. Daarom word dit kortliks in oënskou geneem voordat die terrein van hierdie artikel afgebaken word.

Oor die algemeen word die eerste vier hoofstukke van Deuteronomium as die historiese proloog getipeer. Hiervoor sou na 'n groot aantal Ou-Testamentici verwys kon word. Dit geld aan die een kant vir persone uit die literêr-kritiese skool, soos onder andere Eissfeldt (1934) en die vorm-kritiese, tradisie- en redaksie-historiese skole, soos onder andere Noth (1943; 1948), Von Rad (1964; 1973), Weiser (1966), Nicholson (1967), Fohrer (1969), Kaiser (1970) en Anderson (1974). Aan die ander kant word dit ook deur persone voorgestaan wat basies met die vassalverdragsvorm as verklaring van Deuteronomium werk, soos onder andere Baltzer (1960), Kline (1963), McCarthy (1963), Kitchen (1966), Clements (1968), Harrison (1971), Weinfeld (1972) en Van Rooy (1977). Hierby sou nog persone genoem kon word soos Lohfink (1960; 1962; 1963), Fensham (1963; 1967), Frankena (1965), Plöger (1967), Merendino (1969) en Seitz (1971), waarvan laasgenoemde drie en Lohfink sterk beïnvloed is deur die stilistiese en struktuur-analitiese metodes. Die persoon wat sedert 1943 hierdie weg begin opgaan het, was Noth. Hy het die tese geponeer dat die historiese proloog (1-4) en epiloog (31-34) bygevoeg is en wel deur die Deuteronomis, wat op hierdie wyse van Deuteronomium die inleiding tot die deuteronomistiese geskiedwerk (Josua tot Konings) gemaak het (Noth 1957:13vv). In alle billikheid moet aangedui word dat al die Ou-Testamentici wat hierbo genoem is, nie slaafs vir Noth hierin navolg nie.

Die tipering van die eerste vier hoofstukke van Deuteronomium as historiese proloog het dus 'n breë spektrum van interpretasies. Daar is byvoorbeeld sommige wat die siening handhaaf van 'n sterk strukturele eenheid van Deuteronomium waarin hierdie tipering niks meer is as 'n karakterisering van die betrokke hoofstukke binne die boek nie. Vanweë die omvang van hierdie artikel kan nie aan al die variasies aandag gegee word of met almal in gesprek getree word nie. Breedweg word dus net aangetoon dat voortgaande navorsing daarop ingestel is om te bepaal of en in watter mate hierdie hoofstukke verskil van die res van die boek en hoe dit getipeer moet word. Die samestelling van Deuteronomium en bepaalde struktuurmerkers word hiervoor onder die soeklig geplaas soos verskillende navorsers dit al gedoen het (vgl oa Lohfink 1963:102ev; Seitz 1971:23ev, 35ev, 45ev, 92ev).

'n Vraag wat met die voorafgaande saamhang, is of hierdie eerste vier hoofstukke so uitsluitlik histories van aard is. Daar is min verskil van mening onder Ou-Testamentici oor die paretiese of predikende karakter van die grootste gedeelte van Deuteronomium 5-29. Veral Deuteronomium 5-11 word daarvoor uitgesonder vanweë die feit dat die verhalende gedeeltes (5:1b-33; 9:1-10:11) telkens deur vermanende gedeeltes (6:1-8:20; 10:12-11:32) gevolg

word (vgl oa Lohfink 1963:18ev; Seitz 1971:23ev; Weinfeld 1972:66). Die vraag is egter: kom aspekte daarvan nie ook in die eerste vier hoofstukke voor nie? Indien die parenetiese karakter ook hierin blootgelê kan word, sou die skeiding tussen 1-4 en die res van die boek nie so streng gehandhaaf kan word nie. Dan sou dit basies 'n onderskeiding wees en die beantwoording van die vraag of die tipering as historiese proloog daaraan laat reg geskied.

Billikheidshalwe moet aangetoon word dat navorsers verskil ten opsigte van die einde van die sogenaamde historiese proloog. Sommige laat dit reeds afsluit by 3:29 (vgl oa Lohfink 1960:105-134; Kitchen 1966:96ev; Plöger 1967:4ev, 13ev, 25ev; Preuss 1982:75ev; Christensen 1985:134-144; Labuschagne 1985:123ev; Perliitt 1985:149-163; Knapp 1987:27ev). Selfs Noth (1957:16ev) het met hierdie moontlikheid rekening gehou. Die rede hiervoor is dat die terminologie in 4:1 ooreenkomste toon met dié van "vermanende" gedeeltes in 5-11 en dus in elk geval 'n hoofstuk inlui wat 'n duidelik predikende karakter het.

In hierdie artikel kan nie aan al hierdie aspekte aandag gegee word nie. Daar word slegs twee terreine in hierdie navorsing afgebaken. Eerstens word die hooflyne van die struktuur van hoofstuk 1 tot 4 ondersoek om die samehang tussen 1-3 en 4 te bepaal. Daarmee saam word vasgestel hoe die vermanende deel in hoofstuk 4 presies daaruit sien. Tweedens word na die samestelling van hoofstuk 1 tot 3 gekyk om te probeer vasstel of hierin ook 'n opvallende parenetiese karakter te vind is.

2. Deuteronomium 1-4 in breë trekke

2.1 Globale samehang

Die ontleding van hierdie vier hoofstukke sien soos volg daaruit:

1:1-5 Opskrif waarin verskillende historiese aantekeninge en ander besonderhede ten opsigte van die plek, omstandighede, die spreker en inhoud bekend gestel word. Dit sou ook as die opskrif van die hele boek getipeer kon word.

1:6-3:29 'n Verhalende gedeelte waarin die woestyngeskiedenis vertel word sedert die volk vertrek het vanaf Sinaï totdat hulle hulle op die Moabsvlakte op die grens van die beloofde land bevind. Alhoewel dit kronologies aangebied word, word dit telkens onderbreek met ander gegewens. Hierop word later teruggekom.

4:1-40 'n Vermanende gedeelte waarin die volk opgeroep word tot gehoorsaamheid op grond van alles wat so pas weer in herinnering geroep is.

4:41-43 'n Slotgedeelte met enkele historiese en ander gegewens daarin.

In breë trekke bestaan die hoofstukke dus uit 'n inleiding, 'n groot middelstuk of toespraak en 'n slotgedeelte. Hierdie verdeling kom in 'n groot mate

ooreen met die ordening van die inhoud van 4:44-28:69 en 29:1-34:12. Die driedeling wat dikwels voorkom, toon aan dat dit 'n opvallend gevormde struktuur het (vgl Seitz 1971:23 wat aansluit by Lohfink 1962:32-56). Die boek as geheel vertoon ook hierdie driedeling sodat gepraat kan word van 1-4 as inleiding, 5-28 as middelstuk of toespraak en 29-34 as slotgedeelte.

Die feit dat 1:1-5 redelik algemeen as die opskrif van die hele boek - of in elk geval die grootste gedeelte daarvan - getipeer word, sou as 'n belangrike argument gebruik kon word om die nouer skakeling van die sogenaamde historiese proloog met dit wat daarop volg, te beredeneer.

Die tipering van 4:41-43 as slotgedeelte impliseer nie dat hierin 'n samevatting is van die voorafgaande gedeelte soos wat dit gebruiklik is in 'n slotgedeelte in gewone literatuur nie. Dit is 'n gedeelte wat volg op die "toespraak" van 1:6-4:40, wat weereens oor Moses praat en bepaalde nuwe gegewens verskaf. Dit word dus ingevoeg om 'n berekende afsluiting te verskaf, voordat begin word met 4:44-5:1 wat as inleiding dien tot die volgende deel.

Wanneer hierdie hoofstukke vergelyk word met 5-11 kom verdere ooreenkomste na vore. Die toespraakgedeelte val ook uiteen in 'n verhalende gedeelte (1:6-3:29; vgl 5:1b-33 en 9:1-10:11) en vermanende gedeelte (4:1-40; vgl 6:1-8:20 en 10:12-11:32). Die enigste verskil is dat 1:6-3:29 meer kronologies aangebied word as die twee gedeeltes in 5-11 (5:1b-33 en 9:1-10:11). Laasgenoemde twee dele is basies toepaslike grepe wat uit die geskiedenis geneem word as toeligting ("teks") met die oog op die oproep wat daaruit voortvloei.

2.2 Die vermanende gedeelte, Deut 4:1-40

Die vermanende gedeelte in 4:1-40 het 'n besondere opset:

- 4:1-2 Die aanloop wat met 'n tipiese inleidingsformule $w^c'auā jīsrā'ēl$ $š'ma^c$ (= "en nou, luister Israel!") begin. Die formule $š'ma^c jīsrā'ēl$ (= "luister Israel!") kom ook voor by 5:1, 6:4 en 9:1 terwyl 10:12 begin met $w^c'auā jīsrā'ēl$ (= "en nou, Israel!").
- 4:3-8 Die herinnering aan die weldade wat die Here aan hulle bewys het.
- 4:9-14 'n Oproep tot toewyding wat begin met "neem jou in ag!" of "pas net op!"
- 4:15-22 'n Oproep tot heiligheid wat begin met "neem julle terdeë in ag!" of "pas op!"
- 4:23-31 'n Oproep tot verbondstrou wat begin met "neem julle in ag!" of "wees versigtig...pas op!"
- 4:32-40 Die afloop wat weer die dinge wat in die verlede lê in herinnering roep.

Die opvallende predikende karakter van hoofstuk 4 beklemtoon die feit dat indien dit as deel van die proloog (1-4) gereken word, dit nie as 'n blote "historiese" proloog getipeer kan word nie. Trouens, dit toon so 'n sterk ooreen-

koms met 5-11 dat Van Zyl (1975:218) met reg sê “dat ons hoogstens sou kon beweer dat dieselfde skrywer 1-4 geskryf het nadat hy aanvanklik gedink het dat 5-11 die inleiding kon wees.” Vosloo (1981:40) en Deist (1987:41) hanteer basies ook 1-11 in sy geheel as die inleiding tot die boek Deuteronomium.

Wat ook belangrik is, is die verbondsterminologie in hierdie gedeelte (4:23-31) wat opvallende ooreenkomste vertoon met soortgelyke terminologie in 5:1-5. Dit geld ook van voorskifte in 4:23-24 en 5:8-10 (vgl Knapp 1987:43-111).

3. Deuteronomium 1-3 in meer detail

3.1 Die opskrif, Deut 1:1-5

In die opskrif (1:1-5) waarin allerlei gegewens verstrek word, kom drie frases voor wat die “toespraak” karakter van 1:6-3:29 duidelik aantoon:

Vers 1:

Hierdie is die woorde (*hadd^cbārīm*) wat Moses gespreek (*dibber*) het tot die hele Israel....

Vers 3:

....het Moses tot die kinders van Israel gespreek (*dibber*)...

Vers 4:

....oorkant die Jordaan in die land van Moab het Moses onderneem om die wet (*hataōrā.*) te verklaar (*bē'ēr*)...

Plöger (1967:1-59; vgl ook Lohfink 1960:105-134) wat die “verhalende” gedeelte (1:6 - 3:29) afbaken vir sy studieveld, onderskei daarin die sogenaamde “ons berigte” wat hy as “Weg-kampfberichtetes” tipeer. Hy dui die volgende gedeeltes daarvoor aan: 1:6-8, 19, 2:1, 8, 13b-15, 30, 32-36, 3:1, 3-8, 12, 29 (Plöger 1967:7v). Dit sou as die “trekverhaal” beskryf kon word.

Daarnaas onderskei hy die sogenaamde “redevoering”-gedeeltes waarin Moses oor bepaalde aspekte wat op daardie stadium belangrik was of toeligting vereis het, praat. Hulle begin met byna gelykluidende formules in 1:9, 20, 2:2, 9, 17, 31, 3:2, 18, 21, 23 (Plöger 1967:25ev):

1:9 En ek het aan julle gesê... (*'mr*)

1:20 En ek het aan julle gesê... (*'mr*)

2:2 En die Here het met my gespreek... (*'mr*)

2:9 En die Here het met my gespreek... (*'mr*)

2:17 En die Here het met my gespreek... (*dbr*)

2:31 En die Here het met my gespreek... (*'mr*)

3:2 En die Here het met my gespreek... (*'mr*)

3:18 En ek het julle beveel... (*swt*)

3:21 En ek het Josua beveel... (*swt*)

3:23 En ek het die Here gesmoek... (*hmn*)

Dit skep 'n besondere patroon waarin byna elke redevoering voorafgegaan word deur 'n sogenaamde "ons berig". Dit bied egter nie 'n volledige beeld nie, aangesien Plöger (1967:54ev) heelwat gedeeltes as redaksionele toevoegings of herhalings tipeer en daarnaas veral die redevoerings in Deuteronomium 2 en 3 versnipper in "jy"- en "julle"-gedeeltes. Tog toon dit duidelik aan hoe die "trekverhaal" telkens onderbreek word deur gedeeltes wat meer verduidelikend, predikend en appèlerend van aard is. Die vraag kan aan Plöger gevra word of die gedeeltes wat hy aantoon, so sterk onderskei kan word? Is daar nie ook elemente van die "trekverhaal" in die redevoeringe nie en is daar nie redevoeringselemente in die sogenaamde "ons berigte" nie? Indien wel, sou parenetiese elemente ook in die sogenaamde "trekverhaal" uitgelig kon word.

Labuschagne (1985:111-128) het in 'n artikel die verskillende direkte goddelike uitsprake in Deuteronomium ontleed en aangetoon dat dit dieselfde aantal kere voorkom in 1-3 as in 4-26 en 27-34. Dit beklemtoon beslis ook die aanname ten opsigte van die parenetiese karakter van hierdie hoofstukke. Alhoewel daarop nie in besonderhede ingegaan kan word nie, figureer dit tog in die ontleding van Deuteronomium 1-3 waaraan mettertyd aandag gegee word.

Daar moet ook kennis geneem word na die resultate van Christensen (1985:135-144) wat 'n fyn analise van die hele Deuteronomium doen en 'n sinvolle plek vir hoofstukke 1-3 vind. Dit versterk verder die verantwoording ten opsigte van die plek van hierdie hoofstukke binne die breë opset van die boek.

3.2 Deut 1:6-18

Om die predikende karakter in 1:6-3:29 te beklemtoon, word verskillende gedeeltes daarvan ontleed sodat in meer besonderhede daarop ingegaan kan word.

Deut 1:6-18 wat 'n sterk redevoeringselement bevat, val uiteen in die volgende dele:

Verse 6-8:

In hierdie sogenaamde "trekverhaal" word vertel van die bevel van die Here aan die volk om van Horeb af weg te trek. Dit gaan gepaard met die belofte dat Hy die land aan hulle sal gee (vgl ook Labuschagne 1985:115ev).

Die belofte in vers 8 met 'n bepaalde parenetiese element daarin, verdien hier aandag: "Ek stel hierdie land tot julle beskikking. Trek in em neem dit in besit. Ek, die Here, het met 'n eed beloof om dit aan julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob te gee en aan hulle nageslag."

Verse 9-15:

Die "redevoering" begin met die tipiese inleiding: Ek het in die tyd aan julle gesê (*mr*). Hierin word melding gemaak van die feit dat die volk sodanig vermeerder het dat Moses genoodsaak was om verskillende hoofde aan te wys wat met militêre, administratiewe en regterlike verpligtinge kon

help.

Die beskrywing in vers 10 en die bede in vers 11 verdien hier aandag: “Die Here julle God het julle baie laat word, en nou is julle net so baie soos die sterre aan die hemel. Mag die Here die God van julle voorvaders julle nog duisend maal meer maak en vir julle ’n groot nageslag gee soos Hy julle belooft het.” Hierin is ’n duidelike verwysing na die nageslagbelofte in die aartsvadersgeskiedenis en veral na die belofte in Genesis 15:5.

Verse 16-18:

Dit word ingelei deur die formule: In die selfde tyd het ek julle registers be-
veel (*šwh*), waarna bepaalde voorskrifte volg.

Hier is twee sake van belang omdat dit met so ’n sterk appèl kom. Dit is eerstens die oproep tot regverdige (*sedeq*) uitsprake in regsbeslissing sodat partydigheid geen rol daarin speel nie (vs 16). Tweedens is hier ’n besliste begroning vir regspraak: “Wie regspraak (*hamšipāt*), is in diens van God” (vs 17).

3.3 Deut 1:19-46

Hierdie deel wat ook ’n sterk redevoeringselement bevat, val uiteen in die volgende dele:

Verse 19:

In hierdie sogenaamde “trekverhaal” word vertel hoe hulle van Horeb af deur die groot woestyn getrek het tot by Kades-Barnea.

Verse 20-21:

Hierdie redevoering word begin met die formule: Ek het vir julle gesê (*šmr*). Hierin word aangedui dat hulle nou by die land van die Amoriete gekom het wat die Here aan hulle gaan gee.

Wat hier van belang is, is die sterk aanduiding dat die Here die landsbelofte in vervulling laat gaan (vgl die belofte in Gen 15:13-21) en dat die volk dit sonder huiwering of vrees moet aangryp. Dit word uitgespel in die woorde: “Die Here ons God gee dit vir ons. Kyk, die Here julle God stel die land tot julle beskikking. Trek in, neem dit in besit soos die Here die God van julle voorvaders julle belooft het. Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie.”

Verse 22-28:

Hier word vertel van die versoek om verspieders uit te stuur en ook hoe dit verloop het. Die vraag is of dit nie weer ’n stukkie trekverhaal is nie. Veral die negatiewe reaksie van die volk word prominent belig.

Die verwyf aan die adres van die volk is hier van belang. ’n Element van die vermanende en tugtigende karakter in die prediking kom hierin na vore: “Julle het julle verset teen die opdrag van die Here julle God.”

Verse 29-33:

Hierdie gedeelte met sy opvallende parentetiese karakter word weer ingelui met die formule: Ek het vir julle gesê (*'mr*). Moses se aansporing van die volk om op die Here te vertrou wat op verskillende wyses sy almag aan hulle bekend gestel het, asook sy verwyf dat hulle dit nie wou doen nie, staan hier voorop.

Hier is veral drie sake van belang. Eerstens word die volk herinner aan die verlossing uit Egipte deur die magtige hand van die Here en die ervaring in die woestyn wat hulle moet aanspoor om nie terug te deins vir die krag van die inwoners van die land nie (vs 29-32). Tweedens kom daar tipiese verbonds-terminologie na vore in die uitspraak: "Julle het in die woestyn ondervind hoe die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot hier toe gekom het, gedra het soos 'n man sy seun dra (vs 31). Derdens volg weereens die verwyf dat hulle nie hulle vertrou op die Here hulle God gestel het nie (vs 32).

Verse 34-36:

Hierin volg die eerste van twee strafuitsprake van die Here, ingelui met die woorde: Die Here het toornig geword (*qsf*). Met 'n eedformule word aangekondig dat die huidige geslag van die volk vanweë hulle ongeloof nie die beloofde land sal binnetrek nie.

Verse 37-38:

Die tweede strafuitspraak gaan oor Moses vir wie die Here ook kwaad geword het (*'nf*) sodat hy ook nie die land sou binnetrek nie.

Verse 39-46:

Alhoewel dit deel is van Moses se gesprek met die volk, is dit terselfdertyd 'n vertelling van wat verder gebeur het. Dit toon net aan hoe nie net die sogenaamde "trekverhaal" elemente van redevoering bevat nie, maar ook diesogenaamde "redevoeringe" weer elemente van 'n trekverhaal vertoon. Wat tog die redevoering hier sterk onderstreep, is die aanduiding dat die Here met Moses gepraat het (*'mr*) (vs 42) en Moses weer met die volk gepraat het (*'mr*) (vs 43). Ondanks die vermaning aan die volk om nie eiewillig met 'n optrede te begin nie, val hulle tog die Amoriete aan met tragiese gevolge.

Die eerste element in hierdie preking wat van belang is, is die aanduiding dat hulle nie sal slaag in die oorlog as die Here nie by hulle is nie: "Sê vir hulle hulle moenie optrek om te gaan oorlog maak nie, want Ek is nie by hulle nie. Hulle sal nie hulle vyande verslaan nie" (vs 42). Die tweede element is weer die vermaning ten opsigte van die volk se ongehoorsaamheid: "...julle het nie geluister nie en in opstand gekom teen die opdrag van die Here" (vs 43).

3.4 Deut 2:1-23

In hierdie gedeelte wat sterk gekleur word met elemente van die trekverhaal (2:1, 8, 13-16), moet ook rekening gehou word met die voorkoms van aan-

tekeninge (2:10-12 en 20-23) wat die gang van die vertelling onderbreek word om ander besonderhede te verskaf. Dit val in die volgende dele uiteen:

Vers 1:

Dit begin met 'n stukkie trekverhaal waarin beskryf word hoe hulle die woestyn ingetrek het, al met die Rietseepad langs totdat hulle om die Seirberg getrek het.

Verse 2-7:

Hierdie redevoering begin met die formule: Die Here het gesê (*'mr*). Die bevel is dat hulle noordwaarts moet trek deur die gebied van die Edomiete (die nageslag van Esau). Dit gaan gepaard met 'n opdrag om nie oorlog teen hulle te maak nie en te onthou wat die Here al vir so 'n lang tyd vir hulle gedoen het (vgl ook Labuschagne 1985:115ev).

Daar is twee aspekte wat terselfdertyd die vrymag van die Here beklemtoon, wat hier van belang is. Eers is daar die opdrag van die Here om nie met die Edomiete oorlog te maak nie: "Moenie oorlog teen hulle maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir julle gee nie, nie eers 'n handbreedte nie, want Ek het Seirberg vir Esau gegee as besitting" (2:5). Die tweede is die herinnering aan die Here se sorg op die pad: "Die Here julle God het julle voorspoedig gemaak in alles wat julle gedoen het. Hy het sy oog oor julle gehou in hierdie groot woestyn, en in hierdie hele veertig jaar was die Here julle God by julle en julle het niks kortgekom nie" (2:7).

Vers 8:

Die trekverhaal word voortgesit met die aanduiding dat hulle ook deur die grondgebied van die Moabiete gaan trek.

Vers 9:

Weer volg 'n redevoering ingelui met die formule "die Here het gesê (*'mr*) wat hulle optrede ten opsigte van die Moabiete bepaal.

Van belang is die opdrag wat herhaal word dat hulle nie oorlog mag maak om grond te bekom nie (vgl 2:5): "Moenie die Moabiete aanval nie en teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir jou as besitting gee nie. Ek het Ar vir die nageslag van Lot gegee as besitting" (2:9).

Verse 10-12:

'n Verduidelikende aantekening oor die Emiete.

Verse 13-16:

Die trekverhaal word voortgesit met die vertelling hoe hulle op bevel van die Here (die Here het gesê) deur die Seredspruit trek en uiteindelik in die nabyheid van die gebied van die Ammoniete kom. Tussenin word ook vermeld dat ag en dertig jaar reeds verloop het en die weerbare manne uit die ouer geslag reeds gesterf het (14-16).

Verse 17-19:

Die redevoering word weer ingelui met die formule: Die Here het gesê (*'dbr*). Dit gaan nou oor die beskerming van die gebied van die Ammoniete

(vgl ook 2:5,9).

Van belang is die byna gelykluidende waarskuwing waarin die Here se vrymag ten opsigte van die toekenning van grond (hier dié van die Ammoniete) beklemtoon word: “Moet hulle nie aanval en teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir jou as besitting gee nie. Ek het dit vir die nageslag van Lot gegee as besitting” (2:19).

Verse 20-23:

Dit word afgesluit met ’n verduidelikende aantekening oor die gebied van die Ammoniete.

3.5 Deut 2:24-3-29

Hierdie gedeelte word ook oorheers deur elemente van die trekverhaal en word in 3:9 en 11 onderbreek deur verduidelikende aantekeninge. Dit val in die volgende dele uiteen:

Verse 24-30:

Die voortsetting van die trekverhaal waarin vertel word hoe hulle op bevel van die Here (die Here het gesê) deur die Arnonkloof trek en in aanraking kom met koning van Sihon van Gesbon. Aangesien die Here aanvanklik self aan die woord gestel word, sou 24-25 ook as ’n stukkie redevoering getipeer kon word. Alhoewel die gewone prosedure gevolg word om deurgang te verkry, weier Sihon en ontstaan ’n oorlogsituasie wat deur die Here in sy vrymag self geskep word.

Twee sake is hier van belang. Eerstens is daar die opdrag om teen die Amoriet oorlog te maak en sy land in besit te neem, aangesien die Here dit aan hulle gee (2:24-25): “Ek gee die Amoriet, koning Sihon van Gesbon, en sy land in jou mag. Begin nou, neem sy land in besit, maak oorlog teen hom. Vandag bring Ek skrik en vrees vir jou oor al die volke op die aarde. Wanneer hulle hoor wat jy doen, sal hulle bewe en bang wees vir jou.” Tweedens is daar die sterk aanduiding dat ook die optrede van die Amoritiese koning in die hand van die vrymagtige God is (2:30): “...want die Here jou God het hom omversetlik gemaak. Die Here het hom koppig gemaak om hom in jou mag oor te gee. Hy is nou in jou mag.”

Vers 31:

Hierdie redevoering wat aansluit by 2:24-25, word ingelui met die formule: Die Here het gesê (*mr*). Dit gaan oor die verowering van die land omdat die Here dit aan hulle gee.

Wat weereens hier onderstreep word, is die vrymag van die Here om die land aan hulle te gee: “Let op, Ek gee Sihon en sy land van nou af in jou in jou mag oor. Begin nou, verower sy land.”

Verse 32-37:

Die trekverhaal word voortgesit deur te vertel van die totale verowering oor Sihon en sy leër. Dit word afgesluit met die aantekening dat die volk

gehoorsaam was aan die opdrag van die Here ten opsigte van die gebied van die Ammoniete (2:19).

Wat hier van belang is, is dat as deel van die trekverhaal telkens gesê word dat die Here in sy almag die land aan hulle gee: "Die Here ons God het hulle almal in ons mag oorgegee" (2:36; vgl ook 2:33).

Hoofstuk 3:1-11:

Die trekverhaal word voortgesit deur te vertel van die verowering van koning Og van Basan. Enkele verduidelikende aantekeninge kom voor by 3:9 en 11.

Ook hierin kom 'n stukkie redevoering voor waarin die Here met Moses praat (3:2). Dit word ingelui met die formule: Die Here het gesê (*'mr*). Dit bevat ook die belangrike aantekening dat dit die Here is wat hulle in die mag van Israel gee (3:2; vgl ook 3:3).

Verse 12-17:

In die voortgang van die trekverhaal word aangedui hoe Moses op hulle versoek (vgl hiervoor Num 32:1-5) die verowerde gebied oos van die Jordaan aan die Ruben, Gad en die halwe Manassastam toesê. Daar kom ook 'n verduidelikende aantekening voor in vers 13.

Verse 18-20:

Die redevoering word hier ingelui met die formule: Ek het julle beveel (*swt*). Die reëling wat die twee en 'n halwe stamme moet nakom totdat die hele beloofde land in besit geneem is, word hierin uitgespel.

Wat hier van belang is, is die aanduiding dat die Here in sy vrymag die land aan hierdie stamme maar ook aan die hele volk gee: "Die Here julle God het hierdie land vir julle gegee as besitting" (3:18). "Julle moet saam met julle volksenote trek totdat die Here ook aan hulle, soos aan julle, 'n veilige woonplek gegee het en ook hulle die land wat die Here julle God vir hulle sal gee, die land wes van die Jordaan, in besit geneem het" (3:20). Hulle bly dus steeds onder die bevel van die Here ten opsigte van die inname van die land.

Verse 21-22:

Die redevoering word voorgesit en weer ingelui met die formule: Ek het beveel (*swt*). Nou gaan dit aan die adres van Josua met veral die aspek van bemoediging daarin.

Wat hier van belang is, is dat Josua eers herinner word aan wat die Here reeds vir die volk gedoen het om juis daaruit bemoedig te word (3:22): "Moenie vir hulle bang wees nie. Die Here julle God sal vir julle veg." Hierdie herinnering aan wat die Here reeds gedoen het om daaruit die volk te bemoedig, is ook tipies van die parentiese gedeeltes in Deuteronomium 5-11.

Verse 23-29:

Die trekverhaal word afgesluit met die vertelling deur Moses hoe hy nog 'n keer die Here probeer oorhaal het om hom in die beloofde land te laat in-

trek. Alhoewel dit nie slaag nie, laat die Here hom toe om vanaf die Pisgabergr af die hele land te aanskou. Aangesien hy nie die land sal binnetrek nie, moet hy vir Josua bemoedig. Dit word afgesluit met die aantekening dat hulle in die laagte teenoor Bet-Peor gebly het. Binne hierdie stukkie trekverhaal kom daar ook meer as een redevoering voor: Vers 23 begin met die formule: Ek het die Here gesmeek (*hwn*). In vers 26 word 'n verdere opdrag ingelui met die formule: Hy het vir my gesê (*mr*) (vgl ook Labuschagne 1985:115ev).

Wat hier veral van belang is, is dat Moses moet leer dat die Here se woord die laaste woord is. Hy kan die straf wat op hom rus (en waarvoor hy weereens die volk verwyt) nie ontduik nie. Sy diepste begeerte moet hier swig voor die Here se opdrag. Daarom moet hy Josua wat op bevel van die Here die volk sal inlei, bemoedig en van alle raad voorsien.

4. Konklusie

Uit die inhoudelike struktuurering van hierdie gedeelte is dit opvallend dat Deuteronomium 1-4 duidelike ooreenkomste vertoon met dit wat daarop volg en inpas in die samestelling van die hele boek (vgl paragraaf 2). Selfs met in ag neming van verskillende fases oor 'n lang tydperk in die ontstaan van die boek, blyk dit duidelik dat hierdie hoofstukke primêr gerig is op die res van die boek self.

Die ooreenkoms tussen Deuteronomium 1-4 en 5-11 ten opsigte van die verhalende en vermanende gedeeltes moet hiermee saam in berekening gebring word. Dit onderstreep verder die noue samehang van die eerste vier hoofstukke met die res van die boek (vgl paragraaf 2.2).

Selfs die basiese verhalende gedeelte in Deuteronomium 1-3 is so saamgestel dat die predikende aard daarvan onderstreep word (vgl paragraaf 3.1). Dit is nie maar 'n blote historiese vertelling nie, maar word onderbreek met herinneringe, opdragte en ander belangrike mededelings. Hier moet in gedagte gehou word, dat dit nie met so 'n strak onderskeiding gedoen kan word, as wat Plöger dit doen nie. Die predikende gedeeltes is so deel van die vertelling dat hulle nie sonder skade uit die perikoop uitgesny kan word nie (vgl paragraaf 3.2).

Uit die gedeeltes wat verder ondersoek is (vgl paragrafe 3.2 - 3.5), het dit duidelik geblyk dat belangrike aspekte van die boodskap van Deuteronomium hierin geleë is. Die sogenaamde historiese proloog het dus 'n belangrike funksie en plek ten opsigte van die inhoud en boodskap van Deuteronomium en moet as sodanig verreken word. Of die tipering "historiese proloog" gewysig moet word of duideliker omskryf moet word, verg beslis besinning.

Bibliografie

- ANDERSON GW
1974. *A critical introduction to the Old Testament*. London: Duckworth.
- BALTZER K
1960. *Das Bundesformular*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- BOSMAN HL & LOADER JA (red)
1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- CHRISTENSEN DL
1985. Form and structure in Deuteronomy 1 - 11. Lohfink (ed) 1985:135-144.
- CLEMENTS RE
1963. *God's chosen people. A theological interpretation of the book Deuteronomy*. London: SCM Press.
- DEIST FE
1987. Die Heksateug. Bosman & Loader (red) 1987:1-43.
- DEIST F & VOSLOO W (red)
1981. *Van Eden tot Rome*. Pretoria: Van Schaik.
- EISSFELDT O
1934. *Einleitung in das Alte Testament*. Tübingen: Mohr.
- FENSHAM FC
1963. Clauses of protection in Hittite Treaties and in the Old Testament. *VT* 13:133-143.
1967. Covenant, promise and expectation in the Bible. *ThZ* 23:305-322.
- FÖHRER G
1969. *Einleitung in das Alte Testament*. 11. durchgesehene und erweiterte Auflage. Heidelberg: Quelle und Meyer.
- FRANKENA R
1965. The vassal-treaties of Esarhaddon and the dating of Deuteronomy. *Oud-Testamentische Studien* 14:122-154.
- HARRISON RK
1971. *Introduction to the Old Testament*. 2nd printing. Grand Rapids: Eerdmans.
- KAISER O
1970. *Einleitung in das Alte Testament*. 2. Auflage. Gütersloh: Gerd Mohr.
- KITCHEN KA
1966. *Ancient orient and Old Testament*. London: Tyndale.
- KLINE MG
1963. *Treaty of the great king. The covenant structure of Deuteronomy: Studies and commentary*. Grand Rapids: Eerdmans.
- KNAPP D
1987. *Deuteronomium 4. Literarische Analyse und theologische Interpretation*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.
- LABUSCHAGNE CJ
1985. Divine speech in Deuteronomy. Lohfink (ed) 1985:111-126
- LOHFINK N
1960. Darstellungskunst und Theologie in Dt 1,6 - 3,29. *Biblica* 41:105-134.
1962. Der Bundesschluss im Land Moab. Redaktionsgeschichtliches zu Dt 28,69 - 32,47. *BZ neue Folge* 6:32-56.
1963. *Das Hauptgebot. Eine Untersuchung literarischer Einleitungsfragen zu Dtn 5 - 11*. Roma: Pontificio Instituto Biblico.
- LOHFINK N (ed)
1985. *Das Deuteronomium*. Leuven: University Press.
- MCCARTHY DJ
1963. Covenant in the Old Testament: The present state of inquiry. *CBQ* 25:77-87.

- MERENDINO RP
 1969. *Das Deuteronomische Gesetz. Eine literarkritische gattung und überlieferungsgeschichtliche Untersuchung zu Dt 12 - 26.* Bonn: Peter Hanstein Verlag.
- NICHOLSON EW
 1967. *Deuteronomy and tradition.* Oxford: Basil Blackwell.
- NOTH M
 1943. *Überlieferungsgeschichtliche Studien I.* Halle: Max Niemeyer Verlag.
 1948. *Überlieferungsgeschichte des Pentateuch.* Stuttgart: Kohlhammer Verlag.
 1957. *Gesammelte Studien zum Alten Testament.* München: Chr Kaiser Verlag.
- PERLIT L
 1985. Deuteronomium 1 - 3 im Streit der exegetischen Methoden. Lohfink (ed) 1985:149-163.
- PLÖGER JG
 1967. *Literarkritische, formgeschichtliche und stilkritischen Untersuchungen zum Deuteronomium.* Bonn: Peter Hanstein Verlag.
- PREUSS HD
 1982. *Deuteronomium.* Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- SEITZ G
 1971. *Redaktionsgeschichtliche Studien zum Deuteronomium.* Stuttgart: Kohlhammer Verlag.
- VAN ROOY HF
 1977. *'n Vergelyking van die struktuur van die buite-Bybelse staatsverdrae, met besondere aandag aan die Sefire-verdrae, met die struktuur van Deuteronomium.* Ongepubl D Litt-proefskrif. Potchefstroom: Universiteit van Potchefstroom vir CHO.
- VAN ZYL AH
 1975. *Gods Woord in mensetaal, deel 1. Die ontstaan en boodskap van die eerste vyf boeke van die Bybel.* 2de hersiene en uitgebreide uitgawe. Durban: Butterworths.
- VON RAD G
 1964. *Das fünfte Buch Mose: Deuteronomium.* Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.
 1973. *Gesammelte Studien zum Alten Testament.* München: Chr Kaiser Verlag.
- VOSLOO W
 1981. Van Gosen tot Jerigo. Deist & Vosloo (red) 1981:28-57.
- WEINFELD M
 1972. *Deuteronomy and the Deuteronomic school.* Oxford: Clarendon Press.
- WEISER A
 1966. *Einleitung in das Alte Testament.* 6.verbesserte Auflage. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Fanie Snyman

Enkele tendense in die debat oor die teologie van die Ou Testament

Samevatting

Die artikel bied 'n oorsig oor sommige tendense in die debat oor die teologie van die Ou Testament. Daar word aangevoer dat die teologie van die Ou Testament tans 'n periode van nadenke beleef hoofsaaklik as gevolg van metodologiese onsekerheid. Daar is enersyds 'n finale wegbeveeg van 'n soeke na 'n "Mitte" van die Ou Testament en andersyds 'n erkenning van teologieë in die Ou Testament alhoewel daar geen konsensus is oor hoe die verskillende teologieë met mekaar in verband staan nie. Enkele ander tendense asook voorstelle van geleerdes word bespreek.

Some trends in the debate on Old Testament theology

This contribution seeks to provide a review of some trends in the current debate on Old Testament theology. It is argued that the discipline is in a period of reflection due to methodological uncertainty. While the search for a so-called "Mitte" or center of the Old Testament is abandoned, there is no consensus on how the various theologies contained in the Old Testament should be related to one another. Current trends in the debate on Old Testament theology are discussed as well as some new proposals made by scholars.

Hierdie bydrae fokus op maontlike tendense en ontwikkelings in die debat oor die teologie van die Ou Testament [OT] gedurende die afgelope vyf jaar asook 'n vooruitskouing van nuwe ontwikkelings.

Daar is bepaalde redes waarom op die afgelope vyf jaar (1985-1990) gekonsentreer word. Ons staan tans aan die einde van nog 'n periode van dertig jaar in die beoefening van die teologie van die OT. Ongeveer dertig jaar na die verskyning van die teologie van Eichrodt is die wêreld van die teologie van die OT geskud met die verskyning van die teologie van Von Rad. Staan ons nou weer voor 'n soortgelyke deurbraak as dertig jaar gelede? 'n Tweede oorweging is dat WS Prinsloo in 1987 'n artikel publiseer onder die titel "Ou testamentiese teologie vandag" (Prinsloo 1987:29-46) waarin hy 'n oorsig bied van die stand van die teologie van die OT tot ongeveer 1985. Om onnodige duplikasie uit te skakel, word gekonsentreer op ontwikkelings die afgelope vyf jaar. 'n Derde oorweging is dat dit gepas is om by die herdenking van die 10-jarige bestaan van die Fakulteit Teologie aan die UOVS 'n terugblik sowel as 'n vooruitskouing te maak van sommige van die ontwikkelings in een van die vakke binne die Ou-Testamentiese groep van vakke.

1. 'n Periode van nadenke en refleksie

Alhoewel daar in die afgelope vyf jaar etlike teologieë van die OT gepubliseer is (Vermeylen 1986; Sitarz 1987; Dumbrell 1988), word die periode veral gekenmerk deur 'n magdom van publikasies oor die teologie van die OT (vgl die literatuurverwysings in Hasel 1988:133-157 en Reventlow 1987:221-267). Hierdie verskynsel alleen is al aanduiding van 'n periode van nadenke in die teologie van die OT.

Hierdie indruk word verder bevestig deur die inhoud van bydraes oor die teologie van die OT. Die opmerking van Brueggeman (1984:4) is tiperend: "our discipline is in a time of scattering". Prinsloo (1987:29-30) tipeer die situasie as 'n krisis en vra of die tyd van groot teologieë nie dalk verby is nie. Whybray (1989:367-368) is skepties oor die vraag of enige vordering gemaak is die afgelope paar jaar en verwag ook nie enige dramatiese vordering in die toekoms nie. Childs (1985:5) som die huidige situasie so op: "it seems neither unfair nor an exaggeration to conclude that the field has run into a stalemate".

Metodologiese onsekerheid is die belangrikste rede vir die huidige toestand in die teologie van die OT. Daar bestaan geen eenstemmigheid oor die metode wat gevolg moet word vir die skryf van 'n teologie van die OT nie. Wanneer resente OT teologieë met mekaar vergelyk word, blyk hierdie tendens duidelik. Dumbrell (1988) verdeel sy aanbieding in vier afdelings waarin hy die verskillende boeke van die OT volgens die orde van die Hebreeuse Bybel een na die ander behandel sonder om verbande tussen die verskillende boeke te lê. Sitarz

(1987) bied met 'n aantal medewerkers hulle "Bausteine für eine Theologie des Alten Testaments" vanuit die resultate van die historiese kritiek aan in elf afdelings of hoofstukke. Vermeylen (1989) werk met 'n historiese periodisering van die literatuur van die OT. Hy onderskei vier periodes en groepeer dan die verskillende boeke of dele van boeke van die OT volgens die vier periodes. Beide die boeke van Dumbrell en Vermeylen dra die titel van "Die geloof van Israel" terwyl dit byna die enigste ooreenkoms is wat die boeke met mekaar toon. Die boeke van Sitarz en Vermeylen word beide aangebied vanuit die resultate van die historiese kritiek, maar die boeke toon ook weinig punte van ooreenkoms in terme van metode en aanbieding.

Brueggemann (1984:1) se opmerking weerspieël die onsekerheid: "The only two things sure about Old Testament theology are: 1. The ways of Eichrodt and von Rad are no longer adequate. 2. There is no consensus among us about what comes next". Goldingay (1984:153) merk op dat terwyl daar steeds Ou-Testamentiese teologieë verskyn, daar geen eenstemmigheid is oor die metodologiese vraagstukke van die vak nie. Hasel (1988:140) se gevolgtrekking is "that there is no generally accepted convergence of methodologies for the structuring of OT theology" In sy opsomming van tendense in die teologie van die OT praat Coats (1985:239) van die "fundamentele vraag van metodologie": hoe moet die groot diversiteit in die OT – wat saamgestel is uit literatuur wat oor 'n tydperk van eeue heen ontstaan het en 'n wye verskeidenheid van literatuursorte bevat en wat tans in een boek saam gebundel is – bevredigend gesistematiseer word?

'n Tweede rede vir die periode van nadenke is dat daar nie duidelikheid is oor die aard, taak en plek van die teologie van die OT nie (Van Leeuwen 1986:211). Wat word bedoel met 'n teologie van die OT? Vir Scybold (1986:68-69) is die fondament vir die gebou nog nie gelê nie en daarom kan daar ook nie gebou word nie. Vir hom is die teologie van die OT nog deels in 'n embrionale toestand. OT teologie is 'n vak wat nog steeds op soek is na 'n eie identiteit (Dirksen 1982:279). Is die teologie van die OT 'n normatiewe of deskriptiewe wetenskap; is dit 'n historiese of sistematiese wetenskap; wat is die verhouding tussen OT teologie en ander wetenskappe binne die Ou-Testamentiese groep van vakke (Le Roux 1987:67-74; Vosloo 1987:75-94; Snyman 1987:95-106); wat is die verhouding tussen Ou-Testamentiese teologie en Bybelse teologie? Dit is alles vrae wat nog om groter duidelikheid roep.

Hierdie onsekerhede het sommiges selfs die vraag laat vra of 'n teologie van die OT hoegenaamd moontlik is (Blenkinsopp 1984:5-6). Is die omvang van diversiteit in die OT so groot dat daar geen teologiese eenheid moontlik is nie?

Die baie vrae wat die teologie van die OT oproep, vra egter juis na die aandag van navorsers in plaas daarvan om die vak as terminaal te verklaar. Indringende diskussie moet helderheid bring oor sake waaroor daar nou nie duidelikheid is nie. Dit is 'n uitdaging wat die wetenskap aan ons stel.

2. 'n Finale wegbeweg van die soeke na 'n "Mitte" van die Ou Testament

Die agtergrond van die soeke na 'n sentrum of "Mitte" van die OT is welbekend. Die debat word aan die gang gesit met die verskyning van Eichrodt se teologie in 1933. Eichrodt reageer teen die historisme en die dogmatisme wat so kenmerkend van die voorafgaande dekades was (Eichrodt 1975:30-31; Gottwald 1970:26; Hayes & Prussner 1985:179-180; Wessels 1990:151). Die teologie van die OT mag homself nie bedien van skemas komende van die dogmatiek nie: "we must avoid all schemes which derive from Christian dogmatics [...] Instead we must plot our course as best as we can along the lines of the OT's own dialectic" (Eichrodt 1975:33). Die een begrip wat die OT self na vore bring, vind Eichrodt in die begrip verbond (Eichrodt 1975:13).

Hierdie poging van Eichrodt het 'n hele reeks van teologieë tot gevolg gehad waarin daar telkens 'n ander sentrum geponeer word, as sou dit die begrip wees wat die teologiese inhoud van die OT saamvat (Reventlow 1985:126; Hasel 1984:117ev).

Die verskyning van die teologie van Von Rad in 1957 was die begin van die tendens om weg te beweeg van 'n soeke na 'n sentrum van die OT. Von Rad (1975:363) verklaar kategoriees: "It is impossible to speak of a focal-point within the Old Testament which might have served as a constant standard for Israel."

Alhoewel Von Rad se teologie die begin was van die wegbeweg van 'n soeke na 'n sentrum, verskyn na Von Rad steeds teologieë wat 'n sentrum poneer, byvoorbeeld dié van Seebass (die heerskappy van God), WC Kaiser (die belofte as tema), WH Schmidt (die eerste gebod) en heel onlangs uit Suid-Afrika, Odendaal (1989:143-151) wat die verbond as sentrum voorstel. Sy argument is dat 'n sentrum noodsaaklik is om die ryke verskeidenheid van die OT bymekaar te hou en omdat 'n ontkenning van 'n sentrum noodwendig die erkenning van 'n implisiete sentrum beteken. 'n Sentrum bied ook die moontlikheid om die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen Ou en Nuwe Testament te bepaal. 'n Sentrum mag egter nie van buite die OT ingevoer word nie (Odendaal 1989:143-146). Die verbondsbegrip wat Odendaal hanteer omvat die sentrums wat ander geleerdes voorgestel het en is ook bi-polêr aangesien dit 'n verhouding tussen Jahwe en sy volk uitdruk (Odendaal 1989:148).

'n Stap in 'n rigting weg van 'n soeke na 'n sentrum was die bi-polêre benaderings kenmerkend van die teologieë van Westermann (verlossing:seën), Terrien (eties:esteties) en Hanson (teleologies:kosmies). Brueggemann (1980:2) het hierin 'n saamvloeiing van metodologieë gesien wat nuwe rigting aan die teologie van die OT kan gee.

Nog 'n poging om te ontkom uit die dilemma van die soeke na 'n sentrum was om te sê dat God die sentrum van die OT is (Reventlow 1985:131). Die

aanleiding hiertoe was die waarneming 'n poneerde sentrum meestal 'n aspek oor God bevat (Hasel 1984:139-140). Alhoewel min OT'ici sou ontken dat God die sentrum is van die OT (vergelyk maar die definisies van verskillende geleerdes oor die onderwerp van 'n teologie van die OT), is dit so 'n breë aanduiding dat dit nie regtig bruikbaar is nie. Odendaal (1989:148) wys verder daarop dat die OT nie op 'n abstrakte wyse oor God praat nie; God is altyd in verhouding met Sy volk en die wêreld. Dit maak 'n teologie van die OT met die sentrum "God" nie wenslik nie.

Die tendens wat met die verskyning van Von Rad se teologie begin het, is in die jongste debat voltrek (Collins 1986:19; Whybray 1987:176; Holman 1987:39ev; Dumbrell 1989:11). Die soeke na een sentrum vir die OT is 'n ideaal wat ons tot dusver nog ontwyk (McConville 1987:42). Brueggemann (1984:5) is oortuig dat ons moet ophou vra na die sentrum van die OT. Dit is ook Coats (1985:257) se konklusie: "To find a single theme that captures the unity of the canon does not appear a viable pursuit." Goldingay (1981:17-24) se standpunt is dat aangesien die een enkele korrekte sleutel nog nie gevind is nie, daar nie so 'n sleutel bestaan nie. Daarom moet die soeke na een sentrale begrip of sleutelkonsep "be deemed a failure" (Goldingay 1984:153). Blenkinsopp (1984:5) se gevolgtrekking is ook dat dit waarskynlik nie moontlik is om 'n beginsel of tema te vind waaromheen die materiaal in die OT bevredigend gerangskik kan word nie. Teologieë van die OT wat in die afgelope vyf jaar verskyn het, bevestig dié tendens. In nie een van die gevalle is daar sprake van 'n dominerende sentrum van die OT van waaruit die teologie aangebied word nie.

3. Teologieë in die Ou Testament

Daar is reeds opgemerk dat dit Von Rad was wat met die beweging weg van 'n soeke na 'n sentrum van die OT begin het. Von Rad spreek hom egter nie net uit teen 'n sentrum van die OT nie, hy bied ook 'n alternatiewe benadering aan.

Volgens Von Rad lê 'n teoloog se belangstelling in dit wat Israel oor Jahwe sê. Wat Israel oor Jahwe sê, word egter nie uitgedruk in dogmatiese leerstukke wat gerieflik nageslaan kan word in die OT nie. Die beginsel van Israel se geloof is gegrond in 'n teologie van die geskiedenis (Von Rad 1975:105-106). Teologie word dus aangebied as geskiedenis, of anders gesê, teologiese waarhede word geïllustreer in 'n verhaal (Von Rad 1975:111). Gebeure in die geskiedenis is verbind aan Jahwe. So het daar konfessionele opsommings van die heilsgeskiedenis ontstaan, aanvanklik in 'n kultiese milieu (Deut 26:5-9). Hierdie geloofsbelydensisse was dan die kern waaromheen tradisies gegroei het om op die ou einde die Heksateug te vorm. Die voorwerp van die teologie van die OT

is die geloofsbelydenisse waaruit die OT opgemaak is (Von Rad 1975:111).

Dit is duidelik dat die tradisie-historiese benadering van Von Rad die gang van die teologie van die OT fundamenteel beïnvloed het. Met Von Rad is dit nie meer 'n sentrum wat gesoek word nie, maar die teologie van die verskillende geloofsbelydenisse wat in die OT gevind word. Dit het dus moontlik geword om te praat van teologieë in die OT (Von Rad 1963:401-416) in plaas van die teologie van die OT. In plaas daarvan dat die eenheid van die OT die vertrekpunt is, is die diversiteit of verskeidenheid van die OT die vertrekpunt.

Ook hierdie tendens is in die jongste debat bevestig. Daar is 'n algemene aanvaarding dat die boeke van die OT nie 'n teologie bevat nie, maar 'n verskeidenheid van verskillende teologieë (Hogehaven 1987:95). Waar Eichrodt en andere die eenheid van die OT beklemtoon het, word die verskeidenheid binne die OT tans beklemtoon. Alhoewel Dumbrell (1989:11) die gedagte van verskillende teologieë in die OT verwerp, behandel hy tog die verskillende boeke "to present the theological movement of each book". In die werk van Sitarz (1987) word aandag gegee aan die teologie van groter eenhede soos die Pentateug, die Psalms, die Profete, die Wysheidsliteratuur, maar ook aan individuele boeke soos dié van Josua, Rigters, Samuel, Konings, Rut, Ester en Daniël. Vermeylen (1986) behandel individuele boeke van die OT onder die verskillende historiese periodes. Daar kan selfs binne 'n bepaalde historiese periode sprake wees van 'n onderlinge konflik van teologieë (Vermeylen 1986:11).

Ook die literatuur oor die teologie van die OT weerspieël hierdie tendens. Goldingay (1984:155) maak byvoorbeeld die opmerking dat by enige studie van die teologie van die OT die lewende werklikhede van die teologieë binne die OT in ag geneem moet word. Knierim (1984:25) stel dit onomwonde: "Die OT bevat 'n pluraliteit van teologieë". Prinsloo (1987:39) is ook van oortuiging dat dit beter is om aandag te gee aan die teologie van afsonderlike boeke of blokke van gelyksoortige Ou-Testamentiese boeke, 'n aksent wat ook by Hasel (1984:177) gevind word. Terminologies is dit egter beter om te praat van teologieë in die OT as teologieë van die OT. Die teologie(ë) van die OT is die resultaat van die verskillende teologieë wat in die OT aangetref word.

Om hiermee te volstaan is egter nie bevredigend nie. Trouens, dit sou juis beskryf kon word as dié probleem van die teologie van die OT. Die probleem is juis hoe om hierdie verskeidenheid teologies te hanteer (Childs 1985:5). Die teologie van die OT wil juis die OT as 'n geheel hanteer (Knierim 1984:25). Die vraag wat nou gedebatteer word, is hoe die verskillende teologieë in verband staan met mekaar. Goldingay (1984:157) vra na die oorkoepelende teologie wat na vore kan kom wanneer die verskillende boeke met hulle onderskeie teologieë saam besien word. Knierim (1984:31) sien die toekomstak van die teologie van die OT as die ondersoek na die verhouding tussen die verskillende teologieë van die OT.

Oor die vraag *hoe* die verskillende teologieë met mekaar in verband gebring

moet word, is daar nie duidelikheid nie. Byvoorbeeld, moet daar gewerk word in die rigting van die teologie van die boek Genesis, of moet daar volgens die bronne-teorie eerder gesoek word na die teologie van die Jahwis of Elohis, of is die boek Genesis deel van 'n groter geheel sodat daar eerder gepraat moet word van die teologie van die Pentateug? Of is al drie geldige moontlikhede? Moet daar in die profetiese literatuur gewerk word in die rigting van die teologie van 'n profeet of eerder die teologie van 'n bepaalde profetiese boek?

Die soeke na die verband tussen die verskillende teologieë van die OT moet egter positief waardeur word. Die taak van die teologie van die OT is nie afgehandel wanneer die verskillende teologieë in die OT langs mekaar staan gemaak is nie. Die wetenskap van die OT en die teologie van die OT in die besonder het ook 'n verantwoordelikheid teenoor ander dissiplines in die teologie wat ook (moet) werk met die resultate van navorsing op die gebied van die OT.

Dit is ook toenemend duideliker dat die metodologiese vertrekpunte van Eichrodt en Von Rad die twee basiese oriënteringspunte bly vir die teologie van die OT (Snyman 1990:11).

Die vakgebied staan ook voor nuwe moontlikhede. Die groot meerderheid van teologieë van die OT is geskryf vanuit die histories-kritiese paradigma. Die kanoniese benadering van Childs verteenwoordig in hierdie opsig 'n poging tot metodologiese vernuwing. Die groot verskeidenheid van eksegetiese benaderings wat tans op die OT toegepas word, open nuwe moontlikhede vir ook die teologie van die OT. 'n Teologie van die OT vanuit 'n strukturalistiese of 'n literêre benadering, of vanuit die bevrydingsteologie of feministiese teologie wag nog om geskryf te word.

4. Enkele ander tendense

4.1 'n Kanoniese benadering

Dit was veral Childs wat met sy publikasies (1970; 1979; 1985) die belang van die kanon vir die teologie van die OT weer op tafel geplaas het. Hy is onlangs ondersteun deur Rendtorff, vir wie dit die aangewese weg is om "das Selbstverständnis des Alten Testaments in seiner kanonischen Form ganz ernst zu nehmen" (1983:11 en 1989:138-139), en ook Dumbrell (1989:11). Alhoewel die benadering van Childs metodologies 'n vernuwing verteenwoordig, is sy teologie van verskeie kante skerp gekritiseer, veral op grond van die metodologiese vaagheid daarvan (Rodd 1986:227; Oeming 1988:244-251).

4.2 Ou Testament teologie as deel van die Christelike teologie

Die vraag is gestel of die teologie van die OT nie eerder die teologie van die Hebreeuse Bybel genoem moet word nie. Daar is 'n groeiende erkenning dat die teologie van die OT 'n dissipline binne die Christelike teologie is (Childs 1985:7; Hasel 1988:156; Rendtorff 1989:141; Odendaal 1989:143; Coats 1985:257): "Indeed, a christian writing OT theology cannot avoid writing in the light of the NT" (Goldingay 1987:186-187). Nie almal deel egter hierdie oortuiging nie. Van beide die kant van Joodse (Goshen-Gottstein 1975:69-88; Goshen-Gottstein 1987:617-644; Tsevat 1986:33-50) as van Christelike geleerdes (Lemke 1989:59-71) word die gesamentlike deelname van Joodse en Christelike geleerdes aan die teologie van die OT bepleit. Dit is egter interessant dat daar van die kant van Joodse geleerdes nog nie 'n teologie van die Tenak die lig gesien het nie.

4.3 Normatief of deskriptief?

Die ou vraag of die teologie van die OT 'n normatiewe of deskriptiewe wetenskap is, word al hoe minder gevra (Brueggemann 1984:1; Hasel 1988:156; Goldingay 1987:185; Prinsloo 1987:38). Daar is 'n toenemende konsensus dat die teologie van die OT gesien moet word as 'n kombinasie van beide aspekte.

5. Nuwe weë

5.1 Rendtorff

Rendtorff sien sy benadering as aansluitend by Von Rad. Die taak van die teologie van die OT is om die teologiese begrippe ten grondslag van die boeke van die OT bloot te lê (Rendtorff 1989:138). Daar moet gevra word na die teologiese bedoeling van die "Endgestalt" van die teks (1989:139). Hy voorsien dat sy teologie uit twee hoofdele sal bestaan. Die een deel sal aandag gee aan die teologiese swaartepunte van die verskillende boeke of versamelings van boeke in die OT terwyl die tweede deel op 'n meer sistematiese wyse aandag sal gee aan temas en begrippe in die OT (1989:141). Rendtorff (1989:140) wil dus 'n historiese of kanoniese benadering met 'n sistematiese aanpak kombineer. Omdat die teologie van Rendtorff nog nie gepubliseer is nie, is dit nog te vroeg om kommentaar te lewer. Die vraag kan egter gevra word of sy benadering nie 'n sintese verteenwoordig tussen die benaderings van Eichrodt, Von Rad en Childs nie.

5.2 Hogenhaven

Die doel van 'n teologie van die OT is om 'n opsommende beskrywing te bied van die belangrikste motiewe, temas en probleme in die literatuur van die OT (Hogenhaven 1988:95). Hogenhaven kies teen 'n sistematiese en vir 'n historiese aanpak. 'n Historiese aanpak beteken nie die nagaan van die chronologiese ontwikkeling van die godsdiens van Israel nie. Ou-Testamentiese teologie het veral te doen met die literatuur van die OT. Daarom is sy konklusie: "...the most appropriate guideline for the structure of OT theology is provided by the literary genres of the OT" (1988:96). Hy groepeer dan die Ou-Testamentiese literatuur in 'n aantal groot en algemeen aanvaarde kategorieë: Wysheid, Psalm-literatuur, Narratiewe literatuur, Wet en Profesie (1988:96-97).

Dit is opvallend dat albei van bogenoemde voorstelle hulself sien as 'n voortsetting van beginsels vervat in Von Rad se teologie. Rendtorff (1989:138) merk op dat Von Rad basies van 'n kanoniese benadering gebruik gemaak het vir die strukturering van sy teologie, veral met betrekking tot die Heksateug. Hogenhaven (1987:96) is weer van oortuiging dat om 'n OT teologie te struktureer volgens sy literêre genres, ooreenkom met die beginsel waarvolgens Von Rad sy teologie gerangskik het (Snyman 1990:15).

5.3 Goldingay

Goldingay wil volle erkenning gee aan die diversiteit binne die OT en terselfdertyd vashou aan die moontlikheid van 'n teologie van die OT. Dit gaan in die teologie van die OT nie net om die oortuigings van verskillende individuele skrywers of boeke in die OT en wat gemeenskaplik aan hulle is nie, maar ook om die totaalperspektief wat al die verskillende beelde saam bied. Ou-Testamentiese teologie het daarom 'n konstruktiewe en nie soseer 'n rekonstruktiewe taak nie (Goldingay 1987:183). Die OT bied die materiaal waarmee die "gebou" van die teologie van die OT opgerig moet word. Die geheel (teologie) is meer as die dele (die OT) waarmee daar gebou is (Goldingay 1987:184).

5.4 McConville

McConville (1987:54-57) werk ook met die uitgangspunt dat die OT 'n ryke diversiteit bevat. Daar is vir hom drie elemente waaraan 'n teologie van die OT moet voldoen: Die eerste is 'n erkenning van die historiese karakter van die Ou-Testamentiese openbaring, waarby hy duidelik aansluit by Von Rad. In die tweede plek moet daar 'n teologies verenigende element wees. Hier is die aansluiting by Eichrodt weer opvallend. Dit beteken nie 'n soeke na een sentrum nie, want dit kan 'n verskeidenheid van sentrums bevat soos wat die verskillende Bybelboeke gemeenskaplike gesigspunte oplewer. Derdens moet 'n teo-

logie ook 'n eksistensiële element bevat waarin dit gaan oor die konkrete ervaring wat mense met God gehad het oor 'n lang periode en in 'n verskeidenheid van situasies. Dit gaan om die OT as ervaring van God.

6. Slot

Die teologie van die OT beleef tans die einde van 'n periode wat tegelykertyd ook as die begin van 'n nuwe fase beskryf kan word. Aan die een kant is die periode waarin die debat gekonsentreer het op die moontlikheid van 'n sentrum al dan nie vir die Ou Testament verby. Die debat word tans ook nie so oorheers deur die insigte en bevindinge van 'n Eichrodt of von Rad van die afgelope dertig en meer jaar gelde nie. Terwyl die meerderheid van teologieë in die tyd na Eichrodt bloot die patroon van Eichrodt gevolg het deur telkens verskillende sentrums voor te stel en te verdedig, is daar nou 'n veel groter verskeidenheid van metodologiese aanpakke vanuit verskillende hoeke wat gevolg word vir die skryf van 'n teologie van die Ou Testament. Eichrodt se meer sistematiese aanpak van von Rad se oorwegend historiese aanpak bly egter nog basiese oriënteringspunte by die skryf van 'n teologie van die OT.

Brueggemann (1984:7) spreek die hoop uit dat daar 'n einde sal kom aan die nadenke oor die metodologie en dat daar meer konkrete resultate sal kom van geleerdes wat hulle besig hou met die teologie van die OT. Dit is immers al gesê dat 'n teologie van die OT in elke geslag nuut geskryf moet word (Chiids 1985:12).

Erkenning

Om- en bygewerkte weergawe van 'n referaat gelewer by 'n RGN-kongres oor "The relevance of theology in the 1990s", September 1990, Stellenbosch. Uiteraard kan daar binne die omvang van die artikel nie aan alle aspekte van die debat aandag gegee word nie. Die debat oor die moontlikheid al dan nie van 'n Bybelse teologie, die bydrae van Joodse geleerdes tot die gesprek, die "hoek" van waaruit 'n teologie van die OT geskryf word, die probleem van die verstaan van die OT, die rol wat kerklike tradisie speel in 'n teologie van die OT, is alles boeiende aspekte van die debat wat elk 'n studie opsigself regverdig en wat nie aandag in hierdie bydrae kry nie.

Bibliografie

- BLENKINSOPP J
1984. Old Testament theology and the Jewish-Christian connection. *Journal for the study of the Old Testament* 28: 3-15.
- BREUGGEMANN W
1980. A convergence in recent Old Testament theologies. *Journal for the study of the Old Testament* 18: 2-18.
1984. Futures in Old Testament theology. *Horizons in Biblical theology* 6(1): 1-11.
- CHILDS BS
1970. *Biblical theology in crisis*. Philadelphia: Westminster.
1979. *Introduction to the Old Testament as scripture*. London: SCM.
1985. *Old Testament theology in a canonical context*. London: SCM.
- COATS GW
1985. Theology of the Hebrew Bible. Knight & Tucker 1985: 239-262.
- COLLINS JJ
1986. Old Testament theology. Collins & Crossan 1986: 11-33.
- COLLINS JJ & CROSSAN JD (eds)
1986. *The Biblical heritage in modern catholic scholarship*. Wilmington: Michael Glazier.
- DIRKSEN PB
1982. De mogelijkheid van een theologie van het Oude Testament. *Nederlands theologisch tijdschrift* 36: 279-290.
- DUMBRELL WJ
1989. *The faith of Israel: Its expression in the books of the Old Testament*. Leicester: Apolllos.
- EICHRODT W
1975. *Theology of the Old Testament*. London: SCM.
- GEYER HG, SCHMIDT JM, SCHNEIDER W & WEINRICH M (Hrsg)
1983. *Wenn nicht jetzt, wann dann? Aufsätze für Hans-Joachim Kraus zum 65. Geburtstag*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- GOLDINGAY J
1981. *Approaches to Old Testament interpretation*. London: Inter-Varsity.
1984. Diversity and unity in Old Testament theology. *Vetus Testamentum* 34(2): 153-168.
1987. *Theological diversity and the authority of the Old Testament*. Grand Rapids Michigan: Eerdmans.
- GOSHEN-GOTTSTEIN M
1975. Christianity, Judaism and modern Bible study. *Vetus Testamentum supplementum* 28: 69-88.
1987. Tanakh Theology: The religion of the Old Testament and the place of Jewish Biblical theology. Miller 1987: 617-644.
- GOTTWALD NK
1970. W Eichrodt: Theology of the Old Testament. Laurin 1970: 23-62.
- HANSON PD
1978. *Dynamic of transcendence*. Philadelphia: Fortress.
- HASEL GF
1984. *Old Testament theology: Basic issues in the current debate*. Revised and expanded third edition. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
1988. Old Testament theology from 1978-1987. *Andrews Uni-*

- versity seminary studies* 26(2): 133-157.
- HAYES JH & PRUSSNER FC
 1985. *Old Testament theology, its history and development*. Atlanta: John Knox.
- HOGENHAVEN J
 1988. *Problems and prospects of Old Testament theology*. Sheffield: JSOT.
- HOLMAN JCM
 1987. Twintig jaar teologie van het Oude Testament. *Logister* 1987: 35-44.
- KAISER WC
 1978. *Toward an Old Testament theology*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- KNIERIM RP
 1984. The task of Old Testament theology. *Horizons in Biblical theology* 6(1): 25-57.
- KNIGHT DA & TUCKER GM (eds)
 1985. *The Hebrew Bible and its modern interpreters*. Chicago: Scholars.
- LAURIN RB (ed)
 1970. *Contemporary Old Testament theologians*. Valley Forge: Judson.
- LEMKE WE
 1989. Is Old Testament theology an essentially christian theological discipline? *Horizons in Biblical theology* 11(1): 59-71.
- LE ROUX JH
 1987. Die verhouding tussen Ou Testament teologie en die geskiedenis van Israel. *Prinsloo & Vosloo* 1987: 67-74.
- LOGISTER WME (et al) (reds)
 1987. *Twintig jaar ontwikkelinge in de teologie - tendensen en perspektiewe*. Kampen: Kok.
- MCCONVILLE JG
 1987. Using Scripture for theology: Unity and diversity in Old Testament theology. *The Scottish Bulletin of Evangelical theology* 5: 39-57.
- MILLER PD, HANSON PD & MCBRIDE SD (eds)
 1987. *Ancient Israelite religion*. Philadelphia: Fortress.
- ODENDAAL DH
 1989. Covenant – centre of the Old Testament? *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif* 30(2): 143-151.
- OEMING M
 1988. Text – Kontext – Kanon: Ein neuer weg alttestamentlicher theologie? *Jahrbuch für Biblische Theologie* 3: 241-251.
- PRINSLOO WS
 1987. Ou Testament teologie vandag en môre. *Prinsloo & Vosloo* 1987: 29-46.
- PRINSLOO, WS & VOSLOO W (reds)
 1987. *Ou Testament teologie: Gister, vandag en môre*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. (Universiteit Pretoria Teologiese Studies)
- RENDTORFF R
 1983. Zur Bedeutung des Kanons für eine Theologie des Alten Testaments. Geyer, Schmidt, Schneider & Weinrich 1983: 3-12.
1989. Theologie des Alten Testaments – Überlegungen zu einem Neuansatz. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif* 30(2): 132-142.
- REVENTLOW HG
 1985. *Problems of Old Testament theology in the twentieth century*. London: SCM.
1987. Zur Theologie des Alten Testaments. *Theologische Rundschau* 52(3): 221-267.
- RODD CS
 1986. Talking points from books.

- Expository times* 97(8): 226-227.
- SCHMIDT WH
1986. The problem of the "centre" of the Old Testament in the perspective of the relationship between history of religions and theology. *Old Testament essays* 4: 46-64.
- SEEBASS H
1965. Der Beitrag des Alten Testaments zum Entwurf einer biblischen Theologie. *Wort und Dienst* 8: 34-42.
- SEYBOLD K
1986. Erwägungen zu einer Theologie des Alten Testaments. *Old Testament essays* 4: 65-78.
- SNYMAN SD
1987. Die verhouding tussen Ou Testament teologie en Ou Testament eksegeese. Prinsloo & Vosloo 1987: 95-106.
- TERRIEN S
1978. *The elusive presence. The heart of Biblical theology*. San Francisco: Harper & Row.
- THOMPSON BP (ed)
1987. *Scripture: Meaning and method: Essays presented to AT Hanson for his seventieth birthday*. Hull: Hull University Press.
- TSEVAT M
1986. Theology of the Old Testament - a Jewish view. *Horizons in Biblical theology* 8(2): 33-50.
- VAN DER WOUDE AS (red)
1986. *Inleiding tot de studie van het Oude Testament*. Kampen: Kok.
- VAN LEEUWEN C
1986. Theologie van het Oude Testament. Van der Woude 1986: 211-227.
- VERMEYLEN J
1989. *Het geloof van Israel: Theologie van het Oude Testament*. Brugge: Tabor.
- VON RAD G
1963. Offene Frage im Umkreis einer Theologie des Alten Testaments. *Theologische Literaturzeitung* 88: 401-416.
1975. *Old Testament theology, vol 1*. London: SCM.
- VOSLOO W
1987. Die verhouding tussen Ou Testament teologie en Inleiding. Prinsloo & Vosloo 1987: 75-94
- WESSELS WJ
1989. The validity of Old Testament theology: Eichrodt, a forerunner of the modern era. Paper presented at the meeting of the OTSSA, Potchefstroom.
- WESTERMANN C
1978. *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- WHYBRAY RN
1987. Old Testament theology - a non-existent beast? Thompson 1987: 168-180.
1989. Today and tomorrow in biblical studies: The Old Testament. *Expository times* 100(10): 364-368.

CL Bester

Die metanoïese organisasie: eliksers of hersenskim?

Samevatting

Die woord "metanoïes" beteken 'n fundamentele verskuiwing van denkwysie. Die term is deur vroeë Christene gebruik om die herontwaking van intuïsie en visie te beskryf. Die komplekse en onopgeloste probleme wat tans deur organisasies ondervind word, veral met betrekking tot mannekrag, vereis kreatiewe en innoverende oplossings. Hierdie artikel plaas die kernbeginsels wat die metanoïese organisasiefilosofie ten grondslag lê en wat op organisasievernuwing gerig is, onder die vergrootglas. 'n Metanoïese organisasie funksioneer met die oortuiging dat dit sy eie bestemming kan beïnvloed. Die klimaat wat deur so 'n benadering geskep word, kan 'n verreikende uitwerking op mense hê. Die metanoïese organisasiefilosofie is op die volgende basiese dimensies gebaseer: 'n duidelike visie wat doelgerig nagejaag word; werknemers wat 'n geïntegreerde dryfkrag agter hierdie visie vorm; meer magte en verantwoordelikhede aan die werknemers; strukturele integriteit en 'n gesonde balans tussen rede en intuïsie.

The metanoic organisation

The word "metanoic" means a fundamental shift of mind. The term was used by early Christians to describe the reawakening of intuition and vision. Current complex and unresolved problems in organisations, especially with regard to manpower have to be addressed in creative and innovative ways. The purpose of this paper is to highlight the key principles underlying a metanoic organisation philosophy directed to renewal in organisation thinking. A metanoic organisation operates with the conviction that it can shape its destiny. The climate created within such an organisation can have profound effects on people. At the heart of the metanoic organisation are the following basic dimensions: a deep sense of vision or purposefulness; alignment around that vision; empowering people; structural integrity and the balance of reason and intuition.

Dit blyk duidelik uit die literatuur (Schein 1984; Naisbitt 1985; Drucker 1985) dat mense die belangrikste bate van enige organisasie is. Mense speel 'n sentrale rol in die organisasie se effektiwiteit, produktiwiteit, gehalte diens en wins wat dit maak. Die meeste organisasies slaag egter nie daarin om hulle werknemers werklik betrokke te kry en hulle meelewing te verseker nie. Dit blyk dat die werknemers hulle nie werklik emosioneel tot die organisasie verbind en die organisasie as 'n "ons-organisasie" in plaas van 'n "hulle-organisasie" aanvaar nie. Dit is dikwels die oorsaak van swak motiveering, lae produktiwiteit, hoë personeelomset, negatiewe persepsies van die organisasie, hoë werkafwesigheid, vermorsing van roumateriaal, hoë ongeluks-geneigdheid, ensovoorts.

Daarbenewens gebeur dit dikwels dat organisasies in die aangesig van 'n onvermoë (om watter rede ookal) om hulle doelstellings te bereik, remediërende aksies loods wat op die werkerskorps konsentreer, maar wat nie gewenste resultate oplewer nie. Hierdie aksies sluit onder andere in die afdanking van personeel, langer werkure, vroeë aftrede van werknemers, strenger beheermaatreëls, die vestiging van nuwe stelsels en prosedures, ensovoorts.

Druk op oorlewing en pogings om wenvoorspronge te verkry en te behou, plaas druk op organisasies om na uitmuntendheid en voortreflikheid te strew. Die status quo is nie voldoende nie. Om in 'n snel veranderende Suid-Afrika te oorleef, sal afgewyk moet word van stereotipe, gekondisioneerde denk- en gedragpatrone en sal vernuwend, kreatief en innoverend besin, beplan en gehandel moet word. In hierdie verband is Kiefer & Senge (1984) se konsep van die metanoïese organisasie van die grootste belang.

1. Die metanoïese organisasiefilosofie

Die term metanoïes is afgelei van die Griekse woord "metanoia" wat deur die vroeë Christene gebruik is om die herontwaking van visie en intuïsie te beskrywe. Die woord impliseer 'n fundamentele verandering van sienswyse. 'n Metanoïese organisasie funksioneer met die oortuiging dat dit self sy bestemming kan beïnvloed. Die term, metanoïese organisasie kan as sambreel-term gebruik word om 'n samehangende organisasiefilosofie waarin vernuwing 'n belangrike rol speel, aan te dui.

Die metanoïese organisasiefilosofie is saamgestel uit die volgende vyf basiese dimensies (Kiefer & Senge, 1984):

- 'n Duidelike, konkrete toekomsvisie is nodig en moet doelgerig nagejaag word;
- werknemers moet as 'n gelintegreerde geheel 'n dryfkrag agter hierdie

visie vorm en sodanig funksioneer;

- meer outonomie, magte en verantwoordelikhede moet na werknemers afgewentel word en hulle moet geleentheid hê om hulle eie keuses waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar, te maak;
- die organisatoriese struktuur in sy breedste sin moet buigsaam en kongruent met die organisasie se doelstellings wees;
- 'n unieke balans tussen rede en intuïsie moet geskep word.

Die metanoïese organisasiefilosofie is volgens Kiefer & Senge (1984) op die volgende aannames gebaseer:

- Mense is goed, eerlik en betroubaar en elkeen wil 'n bydrae tot die organisasie lewer;
- mense is doelgerig;
- elke individu het 'n unieke bydrae om te lewer;
- komplekse probleme vereis plaaslike oplossings;
- 'n outokratiese leierskapstyl is uitgedien;
- 'n "ek-of-jy-benadering" moet vervang word met 'n "ek-en-jy-benadering";
- stimuleer sisteemdenke deur 'n gunstige atmosfeer te skep;
- stimuleer 'n groter bewustheid van en verantwoordelikheid teenoor groter sisteme waarbinne die individu funksioneer;
- verkry 'n deeglike begrip van sisteembeginsels en eerbiedig dit.

2. Riglyne vir organisasievernuwing

Die basiese dimensies van die metanoïese organisasiefilosofie kan as die belangrikste riglyne vir organisasievernuwing gebruik word.

2.1 Visie en doelgerigheid

Volgens verskeie skrywers (Ball en Asbury 1990; Block 1987; Kiefer & Senge 1984; Manning 1987; Morgan 1988 en Naisbitt & Aburdene 1985) is dit noodsaaklik dat 'n organisasie 'n duidelike, konkrete visie van die toekoms moet hê en dat hierdie visie doelgerig nagejaag moet word. Naisbitt & Aburdene (1985) definieer 'n visie as 'n heeltemal nuwe beskouing van waarheen die organisasie op pad is en hoe om daar te kom. Dostal & Osler (1990) meen dat die visie in die eerste plek 'n uitdrukking moet wees van wat die organisasie wil wees en nie van wat hy wil doen nie. Die visie moet nie abstrak en vaag wees nie, maar duidelik en konkret.

Vir Block (1987) is 'n visie die visualisering en voorstelling van 'n toekoms wat verkies word, 'n begerde toestand, 'n ideale toestand. Die visie moet strategies en verheve wees. Daarbenewens moet dit verbeeldingryk en meesleurend wees. Die visie behels meer as net 'n missie en doelwitte en doelstellings. Laasgenoemde is 'n voorspelling van wat gaan gebeur. Voorspellings van wat tydens die volgende week, maand of kwartaal gedoen gaan word, is 'n verlengstuk van wat die afgelope week, maand of kwartaal gebeur het. Gevolglik is doelwitte en doelstellings beperkend en in sommige opsigte neerdrukkend. Block (1987) verwys na navorsing wat aantoon dat deelnemers tydens sessies waar doelwitte en doelstellings geformuleer word, toenemend depressief raak. Hierdie bevindinge moet deels toegeskryf word aan die opvatting dat doelwitstelling die oortuiging versterk dat die toekoms nie anders as die verlede sal wees nie.

Dostal & Osler (1990) beklemtoon ook die kardinale rol wat 'n organisasie se beskouing van die toekoms ten opsigte van sy doeltreffendheid speel. Meta-noiese organisasies is daarvan oortuig dat die toekoms nie akkuraat voorspel kan word nie. Die toekoms kan wel bepaal of teweeggebring word deur individue en organisasies wat nie deur omstandighede beperk word nie, maar wat verantwoordelikheid aanvaar om hulle eie bestemmings en lot te bepaal. Hierdie beskouing is in teenstelling met die uitgangspunt dat die toekoms so akkuraat as moontlik voorspel kan word, sodat die organisasie hierby kan aanpas om onbeheerbare omgewingskragte te hanteer.

Volgens Dostal & Osler (1990) is 'n langtermynoriëntasie nodig om 'n toekoms wat die organisasie as wenslik beskou, daar te stel. Die rede hiervoor is dat hoe verder die waargenome bedreigings of geleenthede in die verskiet lê, hoe meer neem die keuse van alternatiewe strategieë toe. Organisasies wat nie die toekoms voortdurend verken nie, word skielik met onvoorsiene omstandighede gekonfronteer. Hulle moet gewoonlik reaktief optree en het dan slegs 'n beperkte of geen keuse met betrekking tot strategieë nie. In 'n metanoiese organisasie is die langtermyn toekomsoriëntasie vervleg met die organisasie se kultuur. Dit is 'n voortdurende, pro-aktiewe oriëntasie eerder as 'n jaarlikse beskouing van die toekoms of strategiese beplanningsbenadering wat dikwels die norm is.

Die daarstelling van 'n wenslike toekoms vereis omsigtige beplanning wat gebaseer is op 'n begrip van die aard van omgewingsveranderinge en die onderliggende dryfkragte. Dit behels insig in en beoordeling van dit wat gebaseer kan word op 'n begrip van sowel vorige en huidige ontwikkelinge (dit wil sê die waarskynlike en die moontlike), as van wat behoort te wees (dit wil sê wat wenslik is). Om 'n begrip van die toekoms, asook geskikte response daarop te ontwikkel, vereis 'n ontleding van omgewingsveranderinge, asook die vermoë om te sintetiseer.

In 'n organisasie kan 'n visie verskeie dimensies hê. Sommige van hierdie

dimensies kan betrekking op die produk hê soos om die wêreld se kragtigste rekenaars te vervaardig. Ander dimensies soos vryheid en verantwoordelikheid kan weer met die organisasie self verband hou. Wat egter baie belangrik is, is nie wat die visie is of behels nie, maar wat dit doen. Deur byvoorbeeld 'n standpunt in te neem ten gunste van iets wat werklik vir mense saak maak, skep die organisasie 'n omgewing of klimaat waar betrokkenheid en verbondenheid eerder die norm as die uitsondering is. Die werknemers het dan altyd 'n beskikbare standaard in terme waarvan hulle hul eie handelinge beoordeel.

Die Apollo-maanprojek is volgens Kiefer & Senge (1984) 'n goeie voorbeeld van die krag van 'n duidelike en meesleurende visie. Deur hulleself te verbind om teen die einde van die sestigerjare 'n man op die maan te plaas, het die projekteilers 'n standpunt ingeneem. Die duidelikheid van hierdie visie en die oortuiging waarmee dit voorgestel en oorgedra is, het mense op alle vlakke van hierdie onderneming besiel. 'n Visie soos "om leiers in ruimteverkenning te wees", sou te vaag en onduidelik wees en nie dieselfde geesdrif ontlok het nie. Hierdie visie het 'n hele nywerheid en 'n hele nasie betrek en meegesleur.

'n Belangrike aspek met betrekking tot die skepping van 'n visie is dat dit uitdrukking moet gee aan die organisasie se waardestelsel (Block 1987; Dostal & Osler 1990; Morgan 1988) en die bydrae wat dit wil lewer. Volgens Block (1987) kanaliseer 'n visie werknemers se diepste waardes na die werkplek en word dit 'n woordbeeld van hoe werknemers wil hê dat hulle waardes in die werkspan uitgeleef moet word. Lawler (1983) is 'n voorstander van die vervanging van 'n burokratiese bestel deur 'n meer ad hoc-kratiese bestel in organisasies. Sonder 'n uitgebreide burokrasie wat take spesifiseer en uitgebreide maatreëls ontwikkel om te verseker dat hierdie take betyds en doeltreffend uitgevoer word, is 'n plaasvervanger nodig om 'n algemene rigting aan te dui en die werknemer se gedrag te rig. 'n Visie of waardestelsel of stel kulturele kernoortuigings kan hierdie doel dien. Wanneer 'n gemeenskaplike waardestelsel gedefinieer word, kan selfbestuurseenhede fokus op die resultate van doelstellings en werkverrigting wat in ooreenstemming met hierdie waardes is. Elke werknemer kan dan vir homself/haarself bepaal wat gedoen behoort te word en hoe dit gedoen behoort te word. 'n Rigiede voorskriftelike prosedure word dan vervang met eie diskresie en inisiatief. Block (1987) wys daarop dat die visie onder meer voorsiening moet maak vir hoe die werknemers behandel behoort te word. Die visie moet ook fokus op die organisasie se verhoudinge met sy opponente. Integriteit is die organisasie se gewilligheid om voortdurend inhoud aan sy visie te gee.

Die inisiatief vir die skepping van 'n visie moet volgens Naisbitt & Aburdene (1985) van die leier af uitgaan. Die leier is 'n persoon wat oor 'n unieke kombinasie van vaardighede beskik: die verstandelike gawe om 'n visie te skep en die praktiese vermoë om dit te laat realiseer. Die leier kan egter ook 'n proses in werking stel om sy kollegas aktief te betrek om individueel of gesamentlik 'n visie daar te stel. Naisbitt & Aburdene (1985) meen dat die leier hom nie met

praktiese besonderhede moet bemoei nie, maar moet konsentreer op die organisasie se basiese doelstellings, die redes vir die organisasie se bestaan, die algemene rigting waarin dit beweeg, ensovoorts. Die leier moet nie begaan wees oor die vraag of dinge reg gedoen word nie, maar eerder oor die vraag of die regte dinge gedoen word.

Dostal & Osler (1990) meen dat 'n leier eerder as 'n bestuurder onontbeerlik in die metanofiese organisasie is. Zaleznik (1977) wys daarop dat die leier veral geassosieer word met die dinamiese fasette van bestuur, terwyl die bestuurder meer op die meganiese aspekte van bestuur konsentreer. Die tipiese leier is gewoonlik 'n persoon met skeppende, visionêre vermoëns wat tuis is in 'n veranderende, kreatiewe en onstuimige atmosfeer. Die leiersfunksie van topbestuur is om die skepping van 'n visie vir die organisasie te fasiliteer. Verdere leierskapsfunksies is om: die visie te dekodeer, sodat dit vir verskillende departemente en vlakke geskik sal wees; die visie na al die werknemers te kommunikeer; inisiatiewe wat met die visie verband hou, aan te moedig; werknemers as 'n geïntegreerde dryfkrag agter die visie saam te snoer; werknemers in so 'n posisie te stel dat hulle hul eie bestemming binne die organisasie kan bepaal; weerstand en angs by werknemers te verminder en om die visie uit te leef, sodat dit as 'n voorbeeld vir andere kan dien.

Topbestuur moet as rolmodelle vir hierdie bestuurstyl dien.

2.2 Samesnoering van werknemers tot 'n sinergistiese dryfkrag agter die visie

Volgens Kiefer & Senge (1984) en Harrison (1987) moet mense in 'n organisasie as 'n sinergistiese geheel funksioneer en werk en sodoende 'n dryfkrag agter die visie vorm. 'n Duidelike en tydige visie dien as katalisator vir die samesnoering van werknemers tot 'n sinergistiese geheel en dryfkrag. Voorbeelde van so 'n sinergistiese geheel is spanwerk wat so kenmerkend is van uitstaande sportspanne, toneelgeselskappe en simfonie-orkeste. Wanneer 'n hoë mate van hierdie sinergisme tot 'n geheel tussen spanlede wat hulle tot 'n gemeenskaplike visie verbind het, ontwikkel het, kan die individu se konsep van verhouding en van die self verander.

Abraham Maslow het vasgestel dat 'n hoogs sinergistiese en hegte bedryfsplan mettertyd die taak wat hulle moes uitvoer, nie meer as iets afsonderlik van hulle waargeneem het nie: iets buite die persoon en anders of verskillende van hom nie. Die individu het so sterk met die taak geïdentifiseer dat sy/haar werklike self nie gedefinieer kon word sonder om die taak in aanmerking te neem nie.

Hierdie sinergistiese geheel is vir Kiefer & Senge (1984) veral vanweë twee redes van deurslaggewende belang: enersyds bind dit 'n groep uiteenlopende

individue saam tot 'n gemeenskaplike liggaam waarin elkeen voel dat sy of haar bydrae belangrik is; andersyds kan spanne wat 'n hoë mate van sinergisme ervaar, resultate lewer wat die meeste mense dink onmoontlik is.

Volgens Naisbitt & Aburdene (1985) is die leier se eerste rol die skepping van 'n visie. Die volgende stap is om mense te trek wat kan help om hierdie visie kollektief te verwesenlik. Dit is nodig dat die betrokkenes die visie as hulle eie moet aanvaar, asook die verantwoordelikhede om dit te volvoer. Indien hulle 'n geïntegreerde en gekoördineerde dryfkrag vorm, is dit moontlik dat hulle bo hulle persoonlike beperkinge kan uitstyg en 'n kollektiewe sinergie ontwikkel wat resultate teweegbring wat alle verwagtinge oortref. 'n Suksesvolle korporatiewe visie koppel 'n persoon se werk met sy/haar lewensdoel. Dit genereer 'n gesindheid en geesdrif wat mense in organisasies aanspoor om 'n ekstra poging aan te wend om dinge reg te doen en om die regte dinge te doen (Naisbitt & Aburdene, 1985).

Dikwels slaag organisasies nie daarin om hulle visie te verwesenlik nie vanweë die teenstrydighede tussen die geïdealiseerde visie en die werklike dag-tot-dag omstandighede. As gevolg van die druk van die gemiddelde werkdag kom werknemers in die versoeking om op onvermydelike probleme te reageer deur van die visie af te sien, dit te wysig of dit heeltemal te ignoreer. Kiefer & Senge (1984) glo egter dat hierdie spanning tussen wat behoort te wees en wat werklik is, gesond is. Die spanning noodsaak 'n oplossing wat die skaal in die rigting van die visie swaai.

Naisbitt & Aburdene (1985) beklemtoon die feit dat die enigste manier om visie en sinergisme tot 'n saambindende geheel en dryfkrag te vestig is om hierdie konsepte in die organisasie se dag-tot-dag omgewing te vestig. 'n Sterk groeps-kohesie waar werknemers vir mekaar omgee, by mekaar betrokke is, mekaar ondersteun en aanmoedig, maar ook ruimte vir mekaar se individualisme skep, is onontbeerlik en van kardinale belang vir die dryfkrag wat die visie moet verwesenlik.

2.3 Beheer oor eie sake, keuses, verantwoordelikhede en bestemming binne die organisasie (“empowerment”)

Vir Kiefer & Stroh (1984) is 'n kenmerk van die metanoïese organisasiefilosofie die erkenning dat persoonlike mag, outonomie en die vermoë om te skep wat jy wil skep, 'n kritiese faktor ten opsigte van persoonlike bevrediging en organisatoriese effektiwiteit is. Gevolglik is daar in hierdie organisasies 'n bewuste, groot vertroue in mense om betekenisvolle bydrae tot operasionele resultate te maak. Werknemers word in situasies geplaas waar die organisasies se sukses van hulle prestasie afhang.

Werknemers in metanoïese organisasies glo dat hulle tot 'n groot mate hulle

die bestemming in organisasies kan bepaal. Deur verantwoordelik vir hulle eie bestemming te voel, word hulle in staat gestel om beheer oor eksterne kragte te verkry eerder as om kragteloos in die teenwoordigheid daarvan te voel. Foute word as leergelentheid benader. Eksterne kragte word as potensiele vennote eerder as struikelblokke beskou. Werknemers moet nie die persepsie kry dat hulle geen verskil aan die uiteindelijke resultaat maak nie. Hulle moet hulleself nie as slagoffers van eksterne kragte buite hulle beheer beskou nie.

Omdat metanoïese organisasies erkenning gee aan mense se mag om die doelstellings waarop hulle hulle toespits, te bereik, plaas hulle volgens Kiefer & Stroh (1984) die primêre klem op resultate eerder as op die prosesse om resultate te behaal. Enige proses wat effektief en in ooreenstemming is met die hoër waardes wat in die organisasie se doelstellings beliggam is, word as geskik beskou. Metanoïese organisasies erken dat dit onmoontlik is om vooruit te bepaal wat die "regte" proses is, omdat die omgewing inherent kompleks en onvoorspelbaar is. Daarom word eksperimentering beklemtoon. Aksies word onderneem en in die proses word verlangde aanpassings voortdurend gemaak terwyl daar op die gewenste resultaat gefokus word. Kiefer & Stroh (1984) wys daarop dat die klem in organisasie-ontwikkeling voorheen eerder op die ontwikkeling en toepassing van prosesse geval het as op beter resultate waarvoor die prosesse bestem was. Baie praktisyns het ook nie besef dat hulle obsessies met prosesse nog meer prosesse teweeggebring het nie.

Benewens meer mag, outonomie en vryheid van keuses wat in metanoïese organisasies aan werknemers toegesê word, word daar ook voldoende gelentheid vir groei en ontwikkeling geskep. Alhoewel die meeste organisasies die persoonlike groei en ontwikkeling van hulle lede voorstaan, is hulle verbintenis aan hierdie doelwit vir Kiefer & Stroh (1984) beperk en vind dit nie werklik effektief neerslag in die praktyk nie. Indien werknemers nie 'n sinergistiese eenheid vorm nie, kan groei, ontwikkeling en groter magte en verantwoordelikheid disharmonie en konflik bewerkstellig of vermeerder. Dit kan vir bestuur 'n groot las word om individue wat baie mag ontvang het, te bestuur wanneer hierdie individue verskillende rigtings inslaan en nie saamwerk nie. Wanneer die beste belange van die individu en die organisasie egter kongruent is, kan die groter magte wat aan die individu gegee word en die feit dat hy/sy beter toegerus word, positief na die organisasie deurwerk.

Indien 'n organisasie na voortreflikheid en uitmuntendheid streef, is dit belangrik dat 'n klimaat en kultuur geskep word wat die wesentlike behoeftes van die individu aanspreek. Volgens Naisbitt & Aberdene (1985) word die beste en deskundigste mense aangetrek deur organisasies wat ruimte skep vir persoonlike groei.

2.4 Organisasiestruktuur

Die metanoïese organisasiestruktuur toon die volgende kenmerke:

2.4.1 Die organisasiestruktuur is kongruent met die visie

Kiefer & Senge (1984) gebruik die term "strukturele integriteit". 'n Diepgaande verandering ten opsigte van 'n organisasie se visie en gevolglike doelstellings noodsaak 'n herstruktureringproses binne die organisasie. Strukturele veranderinge alleen is egter dikwels oneffektief. Dit moet gepaard gaan met veranderinge ten opsigte van verbandhoudende aspekte soos veranderinge ten opsigte van die wyse waarop mense funksioneer, prosesveranderinge, prosedureveranderinge, ensovoorts. 'n Goeie voorbeeld van strukturele integriteit is die volgende: Indien die organisasie herstruktureer word met die klem op produktiwiteitsverhoging deur middel van aktiewe werknemerdeelname, moet die beloningstruktuur hierby aangepas word om dit te ondersteun. Indien dit nie gebeur nie, is dit 'n voorbeeld van die skending van die beginsel van strukturele integriteit.

2.4.2 Buigsaamheid en aanpasbaarheid

'n Verdere kenmerk van die metanoïese organisasie is sy buigsaamheid en aanpasbaarheid. Tuttle (1988) wys daarop dat toenemende mededinging, tegnologiese ontwikkeling en korter produklewensiklusse druk op organisasies plaas om vinniger op toekomstige veranderinge te reageer as wat in die verlede die geval was. Hierdie toestande vereis van organisasies om anders as in die verlede te werk te gaan en om hulle aanpasbaarheid en buigsaamheid te maksimeer. Aanpassings sal ten opsigte van die volgende aspekte gemaak moet word: organisasiestruktuur; integrasie van inligtingstelsel oor funksionele grense; gedesentraliseerde besluitneming; minder posklassifikasie; multi-geskoolde werkkragte; meer effektiewe kommunikasie tussen funksionele groepe; strategiese denke op alle organisasievlakke; en probleemoplossings-aktiwiteite deur middel van spanwerk.

Ook Wickens (1989) pleit vir 'n groter buigsaamheid binne organisasies. Buigsaamheid beteken vir Wickens nie om mense vinnig van een afdeling na 'n ander te roteer nie. Buigsaamheid verwys na die volgende: om alie poste binne die organisasie soveel as moontlik uit te brei, en om werknemers se vermoë soveel as moontlik te ontwikkel sodat hulle meer doelmatig en doeltreffend kan funksioneer.

Om buigsaamheid teweeg te bring kan die volgende stappe geneem word (Wickens 1989):

1. Die aantal posbenaminge moet tot die minimum beperk word.

2. Posbeskrywings moet sover as moontlik vermy word, aangesien dit mense optrede beperk in plaas van dat die vlak van buigsaamheid en bekwaamheid verhoog word.

3. Werknemers moet totale verantwoordelikheid aanvaar vir die gehalte werk wat hulle lewer. Slegs 'n minimum kontroleurs moet gebruik word anders word die verantwoordelikheid na andere verplaas. Die leuse moet wees dat die gehalte van die diens of produk die eerste keer reg moet wees.

4. 'n Atmosfeer moet geskep word waarin alle personeel kan bydra tot die voortdurende verbetering van gehalte, veiligheid en produktiwiteit as 'n normale deel van die werk. Werknemers moet ten volle in die veranderingsproses betrek word. Die persoon wat met 'n idee vorendag kom, moet sover as moontlik gelcentheid kry om die idee tot by die voltooiingsdatum deur te voer.

5. Twee kategorieë elemente is in die werksituasie ter sprake, naamlik die voorgeskrewe en die diskresionêre. Die voorgeskrewe elemente verwys na dit wat gedoen moet word om te oorleef, byvoorbeeld gehaltevereistes, tydvereistes, ensovoorts. Diskresionêre elemente verwys na elemente bo en behalwe die voorgeskrewe elemente, byvoorbeeld selfkontrole, voortdurende verbetering, ensovoorts. Die doel moet wees om so doeltreffend as moontlik aan die voorgeskrewe elemente te voldoen en om die diskresionêre elemente uit te brei. Die meeste mense verkies om 'n invloed uit te oefen op wat hulle doen en hoe hulle dit doen. Hoe meer invloed hulle op hulle omgewing uitoefen, hoe meer tevrede voel hulle.

6. Buigsaamheid verwys nie net na die werk wat mense werklik doen nie, maar ook na die aantal mense wat dit doen. Die werklike werknemerpatroon is besig om fundamenteel te verander, veral in die vervaardigingsbedryf. Waar verreweg die grootste proporsie werknemers voorheen permanente werknemers was en slegs 'n klein persentasie tydelike werknemers, is hierdie patroon besig om te verander. Dikwels is die aanvraag-aanbodsituasie vir hierdie tendens verantwoordelik. Numeriese buigsaamheid het betrekking op die gemak waarmee die getal werknemers wat in diens geneem is, aangepas kan word om voorsiening te maak vir fluktuasies ten opsigte van die aanvraag. Hoc die fluktuasies ookal geskied, die numeriese buigsame organisasie is een wat die regte getal werknemers tydens enige stadium van fluktuasie in diens het en nie te veel of te min nie. 'n Kerngroep werknemers wat sleutelposte beman, is op die permanente diensstaat van die organisasie terwyl die res tydelike werknemers is waarvan die getal kan wissel, afhangende van die aanvraagsituasie.

Terwyl organisasies die behoefte om vinniger te verander in die gesig staar, ervaar hulle ook 'n groter behoefte aan stabiliteit. Hierdie stabiliteit of konsekwentheid in die aangesig van vinnige verandering, spruit voort uit 'n duidelike artikulasie van en vasklewing aan 'n stel kernwaardes. Die waardegerigte benadering kan baie vorms aanneem. So kan die kernwaardes onder andere vervat wees in die vorm van 'n korporatiewe filosofie. Die kernwaardes help stuur die

organisasie deur die onstuimigheid van omgewingsverandering en help ook om 'n diverse werkmag te verenig. Hierdie gemeenskaplike waardes moet aanhoudend gekommunikeer word, moet in bestuursbeheersisteme ingebou word, en moet as rigtingwysers gebruik word om besluite en optrede wat daarop toegespits is om 'n gemeenskaplike organisasiekultuur te bou, te rig (Tuttle 1988).

2.4.3 Deelname aan besluitneming

'n Verdere belangrike strukturele kenmerk van metanoïese organisasies is volgens Dostal & Osler (1990) werknemers se deelname aan besluitneming. Metanoïese organisasies heg baie waarde aan die individu as 'n persoon wat dink, voel en ontwikkel, wat individuele behoeftes ervaar en wat unieke bydraes kan lewer.

2.4.4 Afplatting van hiërargiese strukture

As gevolg van die koms van die rekenaar het die middelste bestuursvlakke en baie middelvlakbestuurders oorbodig geraak, aangesien hulle oorwegend 'n beheerfunksie vervul het (Drucker 1988; Naisbitt & Aburdene 1986). Die gevolg is dat hiërargiese, outokratiese strukture toenemend afplat en meer horisontaal word. Die piramide word vervang deur gedentraliseerde, produkgeoriënteerde afdelings of winssentra. Binne hierdie afdeling is spanstrukture algemeen (Tuttle 1988). Die doelstellings van hierdie nuwe organisasietipes is onder meer beheerbare organisasiegrootte, buigsaamheid en lae bestuurskoste. Bogenoemde word gereflekteer in minder bestuurs- en hiërargiese vlakke, asook minder bestuurders in verhouding tot die getal produk-siewerkers.

Hierdie beskouing word ook deur Lawler (1983) onderskryf. Navorsing het reeds aangetoon dat kostebesparings wat deur die vermindering van hiërargiese vlakke teweeggebring word, aansienlik is, terwyl die effektiwiteit van die organisasie nie noodwendig benadeel word nie.

2.4.5 Die metanoïese organisasie sal toenemend 'n inligtingsgeoriënteerde organisasie word

Drucker (1988) meen dat 'n belangrike kenmerk van die organisasie van die toekoms sal wees dat dit 'n inligtinggeoriënteerde of kennisgeoriënteerde organisasie in plaas van 'n bevel-en-beheerorganisasie sal wees soos wat dit in die verlede die geval was. Kennis en inligting sal nie net in die boonste bestuursvlakke gesentreerd wees nie, maar sal tot op die onderste vlakke beskikbaar moet wees. Hierdie nuwe ontwikkeling moet veral aan die koms van die rekenaar toegeskrywe word.

By 'n inligtinggeoriënteerde organisasie val die klem op spesialiste wat self hulle koers bepaal en hulself dissipleneer met behulp van georganiseerde terugvoer van hulle kollegas, kliënte en topbestuur. Hierdie spesialiste sit nie in korporatiewe hoofkwartiere nie, maar is aktief in organisasies betrokke.

Gevorderde dataprozesseringstechnologie is nie noodsaaklik om 'n inligtinggeoriënteerde organisasie op die been te bring nie. Namate gevorderde tegnologie egter al hoe meer veld wen, word ontledings en diagnoses, dit wil sê inligting al hoe belangriker aangesien baie meer inligting beskikbaar raak om benut te word.

'n Verdere kenmerk van die inligtinggeoriënteerde organisasie is volgens Drucker (1988) dat tradisionele departemente nie meer direk met die primêre werk self gemocid sal wees nie. Hierdie departemente sal andersoortige take as in die verlede uitvoer, byvoorbeeld om oor standarde te waak, opleiding te verskaf, spesialiste aan te wys, ensovoorts. Die primêre werk sal deur taakgeoriënteerde spanne verrig word.

Navorsing gaan in die inligtinggeoriënteerde organisasie steeds 'n belangrike plek beklee, alhoewel 'n klemverskuiwing gaan plaasvind ten opsigte van die tradisionele volgorde van navorsing, naamlik ontwikkeling, vervaardiging en bemarking. Die klem sal nou op sinchronisasie val. Spesialiste uit die onderskeie velde van ontwikkeling, vervaardiging en bemarking sal toenemend saamwerk vanaf die beplanningsfase van 'n produk tot wanneer dit vervaardig is en bemark word.

Hierdie taakgroepe sal ook meer op 'n ad hoc-basis funksioneer. Groter selfdissipline sal van hulle vereis word en meer klem sal gelê word op individuele verantwoordelikhede vir verhoudings en kommunikasie. Aangesien die werknemers in 'n inligtinggeoriënteerde organisasie spesialiste is (Drucker 1988), kan hulle nie voorgeskryf word hoe hulle hul werk moet doen nie. Die dirigent in 'n simfonie-orkester kan waarskynlik nie een musieknoet uit baie van die musikinstrumente optower nie. Wat hy egter wel kan doen, is om die instrumentaliste se vaardighede en kennis op die gesamentlike werkverrigting te fokus en hulle individuele pogings tot 'n harmonieuse eenheid saam te snoer. Die leiers van die inligtinggeoriënteerde organisasie moet hierdie fokus bewerkstellig.

2.5 Integrasie van intuïsie en rede

'n Belangrike kenmerk van die metanoïese organisasie is volgens Kiefer & Stroh (1984) die gebruik van intuïsie en rede. Intuïsie speel 'n noodsaaklike rol in die skepping van die organisasie se visie, die ontwikkeling van 'n kollektiewe sinergisme wat op 'n gemeenskaplike fokuspunt gerig is en denke aangaande organisatoriese ontwerp. Die oorsprong van 'n meesleurende werkbare visie is geleë in die onderliggende doel van die organisasie, gekombineer met insig in die toekoms. Intuïsie is net so belangrik vir hierdie gerigtheid. Hoogs gerigte

mense funksioneer onbewustelik as 'n gesinchroniseerde span. Organisasie-leiers maak ruimskoots van intuïsie gebruik om strukture te begryp en te ontwerp. Terselfdertyd word die rede ingespan om intuitiewe gevolgtrekkings te kontroleer, asook om die agtergrond van besluite duidelik aan andere oor te dra en om die prosesse waardeur besluite die beste geïmplementeer kan word, te beplan.

Die waarneming dat intuïsie betekenisvol tot organisatoriese prestasie bydra, word gerugsteun deur navorsing wat aantoon dat suksesvolle uitvoerende amptenare intuitiewe doeltreffender as ander bestuursers gebruik. Dikwels gebruik uitvoerende amptenare intuïsie wanneer hulle moeilike besluite in 'n komplekse en veranderende omgewing moet maak. Intuïsie maak dikwels inligting wat nie gereedelik vir die rasonale denke beskikbaar is nie, toeganklik en prosesseer dit dan op 'n induktiewe, nieliniêre wyse. Te veel inligting is soms net so verlamdend soos te min en in sulke gevalle kan intuïsie help om werklik noodsaaklike inligting te identifiseer.

Rasonale ontleding op sigself is dikwels nie voldoende om die magdom bestaande komplekse en veranderende inligting te verwerk nie. Gerespekteerde bestuurswetenskaplikes erken dikwels die beperkinge van hulle benadering. Leiers ontwikkel 'n unieke wisselwerking tussen intuïsie en rede om sleutelveranderlikes sinvol te integreer. Hulle gebruik intuïsie om hulle ontleding te rig en hulle onderwerp ook voortdurend hulle intuitiewe insigte aan rasonale kontrole.

3. Slot

Aanvanklik is gewys op die talle probleme wat organisasies tans ervaar, veral om werknemers wat die belangrikste bate van 'n organisasie is, betrokke by die organisasie te kry en om geesdriftige meelewing en verbondenheid te verseker. Daar is ook aangedui dat vernuwende, skeppende denke nodig is om in 'n snel veranderende Suid-Afrika te oorleef. In hierdie artikel is die metanoïese organisasiefilosofie voorgedra as 'n voorbeeld van vernuwende denke wat bestaande en nuwe vraagstukke suksesvol kan aanspreek en in sekere organisasies reeds suksesvol aangespreek het.

Die organisasie van die toekoms sal waarskynlik in 'n onstuimige omgewing funksioneer en sy weg moet vind. Dit sal 'n omvangryke en vinnig veranderende wêrelddeklaratie in die gesig staar. Kompetisie sal kwantitatief en kwalitatief toeneem. Tradisionele organisatoriese strategieë, strukture, tegnologieë en menslike hulpbronsisteme sal plek maak vir baie andersoortige organisasievorme.

Werknemers wat suksesvol in hierdie omgewing funksioneer, sal gestimuleer moet word, uitdagings moet aanvaar en dienooreenkomstig beloon moet word.

Alleenlik organisasies wat menslike potensiaal suksesvol kan ontsluit en dit met die tegniese bronne wat met die nuwe tegnologie gepaard gaan, kan kombineer, sal sukses in 'n mededingende wêreld behaal.

Die kritiese faktor is strategie. Organisasies sal gedwing word om die proses van strategie-ontwikkeling en veral strategie-implementering dramaties te verbeter. Hierdie strategie moet egter voortspruit uit 'n duidelik geartikuleerde visie en waardestelsel. Dit is hierdie visie en waardes wat as navigator vir die organisasie sal dien.

Bibliografie

- ADAMS JD (ed)
1984. *Transforming word*. Virginia: Miles River.
- BALL A & ASBURY S
1989. *The winning way*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- BLOCK P
1987. *The empowered manager. Positive political skills at work*. San Francisco: Jossey-Bass.
- DOSTAL E & OSLER K
1990. Organisation renewal. The metanoic organisation in South Africa. *IPB journal* July: 17-22.
- DRUCKER PF
1985. *Innovation and entrepreneurship*. London: Heinemann.
1988. The coming of the new organization. *Harvard business review* January: 2-7.
- HAGE J (ed)
1988. *Futures of organizations: innovating to adapt strategy and human resources to rapid technological change*. New Jersey: Lexington.
- HARRISON R
1987. *Organization culture and quality of service*. London: Association for Management Education and Development.
- KIEFER CF & SENGE PM
1984. Metanoic organizations. Adams 1984: 68-84.
- KIEFER CF & STROH P
1984. A new paradigm for developing organizations. Adams 1984: 170-184.
- LAWLER EE
1983. Substitutes for hierarchy. *Organizational dynamics* 1983: 5-15
- MANNING AD
1987. *Communication for change*. Johannesburg: Juta.
- MORGAN G
1988. *Riding the waves of*

- change. Developing managerial competencies for a turbulent world.* San Francisco: Jossey-Bass.
- NAISBITT J & ABURDENE P
1985. *Reinventing the corporation.* London: MacDonald.
- SCHEIN EH
1984. *Coming to a new awareness of organizational culture* 25(2): 261-277.
- TUTTLE TC
1988. Technology, organization of the future and non management roles. Hage 1988: 163-180.
- WICKENS P
1989. *The road to Nissan.* London: Macmillan.
- ZALEZNIK A
1977. Managers and leaders. Are they different? *Harvard business review* 55(3):67-78.

WJ Botha

Die grammatikale status van die bepaalde lidwoord in verbinding met akronieme met eienaamstatus

Samevatting

Akronieme met eienaamstatus is die gevolg van 'n reduksieverskynsel wat baie produktief in Afrikaans werksaam is. Die eienaamstatus van die akroniem beïnvloed die rol en grammatikale status van die bepaalde lidwoord, wat sy oorsprong by die morfologiese samestelling van die onderliggende beskrywing het, en wel op so 'n wyse dat die lidwoord se verbinding met die akroniem verpligtend is, fakultatief is, of redundant word. Na aanleiding van die referensiële status van die akroniem word hierdie verskynsel ondersoek. As referensiële uitdrukking ontstaan die akroniem uit 'n bepaalde naamwoordstuk wat as individualiserende beskrywing na 'n intermediêre naamdraende vlak verwys. Die voorkoms van die bepaalde lidwoord in verbinding met die akroniem word bepaal deur die relatiewe eienaamstatus van die akroniem-uitdrukking as naamdraer. Die toename van eienaamstatus van die akroniem staan dus in verhouding tot die afname in die bepaaldheidsbetekenis van die bepaalde lidwoord.

The grammatical status of the definite article in combination with acronyms which function as proper names

Acronyms which act as proper names are the result of a reduction process. This is a very productive process in the Afrikaans language. The status of the acronym, inclined to be a proper name, influences the grammatical status of the definite article (resulting from the underlying definite description) in such a way that the appearance of the definite article in combination with the acronym becomes obligatory, facultative, or redundant. This phenomenon is analysed with reference to the referential status of the acronym. As a referential expression the acronym originates from a definite noun phrase which operates on an intermediate name-bearing level as a definite description. The appearance of the definite article in combination with the acronym is determined by the relative status of the acronym-expression as a name-bearer. Therefore the increase in status as proper name (of the acronym) is related to the decrease in definiteness of the definite article.

Akroniemvorming is 'n reduksieproses wat baie produktief in Afrikaans werksaam is, veral ten opsigte van die vorming van woorde met eienaamstatus. Hierdie verskynsel word konsekwent in Afrikaanse dagblaaie waargeneem. Vergelyk byvoorbeeld die volgende onvolledige (!) lys akronieme wat uit *Beeld*, 20 September 1990 opgeteken is:

1. die ACO < Automobile Club de l'Ouest
- die AHI < Afrikaanse Handelsinstituut
- die ANC ...
- die APK < Afrikaanse Protestantse Kerk
- die DOO < Departement van Onderwys en Opleiding
- die EEG ...
- die JSE < Johannesburgse Effektebeurs
- die KP < Konserwatiewe Party
- die KSOK ...
- die KUDV < Komitee van Universiteitsdosenteverenigings
- die KUH < Komitee van Universiteitshoofde
- die NGKA < NG Kerk in Afrika
- die NGSK < NG Sendingkerk
- die NVVR < Nasionale Verkeersveiligheidsraad
- die SAKP ...
- die SAL < Suid-Afrikaanse Lugdiens
- die SAPT < Suid-Afrikaanse Pos- en Telekommunikasiewese
- die SARR < Suid-Afrikaanse Rugbyraad
- die SBOP < Skolebestuursopleidingsprogram
- die SNO < Stigting vir Navorsingsontwikkeling
- die TPA ...
- die VVO ...
- die WBO < Wêreldboksorganisasie
- die WNNR...

2. Assore < Associated Ore and Metal
- BTH < Bophuthatswana Transport Holdings
- Eskom ...
- Fisa ...
- MBSA < Mercedes-Benz van Suid-Afrika
- MRE < Motor Racing Enterprises
- Numsa < National Union of Metal Workers of South Africa
- Pikwik < Pick 'n Pay Holdings
- TAS < Transport Advice Services
- Udusa < Vereniging van Demokratiese
Universiteitspersoneelverenigings

Unisa ...
VWSA < Volkswagen van Suid-Afrika

Uit die ses-en-dertig opgetekende voorbeelde val 'n aantal verskynsels op.

- Die akronieme val in twee hoofgroeperinge uiteen:
 - akronieme wat verbind met die bepaalde lidwoord *die* (groep 1);
 - akronieme wat nie met die bepaalde lidwoord verbind nie (groep 2).
- Letternaam-woorde en letterklank-woorde (vergeelyk Combrink 1990:55-56) kom in altwee groeperinge voor. Vir die doel van hierdie bespreking word reduksiesamestellings (vergeelyk Combrink 1990:74) onder letterklank-woorde geklassifiseer.
- Die akroniem is 'n reduksievorm wat nie noodwendig uit die beginletters van Afrikaanse morfeme bestaan nie (vergeelyk byvoorbeeld *die ACO* < *Automobile Club de l'Ouest*, *Numsa* < *National Union of Metal Workers of South Africa*, *MRE* < *Motor Racing Enterprises*, ens.), terwyl die letternaam-woord of letterklank-woord wel Afrikaanse vorme is.

Wat die verbindbaarheid van die akroniem met die bepaalde lidwoord betref, kan 'n derde hoofgroepering onderskei word, naamlik akronieme wat die fakultatiewe gebruik van die bepaalde lidwoord toelaat. Vergelyk die volgende voorbeelde:

3. Die feit dat hulle nie Saterdag by die stigting gaan wees nie, kan aan *die Sadtu* (South African Democratic Teachers' Union) self gewyt word (*Beeld*, 4 Oktober 1990).
4. Benewens die sterk betrokkenheid van Cosatu, kan Sadtu binnekort 'n vakbond word (*Beeld*, 4 Oktober 1990).
5. (die) SAL, (die) PU vir CHO, (die) RAU, (die) UOVS, (die) UP, (die) UPE, (die) US, ensovoorts.

In die bespreking wat volg, word die semanties-pragmatiese aard van die bepaalde lidwoord op grond van sy verpligte voorkoms, fakultatiewe voorkoms of verpligte weglating in die bogenoemde drie groeperinge ondersoek.

1. Die eienaamstatus van akronieme

1.1. Die akroniem-eienaam as bepaalde referensiële uitdrukking

Die eienaam (naas bepaalde naamwoordstukke en bepaalde voornaamwoorde) is 'n sintaktiese eenheid wat as bepaalde referensiële uitdrukking optree (vergelyk De Stadler 1989:190 en De Klerk 1978:55-56). In die geval van die onderhawige akronieme (letternaam-woorde en letterklank-woorde) het ons met reduksievorme van sekere morfologiese verbindinge te doen wat as (eie)name funksioneer op grond van die feit dat dit slegs een referent het wat in enige konteks dieselfde is - dus: uniek verwys - en die onderliggende beskrywing (morfologiese verbindinge) geld as die bewustelike of onbewustelike betekenis van die akroniem (vergelyk Meiring 1979:149). Meiring (1979:1) wys ook daarop dat elke eienaam sowel 'n verwysing as 'n sekere agtergrondbeskrywing het, en dat die eienaam 'n semantiese funksie het op grond van sy agtergrondbeskrywing. Carroll (1983:342) sluit hierby aan: "Far from being meaningless marks, proper names [...] have rich and diverse sources of meaning."

Alhoewel eienaam by uitstek in 'n verwysende hoedanigheid gebruik word (dit wil sê om 'n bepaalde referent in die buitetalige werklikheid te identifiseer), en die gebruik van die bepaalde lidwoord hoofsaaklik konteks-afhanklik is, kan die betekenis en agtergrondbeskrywing van eienaam-akronieme nie buite rekening gelaat word by die bepaling van die semanties-pragmatiese status van die bepaalde lidwoord in verbinding met akronieme nie.

1.2. Die referensiële basis van die akroniem-eienaam¹

Swiggers (1980:170) benadruk die feit dat al die verskillende weergawes van die teorie van verwysing teruggevoer kan word tot die gemeenskaplike beginsel dat verwysing te doen het met die verband wat daar bestaan tussen realiteit, taal en metataal. Word metataal buite rekening gelaat, kan hierdie verband/relasie gereduseer word tot twee vlakke:


Vlak I (realiteitsvlak): objekte wat nie tekens is nie.

Vlak II (taalvlak): tekens wat na hierdie objekte verwys.

Swiggers (1980:170) postuleer egter ook 'n intermediêre vlak wat nou aansluit by die realiteitsvlak - die sogenaamde naamdraende vlak ("level of name bearing"). Na die naamdraende vlak word binne 'n bepaalde sintaktiese konteks verwys deur die gebruik van drie duidelik gedefinieerde morfologiese klasse (behorende tot vlak II): voornaamwoorde en deiktiese elemente; tussenwerp-

1 In hierdie afdeling word daar sterk gesteun op Swiggers (1980:166-188) se insigte.

VLAK II: TAALVLAK



Figuur 1
 Taalvlak versus realiteitsvlak

sels/uitroepe; eiename. Hierdie elemente (wat 'n bepaalde subklas van vlak II verteenwoordig) word *naamdraende referensiële uitdrukkings* genoem.

In Figuur 1 word die relasie tussen die genoemde twee vlakke oorsigtelik uiteengesit. Volgens Swiggers (1980:176) skyn *naamgewende uitdrukkings (eiename)* referensiële uitdrukkings te wees, aangesien hulle nie as *naamdraende referensiële uitdrukkings* gebruik kan word voordat die handeling van naamgewing nie eers plaasgevind het nie. Die naamgewende uitdrukking bewerkstellig die linguïstiese status van die eienaam wat as naamdraende referensiële uitdrukking gebruik word.

'n Ander tersaaklike begrip wat hier van belang is, is benoeming. *Benoeming* (eiename as referensiële uitdrukkings) vind plaas wanneer konstante en veranderlike elemente gebruik word op grond waarvan daar gepraat kan word oor *wat daar is*, terwyl die *naamdraende referensiële elemente* verwys na *wat daar is, of sê wat daar is* (vergelyk Swiggers 1980:171). Die term *referensiël* word dus gebruik wanneer bedoel word dat taal gebruik word om te praat oor wat daar is.

Die vraag ontstaan of eiename dus referensiële of naamdraende referensiële uitdrukkings is. Hieroor sê Swiggers (1980:173): "Proper names are name-bea-

ring referring elements *only when* they are used in a 'presentification' context, that is, a context in which a name-bearer is presented as a name-bearer (and not a person/thing/entity etc.)" Vergelyk Figuur 1.

Die pragmatiese begrip "presentification" (voorstelling) definieer hy binne 'n sintaktiese raamwerk soos volg: "a name-bearing referring proper name is used in a presentification context when it is preceded by *this is ...*" (vergeelyk Swiggers 1980:173).

Hierin lê die sintaktiese onderskeid tussen referensiële en naamdraende referensiële uitdrukkings dus opgesluit:

6. Dit is *die* JSE_{NRU}²

7. Dit is Eskom_{NRU}.


8. Eskom_{RU} gaan weer die elektrisiteitstarief verhoog.

(dus: benoeming - eienaam as referensiële uitdrukking)

In die geval van die eienaam-akronieme in (6) en (7) sou daar na aanleiding van Swiggers (1980:176) 'n onderliggende naamgewingshandeling veronderstel moet word, wat natuurlik saamhang met die vooronderstelling dat 'n eienaam altyd 'n draer het (vergeelyk Meiring 1979:17):

9. Ek noem jou/dit (die) JSE_{NGU}/Eskom_{NGU}.

Op grond van die voorgaande argumentasie veronderstel die gebruik van 'n eienaam as referensiële uitdrukking dus die volgende referensiële ontwikkelingsgang:



Figuur 2
Referensiële ontwikkelingsgang van die eienaam

Die eienaam as referensiële uitdrukking (benoeming) word dus voorafgegaan deur 'n naamdraende referensiële uitdrukking, voorafgegaan deur die handeling van naamgewing (naamgewende uitdrukking = naamdraende referensiële uit-

2 Afkortings:

NRU = naamdraende referensiële uitdrukking;

RU = referensiële uitdrukking;

NGU = naamgewende uitdrukking.

drukking).

'n Sintaktiese toets om die status van die eienaam as naamdraende referensieële eienaam te bepaal, hang saam met die afwesigheid van die bepaalde lidwoord in die "Dit is ..." -konteks, dit wil sê die presenteringskonteks:

10. * Dit is *die* Eskom/Fisa/Numsa/ens.

Swiggers (1980:174) beweer dat gevalle soos

11. Dit is *die* Ryn.

teenoor

12. * Dit is Ryn.

op histories-linguistiese wyse te verklaar is; dat die genoemde teorie dus nie hiervoor voorsiening maak nie³

Hierdie toets bied ook nie noodwendig 'n oplossing vir bepaalde akroniem-eiename nie – veral nie indien hulle ontwikkelingsgang uit bepaalde naamwoordstukke (vergelyk Figuur 2) in aanmerking geneem word nie. Vergelyk:

13a Dit is *die Suid-Afrikaanse Lugdiens*. (Naamgewing)

13b *Die Suid-Afrikaanse Lugdiens* het... (Benoeming)

13c Dit is *die SAL*. (Naamgewing)

13d *Die SAL* het (Benoeming)

13e Dit is *Ø SAL* (Naamgewing)

13f *Ø SAL* het (Benoeming)

As gevolg van die akroniem-eienaam se besondere sintaktiese status (in verbinding met die bepaalde lidwoord, sonder die bepaalde lidwoord, fakultatiewe gebruik van die bepaalde lidwoord) sal die data aan aspekte van die genoemde teorie getoets word.

2. Die akroniem-eienaam as naamdraende referensieële naamwoordstuk

Hierbo is daarop gewys dat eiename, deiktiese elemente en uitroepes⁴ as naamdraende referensieële uitdrukkings optree op grond van die feit dat hulle na 'n intermedieëre naamdraende werklikheidsvlak verwys. Word die eienaam-akroniem en sy onafgekorte bepaaldenaamwoordstukpendant (antesedent-beskrywing) teen hierdie agtergrond oorweeg, ontstaan daar 'n baie pertinente vraag: Verwys die eienaam-akroniem en sy antesedent-beskrywing na dieselfde naamdraende vlak, dit wil sê, het die eienaam-akroniem en sy antesedent-beskrywing dieselfde eienaamstatus? Vergelyk (13a-f).

3 Vergelyk Odendal (1974:65-72 en 1983:379-389) vir 'n bespreking van hierdie verskynsel in Afrikaans. Vergelyk ook Meiring (1979:68-71).

4 Uitroepes/tussenwerpsels word by hierdie bespreking uitgesluit.

Die status van die bepaalde lidwoord en die en rol wat dit in hierdie verband speel, behoort oorweeg te word.

2.1. Die bepaalde naamwoordstuk as oorsprong van die akroniem-eienaam: die rol van die bepaalde lidwoord

Akronieme word gereduseer uit bepaalde naamwoordstukke. Die bepaalde lidwoord *die* tree meestal as bepaaldheidswoord op op grond waarvan die betrokke naamwoordstuk as individualiserende beskrywing ("definite description") funksioneer - selfs wanneer die onafgekorte morfeme nie-Afrikaanse vorme is.

Volgens Lyons (1980:83), na aanleiding van Hawkins (1978), hou die gebruik van die bepaalde lidwoord verband met drie taalhandelinge:

a. *bekendstelling* van 'n referent - die bestaan van 'n referent word dus gekonstateer (vergelyk ook aansluitend hierby opmerkings (22) en (23) ten opsigte van die dieperliggende naamgewingshandeling by eienaam-akronieme);

b. *lokalisering* van 'n referent - *die* word gebruik om onder andere 'n referent anafories te lokaliseer; sigbaar te lokaliseer; in die onmiddellike situasie te lokaliseer; binne 'n omvangryker situasie te lokaliseer; 'n referent binne 'n gedeelde algemene kennis van die gespreksgenote te lokaliseer; 'n assosiatiewe anaforiese verwysing in te lei; 'n referent te lokaliseer na aanleiding van lokaliserende nabepalings by die naamwoord; gepaard te gaan met die-gedetermineerde momente binne die voorbepaling van die bepaalde naamwoordstuk;

c. *insluiting* (uniekheid) (vergelyk ook Botha & Odendal 1989:135).

Word die onderliggende bepaalde naamwoordstukke (onderliggend ten opsigte van die akroniem-einame) oorweeg, blyk dit dat daar 'n kernnaamwoord (meestal 'n soortnaam) voorkom wat op die een of ander wyse heg verbind met die bepaalde lidwoord. Vergelyk:

- 14. die DOO < *die* DEPARTEMENT van Onderwys en Opleiding
- die IPB < *die* INSTITUUT vir Personeelbestuur
- die KSOK < *die* Kleinsake-OntwikkelingsKORPORASIE
- die NUK < *die* Nasionale Uitvoerende KOMITEE
- die SNO < *die* STIGTING vir Navorsingsontwikkeling⁵

5 Eienaam-verkortings soos *die Departement* kom dikwels in die spreektaal voor - veral wanneer die betrokke konteks die moontlikheid van meerduidige verwysing uitsluit. Vergelyk byvoorbeeld ook *die Raad* < *die Suid-Afrikaanse Rugbyraad*, *die Party* < *die Nasionale Party*, ens. Die referensiële status van hierdie uitdrukkings sal egter nie hier ondersoek word nie.

Vergelyk ook:

15. BTH < *die* Bophuthatswana Transport HOLDINGS
Numsa < *die* National UNION of Metal Workers of South Africa
TAS < *die* Transport Advice SERVICES

teenoor:

16. Assore < ∅ Associated ORE AND METAL
MBSA < ∅ MERCEDES-BENZ van Suid-Afrika
MRE < ∅ Motor Racing ENTERPRISES
Pikwik < ∅ Pick 'n Pay HOLDINGS
VWSA < ∅ VOLKSWAGEN van Suid-Afrika

Die soortnaamwoord as sodanige verwys nie omdat sy spektrum 'n oneindige aantal potensiële referente insluit. Die soortnaamwoord (as kernnaamwoord van 'n naamwoordstuk) kan egter in 'n bepaalde konteks as referensiële uitdrukking gebruik word om te verwys na 'n *bepaalde lid van 'n klas entiteit* (as prototipe van die woord se ekstensie - vergelyk Hurford en Heasley 1983:87). Die voor- en nabepalings van die betrokke naamwoordstuk tree telkens as spesifiserende momente op op grond waarvan 'n betrokke referent nader geïndividualiseer/geïdentifiseer word. Word die bepaalde lidwoord deur die onbepaalde lidwoord vervang, blyk dit dat dit die funksie van die gekursiveerde spesifiseerders in (17) is om die potensiële aantal referente te vereng:

17. 'n DEPARTEMENT van *Onderwys en Opleiding*
'n INSTITUUT vir *Personeelbestuur*
'n *Kleinsake-Ontwikkelings*KORPORASIE
'n *Nasionale Uitvoerende* KOMITEE
'n STIGTING vir *Navorsingsontwikkeling*

Op Afrikaans is die volgende egter nie moontlik nie:

18. * 'n *Bophuthatswana Transport* HOLDINGS
* 'n *National UNION of Metal Workers of South Africa*
* 'n *Transport Advice* SERVICES

In die geval van (18) het die betrokke naamwoordstukke dus slegs die moontlikheid om as individualiserende beskrywings op te tree.

Indien die onbepaalde lidwoord met die bepaalde lidwoord vervang word, word die status van die nie-individualiserende beskrywing (onbepaalde verwysing) verander sodat dit 'n individualiserende beskrywing word. Die gevolg hiervan is dat die betrokke bepaalde naamwoordstuk as referensiële uitdrukking nou op dieselfde referensiële vlak as die eienaam en bepaalde voornaamwoorde funksioneer, sodat "we can identify a referent, not only by naming it, but also by providing the hearer or reader with a description of it, sufficiently detailed, in the particular context of utterance, to distinguish it from all other individuals in the universe of discourse" (Lyons 1977:179). In hierdie opsig speel die bepaalde lidwoord dus 'n primêre rol.

In die geval van (14) en (15) tree die bepaalde lidwoord op in wat Carroll

(1983:360) die naamgeprofiel ("template") noem:


- | | | |
|---------|---------------------------------------|------------------------------------|
| 19. | { die (N ₁) | (V _{sgr}) } |
| (DOO) | < die DEPARTEMENT | van Onderwys en Opleiding |
| (IMN) | < die INSTITUUT | vir Mediese Navorsing |
| (SNO) | < die STIGTING | vir Navorsingsontwikkeling |
| (AIO) | < die AGENTSKAP | vir Internasionale
Ontwikkeling |
| 20. | { die [(X) | (N ₁)]} |
| (KSOK) | < die Kleinsake-Ontwikkelings | KORPORASIE |
| (NUK) | < die Nasionale Uitvoerende | KOMITEE |
| (AA) | < die Automobiel- | ASSOSIASIE |
| (AAB) | < die Anti-Apartheids | BEWEGING |
| (ACVV) | < die Afrikaanse Christelike
Vroue | VERENIGING |
| 21. | { die [(X) (N ₁)] | [V _{sgr}] } |
| (Numsa) | < die National | UNION
of Metal Workers of S.A. |
| (EKA) | < die Ekonomiese | KOMMISSIE vir Afrika |

Dat die betrokke bepaalde naamwoordstukke as naamdraende referensiële uitdrukkings optree (dus na 'n naamdraende vlak verwys), word deur die volgende argumente ondersteun:

- Die geneigdheid tot 'n vaste sintaktiese struktuur (naamgeprofiel) waarbinne "naamgewing" plaasvind, onderskryf 'n soort eienaamgeaardheid by hierdie bepaalde naamwoordstukke. Sintaktiese omstelling (byvoorbeeld *die Korporasie vir Kleinsake-Ontwikkeling* ens.) is ongewoon.
- Chomsky (1975:44) se beskouing, soos verwoord in Carroll (1983:356): "... bringing a referent under some sortal predicate is a necessary precondition for assigning a proper name to a referent" en Carroll (1983:356) se eie uitspraak ten opsigte van naamgewing: "... the definite description (and/or other information content) that fixes reference and the sortal category that is specified by the form of the name are both constitutive of the baptismal ceremony in which the name-referent mapping originates" bied verdere steun vir hierdie beskouing.

Nieteenstaande die feit dat die betrokke bepaalde naamwoordstukke (antesedent-beskrywings) as naamdraende referensiële uitdrukkings optree, vertoon hulle 'n hibriediese (eienaam-)geaardheid, en dit is grootliks toe te skryf aan die voorkoms van die bepaalde lidwoord in verbinding met die besondere

soortnaamwoord in elke betrokke bepaalde naamwoordstuk. Die onderskeid wat Swiggers (1980:170) ten opsigte van die realiteitsvlak en naamdraende vlak maak, moet dus nie as absoluut opgevat word nie, aangesien die bepaalde lidwoord, ten spyte van die eiennaamstatus van die besondere antesedent-beskywing, 'n eiennaamverswakkende invloed uitoefen. Die invloed van die bepaalde lidwoord versterk dus die indruk dat die naamstatus van 'n betrokke referent (soortnaam versus eiennaam) bepaal word op grond van sy posisie op 'n kontinuum wat strek van entiteit tot naamdraer. Die kompleksiteit van hierdie kontinuum blyk verder indien die naamstatus van die akroniem-eiennaam teen die agtergrond van sy referensiële ontwikkelingsgang oorweeg word. Vergelyk Figuur 3.



Figuur 3
Referensiële ontwikkelingsgang van die akroniem-eiennaam.

2.2. Die naamstatus van die akroniem-eiennaam

Uit die voorbeeldkorpus (groepe (1) en (2)) blyk dit dat die verhouding tussen die betrokke akronieme en hulle onafgekorte morfeme op vier verskillende wyses vergestalt word:

- die akroniem - sonder die bepaalde lidwoord - verskyn aanvanklik tussen hakies na die akroniem-antesedent (onafgekorte referensiële NS), waarna die betrokke akroniem verder aan konsekwent gebruik word;
- die akroniem-antesedent word aanvanklik as referensiële NS gebruik, waarna die akroniem(e) daarvan verder aan in die teks respektiewelik gebruik word;
- die akroniem word gebruik sonder dat die akroniem-antesedent as referensiële uitdrukking hoegenaamd in die betrokke teks voorkom (vergeelyk in groepe (1) en (2) die gebruik van stippels (...) na bepaalde akronieme: die ANC, die EEG, ens.);

- die akroniem word by die eerste gebruik opgevolg deur die parentetiese verskyning van die onafgekorte morfeme (minder frekwent).

Die akronieme word dus hoofsaaklik as benoemings (eiename as referensiele uitdrukkings) gebruik, behalwe in die gevalle (baie frekwent) waar die akroniem tussen hakies na die akroniem-antesedent verskyn. In sodanige gevalle het ons met voorstelling ("presentification") te doen. Onderliggend aan die vorm tussen hakies is die voorstelling

22. Dit is NRU.

wat op sy beurt 'n dieperliggende naamgewingshandeling veronderstel:

23. Ek noem jou/dit NGU.

Wat in hierdie voorstelling egter opval, is die feit dat die bepaalde lidwoord nie saam met die akroniem tussen hakies gebruik word nie. Die bepaalde lidwoord word dus nie as deel van die eienaam-akroniem beskou nie⁶ Chomsky (1965:100) se opvatting:

The category [Det -] is simply the category of Common Nouns. The category [-] is the category of Proper Nouns, that is, Nouns with no Determiner (or, as in the case of 'The Hague,' 'The Nile,' with a fixed Determiner that may just as well be taken as part of the Noun itself, rather than as part of a freely and independently selected Determiner system),

bied dus nie 'n oplossing vir die akroniem-eienaam nie, maar plaas die aksent duideliker op die sintaktiese rol en pragmatiese status van die bepaalde lidwoord in konteks - veral as die verpligte voorkoms, verpligte weglating en fakultatiewe voorkoms van die bepaalde lidwoord in oorweging geneem word.

3. Gevolgtrekking: die status van die bepaalde lidwoord

In Botha & Odendal (1989:136) word betoog dat die bepaalde lidwoord, ten spyte van die algemene opvatting dat dit deikties neutraal is, potensieel deikties is, dus inderdaad intrinsiek-deikties is - veral ook wanneer die lidwoord teen die agtergrond van die *lidwoordversterkingsreël* (vergelyk Sommerstein (1972:201) beoordeel word.

Uit die onderhawige ondersoek blyk die teendeel, naamlik *lidwoordverswaking*. Die mate waarin die onderliggende beskrywing (antesedent-beskrywing) se status op die naamdraende vlak verander (vergelyk Figuur 3) van bepaalde naamwoordstuk na eienaam, na akroniem-eienaam, verswak die bepaaldheidsbetekenis van die bepaalde lidwoord, sodat die lidwoord op sodanige bepaald-

6 Vergelyk ook die afwesigheid van die bepaalde lidwoord in woordeboeke en in die *Afrikaanse woordelys en spetreëls* waar soortgelyke akronieme verklaar word.

heidskontinuum uiteindelik slegs grammatikale merker word, òf heeltemal redundant word in die gevalle waar die akroniem-eienaam fonologies as woord gerealiseer word. In hierdie opsig bied die verskynsel ondersteuning vir Langacker (1990:16) se kognitiewe beskouing dat semantiese verskraling onderliggend aan grammatikalisering is: "A frequent component of grammaticization (and semantic change in general) is transfer from a 'concrete' to an abstract domain."

Namate die bepaalde naamwoordstuk dus as akroniem-eienaam geabstraheer word (en die onderliggende bepaalde naamwoordstuk slegs nog as agtergrondbeskrywing die semantiese funksie van die akroniem-eienaam impliseer - vergelyk Meiring (1979:1)), verskraal die bepaalde lidwoord semanties sodat die lidwoord nie noodwendig die betrokke referente meer identifiseer nie, maar daarop dui dat die referente identifiseerbaar is binne die betrokke agtergrondbeskrywende kontekste (vergeelyk De Stadler 1989:341) - òf die lidwoord verdwyn heeltemal indien sy identifiserende funksie redundant word.

Bibliografie

- Beeld*
1990.09.20.
1990.10.04.
- BOTHA WJ & ODENDAL FF
1989. Hierdie die. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde* 7(4): 131-137.
- CARROLL JM
1983. Toward a functional theory of names and naming. *Linguistics* 21: 341-371.
- CHOMSKY N
1965. *Aspects of the theory of syntax*. Massachusetts: MIT Press.
1975. *Reflections on language*. New York: Pantheon.
- COMBRINK JGH
1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- DE KLERK WJ
1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth.
- DE STADLER LG
1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern.
- HAWKINS JA
1978. *Definiteness and indefiniteness*. Londen: Croom Helm.
- HURFORD JR & HEASLEY B
1983. *Semantics: a coursebook*. Cambridge: Cambridge University Press.
- LANGACKER RW
1990. Subjectification. *Cognitive Linguistics* 1(1):5-38.
- LYONS CG
1980. *The meaning of the English definite article*. Van der Auwera 1980:81-95.
- LYONS J
1977. *Semantics I*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MEIRING BA
1979. *Die semantiek van eiename*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- ODENDAL FF
1974. Die bepaalde lidwoord plus riviername in Afrikaans. Odendal, Hauptfleisch & Loubser 1974:65-71.
1983. Pollie ons gaan Paarl toe of: Variasie by die bepaalde lidwoord voor geografiese eiename in Afrikaans. Sinclair 1983: 379-389.
- ODENDAL FF, HAUPTFLEISCH DC & LOUBSER JE (reds)
1974. *Taalkunde - 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- SINCLAIR AJL (red)
1983. *GS Nienaber - 'n huldeblyk*. Belville: UWK.
- SOMMERSTEIN AH
1972. On the so-called definite article in English. *Linguistic inquiry* 3:197-209.
- SWIGGERS P
1980. Linguistic considerations on reference. Van der Auwera 1980:166-188.
- VAN DER AUWERA
1980. *The semantics of determiners*. Londen: Croom Helm.